# Laeveld Lekkerte



Louis Nel

# Laeveld Lekkerte

## Oordenkinge

**Louis Nel**

Voorblad: Foto en Ontwerp: Jaco Sapet-Nel

November 2009


Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

1 Voorwoord
2 Hulle is so Voorspelbaar
3 Stille Nag
4 Gestrand in die Wildernis
5 Ken Jy God?
6 Drakensberge
7 Tan' Sannie se Pas is Oorwin!
8 Vrees
9 Ou Suurgevreet
10 Die Koekkoek en die Kwikkie
11 Nagapies
12 Beloftes van Reën
13 'n Kersie in die Donker
14 Versteurde Vrede
15 Saam met die Suur kom Soet
16 'n Jubeling in die Lug
17 Deel van die Trop
18 Vrede en Vryheid
19 As die Leeu Brul

20 Die Groot Honger
21 Die Boskonsert
22 Pikdonker Duisternis
23 Olifante
24 As die Bome Bot
25 Kiewiet se Vrees
26 Begeertes
27 Op Pad na die Watergat
28 Ons Gaan Wildtuin Toe!
29 Gevaar in die Graspolle
30 As die Las te Swaar Word
31 Oorlewingstryd
32 Die Voël met die Groot Ego
33 Olifante in die Rivier
34 Swaarky Kweek Krag
35 KaggaKamma
36 Sobhengu
37 Die Kat Kom Weer

# 1 Voorwoord

Van kleintyd af het die natuur en die veld ‘n groot rol in my lewe gespeel. Ek het die veld leer liefkry toe ek as seuntjie die wonderlike voorreg gehad het om op ‘n plaas groot te word, en om een te wees met die geure en smake en wondere wat die veld jou bied. Al my vryetyd het ek deurgebring in die klipkoppies wat Oupa se plaas omring het naby Waterval Boven.

Toe ek jare later die geleentheid kry om eiendom te bekom in Marloth Park - ‘n dorp wat grens aan die Kruger Wildtuin, het ek dit

met albei hande aangegryp. Daar kon ek weer die wilde bos en veld ervaar soos in my kleintyd, en die bonus is dat die plek wemel van diere - groot en klein.

Die meeste van die dagstukkies in hierdie boek is gebaseer op my ondervindinge in Marloth Park. Hier ervaar ek die besonderse nabyheid van God baie intens, en put ek eindelose inspirasie vir dagstukkies.

My gebed is dat jy saam met my die natuur sal ervaar deur die boek, en dat die Heilige Gees ook so daardeur met jou sal praat.

Louis Nel

# 2 Hulle is so Voorspelbaar

Hebreërs 4:14-5:10

Diere is in ‘n sekere opsig baie voorspelbaar. As jy deur ‘n wildpark ry, dan sal jy dadelik weet, sonder om eers te kyk, wat die rooibokke doen: hulle loop en gras of blare vreet, en hulle kyk uit vir roofdiere. Leeus lê bedags en slaap, en snags jag hulle. ’n Visarend doen een van drie dinge: hy vlieg baie hoog in die lug, of hy vang vis, of anders sit hy net in ’n boom en mooi lyk. Diere is so voorspelbaar!

Vat nou maar vlakvarke: Hulle grawe vir wortels of knip die kort grassies nog korter, en as daar

dan gladnie meer gras is nie, dan grawe hulle die gras wat nie is nie uit - ek weet - my grasperk by my Boshuisie het totaal verdwyn deur die varke se grawe-tande! En as hulle skrik, dan wapper hulle vlaggies aan ‘n lugdraad, nes die plêstiek lemoene wat jy jare gelede op elke Volksie se lugdraad gekry het. Hulle rol ook graag in die modder, en snags sien jy hulle nooit, ooit, want dan kruip hulle in die een of ander gat weg. Vlakvarke is so voorspelbaar! Of is hulle?

Ek en Mosbolletjie sit rustig en uitspan by ons kampvuurtjie in die bos - dis al pikdonker, en die

leeus is lekker aan die gesels daar onder langs die Krokodilrivier. Ou wolf-met-die-mank-been "Hoeeep-hoeeep" 'n melancholiese klaaglied vir 'n maat wat iewers op soek is na 'n stukkie oorskietvleis. Alles is rustig hier om die vuur - baie rustig, terwyl ons ou tweetjies droomverlore in die dansende vlammetjies staar.

Dan skielik is daar 'n geritsel - 'n takkie wat kraak. Ek wip soos ek skrik, en my hart mis 'n slag of twee, voordat hy wild "kedoef-doef" teen my gorrel. Mosbolletjie se bewende hande gryp-gryp na die flitslig. Grootoog volg ons die

helder ligstraal. Uit die digte bos loer die afskuwelikste nagmerriegevreet, so reg uit ‘n gruwelfliek - twee opkrultande omraam ’n paar bloedbelope oë wat tussen die vuil, rowwe plooie deur vir ons loer. Hy gee ‘n ongeërgde snork en stap verby na waar daar ‘n paar mieliepitte op die grond lê. ‘n Vlakvark! In die nag!? Hierdie vark het beslis ‘n duister kant aan hom waarvan min mense weet - hulle loop mos NOOIT snags rond nie!

Soos hy gekom het, so verdwyn hy weer die nag in.

En ek wonder…. Mens dink jy ken iemand, maar eintlik weet jy niks van hom af nie!

Ja, ek en jy het dikwels ook maar ons donker kant. Versoekings kom oor jou pad, en partymaal val jy pens en pootjies binne in hierdie versoeking. Sondes ry ons bloots, en al probeer jy 'n vroom gesiggie opsit voor die mense, is daar tóg die sondes in jou donker binneste waarvan niemand anders weet nie. Kyk byvoorbeeld maar hoe die "voorbeeldige" beroemde rugbyster, Joost van der Westhuizen sy donker geheim weggesteek het vir die wêreld vir so 'n lang tyd. Maar uiteindelik

moes dit alles uit - soos ’n reuse sweer wat oopgebars het. Die sielkundiges praat van die skadukant van die mens - Freud noem dit die Id - die DIT - die dier (vlakvark?) in ons. Natuurlik wil ons almal seker maar ‘n heel mens wees - ‘n mens verlos van die duistere dinge in jou wat jou dinge laat doen wat onaanvaarbaar is.

Jy kan die probleem op verskillende maniere hanteer: jy kan bloot ontken dat jy ‘n probleem het! Joost het ook hard probeer om dit te doen. As jy erken dat jy ‘n swakheid het, is jou “image” daarmee heen. Vir

Joost sou dit soveel meer seermaak, want hy was ’n rolmodel vir duisende bewonderaars, en om met die waarheid uit te kom sou hulle hom verwerp - sou die mooi beeld wat hy voorgehou het verbrokkel. So sal jy egter nooit geestelik groei nie!

Jy kan jouself natuurlik ook straf op die een of ander manier, maar al wat dit jou gee is ‘n lae selfbeeld.

Jy kan ook probeer om self te betaal vir die gevolge van jou skewe optrede. In die ou tyd het die Hoëpriester dit namens jou gedoen. Hulle was natuurlik ook

gewone mense, en hulle taak was om namens jou by God in te tree. Omdat hy self ‘n mens was - iemand met sy eie swakhede - het hy medelye gehad met die mense vir wie hy moes intree. Hy moes offers bring vir die mense se sondes, maar ook vir sy eie sondes. Hierdie stelsel het baie nadele gehad, want die menslike onvolmaaktheid het pynlik soos ‘n seer duim uitgestaan. Ja, selfs ‘n Hoëpriester het ook maar sy skadukant - die boesemsondes waarvan slegs hy (en God) weet. Dit het duidelik uitgekom in die Hoëpriester wat verantwoordelik was vir Jesus se verhoor!

Jesus het alles egter volmaak kom maak. As Hoëpriester by uitstek is Hy persoonlik deur die Vader benoem. Anders as die aardse hoëpriesters, het Hy nooit enige sonde gehad nie, en dat ons sondes dus deur 'n Sondelose hanteer word. Hy hoef ook nie na die tempel se Allerheiligste te gaan soos die priesters van ouds om vir ons in te tree nie, maar het direkte toegang tot die hemel. Waar die ou orde slegs die Israeliete kon betrek, het almal vandag toegang tot Hom. Hy kan Homself volkome met ons probleme vereenselwig, want Hy was ook eens mens met al die menslike probleme - selfs

versoekings. Jesus is ook nie aangestel uit die tydelike priesterorde van Aäron soos van ouds nie, maar die ewige priesterorde van Melgisedek (Gen. 14:18-20) - ‘n tydlose Goddelike orde.

In die ou tyd het mense betaal vir hulle skuldvergifnis. Jesus het egter gekom en nou sélf die prys ten volle betaal met Sy offer op Golgota. Dit beteken dat jy nou onder ‘n verpligting staan teenoor Jesus, om ‘n lewe van dankbaarheid te lei. Dit beteken nie dat jy nou nog moet betaal nie, maar alleen dat jy jou beste

vir Jesus sal gee uit eie vrye wil, omdat jy daarmee dankie wil sê.

Kom ons bring vandag al ons laste en sondes na Jesus - ook daardie duistere skadusondes waarvan ons nooit vir enigiemand iets van durf sê nie. Hy sal verstaan, en Hy is bereid om dit totaal en al te vergewe en daarvan te vergeet.

Gebed:

Here, U alleen ken my hart - die duister dinge wat ek met my saamdra. Dankie dat ek dit vir U mag bring. Vergewe my asseblief, en was my skoon.

# 3 Stille Nag

## 1 Johannes 1:1 - Hy is die Woord, die Lewe!

Dis stil, dood, dood stil in die bos - dit is nou Marloth Park se Bos, waar ons boshuisie is. Vêr, baie vêr kabbel-dreun die groot krokodilrivier saggies. Die gesellige ou vuurtjie se vlammetjie skilder kunstig allerhande fantasieë: feëtjies wat op 'n stomp dans, 'n erdvark met ’n lang snoet en gloeiende rooi oë, ‘n middeleeuse draak wat vuur spoeg .......

Die nag is donker en skrikwekkend. “Hugge-hugge-hoeeee!” brul-lag 'n seekoei

vulgêr, onbeskof. Die kolganse brabbel onbedaarlik-irriterend in Egipties - hulle skel kwakend op mekaar. Buite die ligkring van die vuurtjie is die stikdonker, onheilspellende nag - iets beweeg in die ondeursigtige, tasbare duister - 'n takkie kraak - dan is dit weer stil - oorverdowend stil! Ek en Mosbolletjie sit elkeen met ons eie gedagtes. ‘n Halwe ongemaklikheid bly aan my binneste knaag. Anderkant die Groot Krokodil se rustelose water brul 'n leeu innig, diep, amper fluisterend, met groot gesag.

'n Sagte, koel luggie stoot op vanuit die rivier. Streelsag ervaar ek daarin die stem van God, en hy fluister gerusstellend vir my: “Moenie bekommer nie - Ek is in beheer!” 'n Groot rustigheid spoel oor my gemoed. God is in beheer!

*Stille nag, bosveld nag;*

*alles rus, God hou wag.*

*Slegs 'n leeu wat in eensaamheid brul.*

*Al die veld is in duister gehul.*

*God se vrede oor alles; Jesus se vrede oor ons.*

Ek maak my dikgeslaapte oë oop, eers die een, dan moeisaam die

ander een. 'n Helderrooi, vurige bal knipoog tussen die wag-’n-bietjie se takke deur vir my. "Die oggendstond het mos goud in die mond, het hy nie?!", wil hy vir my sê. Ek neem kennis, ignoreer hom, draai my om en slaap verder!

Dis al amper agtuur as ek myself met groot moeite uit die bed sleep. Die vuurwarm stort skud my sodat ek besef dat ek hier in ons Boshuisie in Marloth Park is. Skielik is ek opgewonde: Wat gaan hierdie dag my bied? Haastig maak ek klaar, want daar buite wag die opwindende Bos!

Vol afwagting gaan sit ek en Mosbolletjie op die stoep. Niks gebeur nie - nie eers 'n ou voëltjie nie! Ons wag en wag en wag. Aksie! 'n Koedoekoei kom reguit stoep toe aangestap - die bekende ou bedelaar! Sy pluk al die voëls se vrugte en kom staan dan vol verwagting met bedel-ogies reg voor die stoep. Sy tuur diep in ons oë in en probeer ons skuldig laat voel. Op daardie oomblik streep 'n hele trop koedoes uit die bos uit, almal familie van die ou bedel-koei. Daar is grotes en kleintjies en piepkleintjies en tienerbulletjies met halfmashorinkies. En dan die trots van die trop - 'n manjifieke

groot bul met 'n paar horings wat krul tot daar bo, amper in die wolke. Hulle kom tree aan voor die stoep.

"Tja! Die veld is maar leeg!" lees ek in Pa se oë. Mosbolletjie is verplig om 'n halfsakkie appels op die stoep se rand uit te pak. Hulle is baie dankbaar, en vertrek na ander weivelde (daar is nie GROENER weivelde nie - almal is opgedroog!). Ek sit weer appels uit vir die voëls. Nie twee minute later nie is die koedoes terug om weer die bome skoon te maak! Ai!

Soos hulle gekom het, so verdwyn hulle weer in die niet. ‘n Plooigesig vlakvark met knoetse

soos jong boomstompe op sy bakkies en ‘n stel tande wat lyk na ‘n ‘samjoor se snor kom tel die mieliepitte op wat vir die tarentale en patrysies bedoel was. Hy snork en blaas in die stof rond totdat daar nie meer ‘n enkele pitjie te bespeur is nie, voordat hy al snorkende pad vat.

Ek maak ’n tafeltjie staan op die stoep se rand om hom af te skuur en te vernis. Ek werk met my rug na die bos. Mosbolletjie loer by die voordeur uit: "Kyk tog net 'n slaggie agter jou!" Ek kyk, en ek skrik my in ‘n ander geloof in: Mevrou Koedoe staan met haar neus byna teen my agterstewe!

Was dit 'n leeu, was ek nou sékerlik opgevreet! Ek verwyder die afdeling van my anatomie wat in gevaar verkeer sonder seremonie blitsvinnig. Sy buk en tel ‘n appel op wat tussen my voete lê.

Skemeraand bars daar skielik 'n verskriklike, kakofoniese kabaal los, iewers uit die rivier se rigting. Die einde van die wêreld het aangebreek - so klink dit. Bloedstollende gille weergalm tussen die sekelbosse deur. 'n Koor van bobbejaanstemme - almal praat gelyk, en die hele lot klink doodsbenoud. Gille van kleintjies; doodsdreigemente van

Pa; soebatsmeke van iemand anders, en ons wonder...... Leeu? Dalk luiperd?

Ek pak 'n vuurtjie aan, sommer op die blikbraai. Vanaand braai ons op die stoep! Net vir die wis en die onwis sit ek 'n ekstra paar stukke hout op die vuur sodat hy lekker groot brand. Die nag gooi sy grou kombers wyd oor ons tweetjies - dis net die ou vuurtjie se lig wat die donker ‘n bietjie sagter maak. 'n Uil roep-roep in 'n boom digby ons.

Skielik fladder 'n reuse vrugtevlermuis oor ons koppe, dwarsdeur die stoep, sirkel 'n paar keer om die vuur en

verdwyn in die donker. My hart bons van die skrik. 'n Leeu brul baie hard uit die ooste, sy brulle weergalm oor die stil bosveld. Ons ís mos veilig op die stoep, of is ons? Die Here is my Herder, al gaan ek deur 'n dal van doodskaduwee, ek sal nie bang wees nie........ Die leeu se brulle vul die donker nag.

Mosbolletjie skakel die stoeplig aan, en verdryf die ergste duisternis.

Op die kole sis 'n worsie: koedoewors! Dis rustig, baie rustig, buiten nou vir die vrugtevlermuis wat kort-kort sy draai deur die stoep kom maak.

Skielik is daar 'n beweging aan die buiterand van die ligkring. Ek skreef my oë om te kan sien. Ek herken die bleek stokkiesbene van 'n duikertjie. In die takke bokant hom beweeg iets - 'n nagapie! En nog een! Drie nagapies spring heen en weer, op en af in die takke. Duikertjie se maatjie stap ook nader, en nou is die ark behoorlik oop!

Die nagapies ontdek 'n piesang en die duikertjies ontdek die mielies. Die vlermuis hap-hap so na die piesang, maar die nagapies is een te veel vir hom, en hy gee moed op. Hy fladder nog 'n paar keer heen en weer en

verdwyn dan in die nag. Die duikertjies ook. Dis net die nagapies wat soos springmielies in 'n pan rondspring, op en af en heen en weer. Dan ontdek een 'n stukkie brood op die grond. Hy spring af, vat 'n happie en hop terug in die takke in. Naderhand spring sy maatjie af, gryp die hele stuk brood en verdwyn daarmee.

Skielik is dit stil. Almal is weg. Dit is net ek en Mosbolletjie wat oorbly met ons gedagtes. En dan weet ek: Die Skepper van dit alles wat ons beleef het, is hier by ons! Hoe asemrowend is God se skeppingswerke nie! En hierdie dinge gee hy vir my om my

daaraan te herinner dat Hy groot en magtig is en oneindig vol liefde. Van Sy lof sal ek sing met my hele hart. Dit was 'n dag propvol opwinding. Die stilte kom eintlik as 'n heerlike lafenis na 'n besige dag.

Mosbolletjie sug behaaglik: “Stilte, heerlike, rustige stilte!”

*Stille nag, Bosveld nag.*

*Oor die veld, soet en sag,*

*klink die fluist'ring van God se gena'*

*veertjie-lig op die aandwind gedra.*

*God hou immer die wag, God hou immer die wag!*

# 4 Gestrand in die Wildernis

Romeine 8:31-39

Dit was die jaar 1552 - ‘n volle honderd jaar voor Oorl’e Oom Jannie sy historiese voet aan die Kaapse kus geplant het. Twee Portugese skepe, die St. John en die St. Jerome seil uit die verre Ooste, swaar gelaai met speserye en handelsware, op pad huistoe, na Portugal. Die enigste pad is verby Jan van Riebeeck se toekomstige Kaap. Met hulle reis gaan alles voor die wind (lettterlik) totdat die vasteland van Donker Afrika voor hulle opdoem. Wanneer hulle die ooskus van Suid-Afrika tref, kom

daar ‘n verskriklike storm op. Onbeheerd word die twee skepe rondgeslinger, totaal in die mag van die elemente. Vir die St. Jerome raak dit uiteindelik een te veel, en die eens sierlike skip sneuwel aan die kus van Zoeloeland naby die Umhlatuzirivier - waar Richards Baai vandag is. Nie ‘n enkele mens oorleef nie.

Die St. John - die grootste galeiskip van daardie jare in die handelsvloot was ’n bietjie gelukkiger, en sy vorder ’n paar honderd kilometer verder tot aan die Wildekus by Port St. Johns (die plek is terloops vernoem na

hierdie skip). Hierdie ruwe kusstrook met sy wrede rotse en gure winde eis uiteindelik sy tol, en die trotse galleiskip word verpletter teen die rotse. Vyfhonderd baie bedremmelde mense, waarvan driehonderd slawe was, oorleef wonder bo wonder die verskriklike ramp.

Alhoewel hulle oorleef het, besef hierdie mense baie gou dat hulle in ‘n bitter benarde situasie is. Hulle is in ‘n totale wildernis, met geen beskaafde mense naby in enige rigting nie. Hulle enigste redding sou wees om daarvandaan al langs die kus op te stap in ’n noordelike rigting na

Inhambane - die naaste nedersetting, en die enigste vorm van beskawing aan die ganse kus van Suider Afrika. Die probleem was egter dat dit ’n volle duisend kilometer teen die kus op geleë was.

Dit was ‘n nagmerrietog, veral vir die tweehonderd ryk Westerlinge, wat beslis nie gewoond was aan swaarkry nie. Aan die begin was party van hulle deur hulle slawe gedra! Riviere in vloed, sand, ‘n moordende son, krokodille, leeus, seekoeie, olifante, koue, reën en ‘n gebrek aan kos - hierdie dinge het alles hulle tol ge-eis.

Die inheemse bevolking in Mosambiek het meestal ‘n koue skouer gedraai - hulp sou daar nie van hulle af kom nie. By een geleentheid is hulle gekonfronteer deur ‘n impi vyandiggesinde krygers. Die manne het Dona Leonora, die skeepskaptein se edele vrou, raakgesien en ge-eis dat sy haar kaal uittrek. Sy het geweier, maar toe sy gedwing word, het sy haar naakte liggaam in die sand begrawe tot by haar nek, en geweier om weer daar uit te kom. Daar is sy uiteindelik dood. Van die vyfhonderd mense bereik slegs ’n bedremmelde groepie van twee en twintig uiteindelik die hawe van

Inhambane, onder begeleiding van ‘n paar inboorlinge. Die oorlewendes is aan die Portugese handelaars deur hulle begeleiers verkoop vir twee en ‘n kwart pennies elk!

Die vraag ontstaan, waarom hulle nooit plaaslik hulp kon kry nie? Die antwoord was eenvoudig: hierdie Portugese was slawehandelaars, en baie van die plaaslike bevolking se familie is deur hierdie einste mense gevang en as slawe verkoop.

Die wiel het gedraai!

In ‘n skrille teenstelling met hierdie droewige verhaal, hef Paulus ‘n oorwinningslied aan:

“God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?” Soveel anders as die Portugese van die St. John, is ons as gelowiges meer as oorwinnaars saam met Christus. En ons strompel ook nie “Inhambane” binne soos die paar oorlewendes van die ramp nie, maar ons mars op in ‘n jubelende triomftog, soos die Bokke na hulle wêreldbekersege. Vir die Romeine was ‘n triomfoptog natuurlik nie ‘n nuutjie nie, want elke keer as ‘n generaal ‘n groot veldslag gewen het, was dit sy voorreg om so ‘n triomftog deur die strate van Rome te hou, en dit het gepaard gegaan met feeste en spele, en almal was uitbundig.

Vir ons as gelowiges kan elke dag ‘n triomftog wees met al die feesvieringe wat daarmee saamgaan. Onthou: ons is in die stryd gewikkel met die duiwel - die grootste vyand. Maar die “Generaal” wat ons geveg aanvoer is niemand anders nie as Jesus Christus sélf. Die feit is egter dat Hy reeds hierdie geveg gewen het, en dat ons nou veilig is in Sy kragtige beskerming. Christus is die oorwinnaar, en niks en niemand kan keer dat God sy genadewerk in ons lewe voltooi nie.

Hierdie feit beteken dan ook verder dat ons nood God se

aandag sal kry. Die eerste deel het Hy reeds gedoen, deur sy Seun, Jesus vir ons te gee. Hy sal sy genade nooit van ons terug hou nie. Dit beteken natuurlik nie dat ek as gelowige nooit sal swaarkry nie. Maar die troos is dat ek selfs in my swaarkry op Jesus kan staatmaak, want Hy is reg langs my om my deur die swaarkry te help, en vir my by God te pleit wanneer ek struikel. Kyk maar hoe Hy vir Petrus opgehelp het, elke keer as die arme man geval het - selfs toe hy vir Jesus verloën het toe Jesus hom nodig gehad het. Petrus kon in die krag van God opstaan, en hy het oorwin. Ek en jy kan ook!

Beteken dit dat al my swaarkry verby is as ek in Jesus is? Nee, geensins. Maar die feit is egter dat absoluut geen omstandighede ons van Jesus se liefde kan skei nie. In vers 38 en 39 gee Paulus ‘n lysie van die skrikwekkendste dinge wat potensiëel tussen ons en Jesus kan kom - dood en lewe en engele en magte; hoogte en diepte en allerhande kragte. Hierdie dinge plaas ‘n verskriklike beklemming om jou hart. Ons kan hierdie lysie aanvul met die dinge wat vir ons ‘n nagmerrie kan wees, soos rooftogte en kapings, werkloosheid en grondonteienings, brandstofpryse en aardverwarming - hoe

verskriklik hierdie dinge ookal mag voorkom - in Jesus kan ons geborge lewe, want Hy sal ons deur al hierdie verskrikkings van die lewe dra en in Sy sterk arms toevou. Deur Jesus se liefde kan ons elke oomblik van die dag waarlik vrede ervaar wat alle verstand te bowe gaan.

Gebed:

Here Jesus, dankie dat ek in die volle vrede van U genade kan leef, en dat ek elke oomblik kan besef dat ek ook ‘n oorwinnaar in U is.

# 5 Ken Jy God?

## 1 Johannes 2:3-11

My dienspligdae het in relatiewe vrede gebeur - daar was nog nie ‘n grensoorlog nie, en natuurlik was die tweede wêreldoorlog toe al jare verby (ek is darem nie só oud nie!). Diensplig was vir die oorgrote meerderheid troepies ‘n nare ding waarin ons teen ons wil ingedruk is, en wat ons so gou moontlik wou verbykry met die absloute minimum moeite - iets waarin ek nogal baie goed geslaag het. As jy jouself uit die een of ander taak kon uitwurm, dan het jy dit gedoen - met oorgawe! Die moordende

wagstaan dwarsdeur die nag - dikwels in gietende reën in ‘n voertuigpark vol stokou vragmotors en spoke(?!) wat die deure vir jou oopmaak, was ‘n meulsteen om jou nek. Waarvoor (waarteen) moes ons in elkgeval hierdie hoop gemors bewaak? En dan was daar die drilwerk waar die gehate sersant of korporaal ons gedryf het tot ons neerslaan. Die sin daarvan kon ek net nie insien nie! Hoë offisiere - die brigadier of generaal, dié het ons nooit met ‘n oog gesien nie - hulle was te verhewe bo ons. Daar was in elkgeval géén liefde verlore tussen ons nie!

Uiteindelik is die nege maande verby. Maar toe kom die drie-weke-kampe, waar jou kosbare verlof opgeoffer moes word om die een of ander simpel offisier in die stowwerige vlaktes van Potchefstroom te gaan gelukkig hou. Hulle (die offisiere) het vanuit hulle relatiewe luuksheid ons arme troepies in die verdorde aarde in verskree, terwyl ons moes krepeer van die ellende.

Maar een kamp was anders: Dit het begin toe ‘n verskriklike storm ons amper weggespoel het. Bevrees het ek in my tent gelê en wag vir die ergste om te gebeur. En toe hoor ek die stem van ons

kamp bevelvoerder wat in die gietende reën van tent na tent loop om te verneem of ons troepies kop bo water hou. Deur sy opofferende aksie het ons soveel respek gekry vir die man, dat ons vir die res van die kamp ons beste gelewer het om dit suksesvol te maak. Deur die duur van die kamp het ons hom leer ken as iemand wat waarlik vir ons omgee. Vir ons troepies was die kamp 'n plesier, en ons het dit geniet om ons take met oorgawe deur te voer. Vir ons bevelvoerder sou ons enigiets doen!

Vandag is my brandende vraag: Ken jy God? "Wat vir 'n soort van

vraag is dit dan?", sou jy dalk vra, "Natuurlik ken ek Hom!". Wag eers 'n slag voordat jy te vinnig antwoord - dit is nie heeltemal so voor-die-hand-liggend nie. Vir baie gelowiges is God iemand daar bó - baie hoog verhewe bo ons nietige aardse wesens. Dikwels doen gelowiges die absolute minimum om God maar net so op 'n manier gelukkig te hou - gaan kerk toe; lees af en toe in die Bybel; prewel 'n gebed; sing in die kerk om nou nie heeltemal uit pas te wees met die res nie. Sonde is 'n ding wat jy probeer vermy, anders kan jy dalk gestraf word.

My liewe vriend/vriendin, as dit is hoe jy God ken, dan wag daar ‘n groot verrassing op jou! God is in die eerste plek nie soos daardie generaal wat homself verhef bo die armsalige troepies nie, maar Hy bemoei Hom met my en jou persoonlik. Hy gee waarlik om vir ons, en in Jesus Christus en die Heilige Gees, is God by en in ons. Wanneer ons nood beleef is Hy daar om ons hand vas te hou en ons te dra. Wanneer ons vreugde beleef is Hy met ons om dit te deel. Die vraag is hoe ek en jy reageer op God se persoonlike handelinge en aandag met ons. Doen ons slegs die minimum om die straf vry te spring?

As ons waarlik vir God ken, dan sal ons mos alles in die stryd werp om Hom gelukkig te maak - nie om onsself daardeur te bevoordeel nie, maar omdat ons gesien het dat Hy bereid was om Homself vir ons op te offer. Uit pure dankbaarheid sal dit vir ons net lekker wees om te doen wat Hy vra - soos byvoorbeeld om Sy gebooie te onderhou. Die vraag is: wat is God se gebooie? “Jy mag nie doodslaan nie; jy mag nie steel nie; jy mag nie.....”

Nee! God se gebooie kan in een enkele woordjie opgesom word: LIEFDE. As jy waarlik vir God lief is, dan sal jy beslis niemand

anders dien of aanbid as God alleen nie. Die okkulte dinge soos byvoorbeeld die sterrevoorspellings sal uit jou lewe verdwyn, want dit is soos om ander gode te aanbid. Natúúrlik sal jy dan God se heilige Naam met respek en eerbied gebruik. En as jy daardie selfde liefde toepas op jou medemens sal jy niks doen om enigiemand te benadeel nie (steel, seermaak, skinder, egbreuk ens.), maar jy sal eerder aktief daarna streef om goed te doen aan almal wat oor jou pad kom. Die natuurlike uitvloeisel uit so 'n dankbaarheidslewe is dat daar 'n besonderse liefdesband sal groei

tussen jou en ander gelowiges, want hulle is jou familie - boeties en sussies in Jesus. Ten spyte daarvan dat ons nie almal dieselfde dink oor alles nie, bind daardie familieband ons met ‘n liefde wat alleen in Jesus, ons Verlosser en Saligmaker moontlik is.

Ken jy vir God? Dan kan jy nie anders nie as om Sy gebooie te onderhou!

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike voorreg wat U my gegee het om U te kan ken. Wys my asseblief hoe ek U beter kan dien.

# 6 Drakensberge

## 1 Johannes 2:28-3:10

Ek was jonk en vol lewenslus en die hunkering na avontuur het tintelend gebruis deur my jong are. Toe die voorbokke van die kerk se jongklomp in Durban dus die dag die idee kry om die Drakensberge te gaan uitklim, was ek voor in die koor om saam te gaan. Louis (Snor) Fourie en Arthur (Stinkie) Pringle het al voorheen die Groot Draak aangedurf, en nou moet hulle ons ander voorberei op die vier dae van klim. Daar word gedraf en fiks geraak vir 'n vale, en stapstewels moet ingeloop word sodat daar

nie dalk probleme met die voete kom iewers in die gramadoelas nie. Kos en mediese voorrade word noukeurig uitgewerk en aangekoop. Tente, kampstofies, toue en nood toerusting word oor en oor nagesien. Hoe nader die dag kom, hoe groter raak die opgewondenheid.

Wanneer ons die koue, nat oggend pikdonker uit Durban vertrek, het elkeen van die 21 stappers hulle fiksmaak-program afgehandel. Ek spring op en af van opgewondenheid, maar terselfdertyd knaag die onsekerheid aan my - gaan ek dit ooit maak? Wanneer ons begin

stap, sak daar ‘n ysige misreëntjie oor ons uit. Die eerste paar kilometer gaan dit draf-draf, maar dan begin my bene moeg raak.

Ek verwens myself dat ek nie maar liewer ’n bietjie ekstra oefentyd ingesit het nie, maar nou is dit te laat - vasbyt is nou al genade. Die opdraendes word al hoe steiler en die rugsak met vier dae se voorraad, klere en ‘n tent raak swaarder en swaarder met elke tree. My voete is seer, en die aanhoudende reën maak die wêreld amper onbegaanbaar glad. Die wonderlike uitsig wat Snor en Stinkie ons so plegtig beloof het, gebeur nie, want ‘n

swaar misgordyn hang rondom ons - druk ons as't ware vas op die deurnat bergpaadjie.

Een van die meisies begin kla dat haar voete pla, - sy kan nou nie meer uithou nie. Haar voete is rou deurgeskaaf, en dit is nog maar die eerste dag! Ons safari word oneindig vertraag terwyl haar voete behandel word. Dis frustrerend - ons tyd loop uit, en ons sal dit nooit maak to bo voor vanaand nie! Uiteindelik, na die hoéveelste stop, moet die arme kind noodgedwonge maar omdraai terug kamp toe, en ons kan verder gaan.

Dis son maak al lang skadus - dis nou te sê, as ons die son sou kon sien - wanneer ons die voet van Boesmanspas bereik. Hierdie steil, klipperige bergpas is ons poort na die top van die berg. Die klim is steil en klipperig, maar my gevoel is dat ons darem nou al amper héél bo moet wees, en ek klim met nuwe ywer. Maar dan, vir die eerste keer daardie dag, trek die misgordyn stadig, dramaties voor ons oop. Met gapende mond staar ek na die vertikale kranse wat hemelwaarts vlakvoor my ten hemele styg. My oog volg die ongenaakbare rotsmuur, op en op en op - tot amper in die oneindigheid. My moed sak in my

skoene - moet ons nog tot daar heel bo? Ek sal dit nooit, ooit maak nie!

Die nag oorval ons baie skielik, en ons moet inderhaas kampmaak teen die onherbergsame pas. Daar is nie grond om op te slaap nie - net klippe. Ek ontdek ’n piepklein stukkie grond met ’n groot klip in die middel, en daar slaan ek die eenman tentjie waarin twee van ons die nag moet deurbring op. Ons sal maar die klip omsingel. Dis bitter koud - drie grade onder vriespunt. Boonop is alles nat. My lyf is seer en ek voel mislik. Die

grond is bitter hard - en koud! Ek verlang na my bed....

Dag twee begin met ‘n uitmergelende klouter teen die rotsbesaaide Boesmanspas op. Ek sukkel om asem te kry - suurstof is maar skaars daar bo. Elke tree is ’n pyniging, en elke rots wat jy oor moet klouter voel soos ’n berg. Die swaar rugsak dreig kort-kort om jou terug te suig, af ondertoe, terug met daardie dodelike Boesmanspas. En dan is daar boonop daardie ewige misbank wat alles om jou toemaak! Dan hoor ek die voorste ouens skree: “Ons is bo!” Ek skep nuwe moed - aanhou; vasbyt;

deurdruk. Uiteindelik bo! Vol verwagting wag ons dat die misbank lig.

En dan, soos ‘n reuse teatergordyn word die misbank stadig oopgeskuif. Ek snak na my asem. Reg voor ons is ‘n loodregte afgrond van rooi kranse, ‘n volle kilometer hoog. Ons kyk uit oor die hele Natal - absoluut asemrowend, onbeskryflik mooi. Ek kyk en kyk en kyk, en ek kan nie genoeg kry van al die mooi nie. Dit alles was deur en deur die moeite werd! Wat ‘n wonderlike gesig!

Maar hierdie was maar net die begin. Oor die volgende paar dae

sou ek telkemale verstom staan as daar elke keer net wees ‘n splinternuwe toneel uit ‘n sprokieboekie my ganse wese vul. Soos die oggend vroeg met sonop toe ons afkyk op die wolkemassa daar onder in die laagte, en die son sy kop saggies laat rus op die spierwit donskombers.

En dan was daar die talle kristalhelder kabbelende waterstroompies wat kronkel deur lowergroen grasvelde, besaai met die pragtigste blommetjies. Soggens vroeg het ‘n yslagie die stroompies bedek, en waar jy dan ‘n watervalletjie teëkom, het

yskristalle soos diamante geskitter in die oggendson.

Johannes beskryf daardie eendag waarna ons kan uitsien as gelowiges - die dag wanneer ons “soos Jesus” sal wees. As jong gelowige bruis daar ook ‘n opgewondenheid deur ‘n mens se are, net soos die dag toe ek hoor van die berge. In jou geestesoog lyk die pad besaai met roosblare, en al wat jy sien is die einddoel. Maar dan begin jy die geloofspad loop, en weldra kom jy agter dat dit al hoe moeiliker en moeiliker raak - jy word moeg en dikwels trek daardie misgordyn van onsekerheid om jou toe. Dis

beslis nie maklik nie! Johannes wil ons hier moed inpraat en sê dat ons nie moed moet verloor nie. Ja, ons sal aanslae van die bose en die antichris beleef, maar ons moet deurdruk, want die einde is naby. Ons moet volhard in ons geloofsvertroue op Jesus Christus, en in Hom bly. Alhoewel die pad na bo glad en steil en vol klippe is, moet ons net in Jesus se "voetpaadjie" bly loop.

Ons mag dalk by 'n punt kom waar ons opgewonde dink dat die einde uiteindelik aangebreek het - en dan sien ons die onverbiddelike kranse voor ons. Dan moet ons net weer vasklou

aan Jesus se groot liefde wat Hy aan ons bewys het. Moenie dat die kranse van die lewe jou intimideer en laat omdraai, terug na die sonde toe nie, maar hou al die tyd in gedagte dat jy God se kind geword het uit Sy groot genade en liefde.

Byt vas en oorwin die rotsblokke van die sonde wat jou pad na Bo versper.

Inderdaad hang die misgordyn gedurig om jou, sodat jy nie kan sien waarheen jy waarlik op pad is nie. Ons kan maar net in ons geestesoog die wonderlike beskrywing van die nuwe Jerusalem sien, soos Johannes

dit in Openbaring aan ons beskryf. Ons moet dus in daardie verwagting van die wonderlike, onbeskryflike wat op ons wag, leef en aanhou veg teen die sonde. Ons moet besef dat dit die duiwel is wat die sondeklippe oor ons lewenspad kom strooi het, en juis daarom moet ons die sonde oorwin (hy is immers God én ons vyand).

Dalk is jy nou besig om die Boesmanspas van jou geloofslewe uit te klouter. Dalk voel dit soms of jy nie meer asem het vir die laaste, steil, amper-onklimbare stuk pad nie. Dalk raak jy moedeloos omdat die

misgordyn van onsekerheid jou toevou. Weet dan vandag verseker dat die wonderlikste, onbeskryflike, asemrowende ewige lewe saam met Jesus daar bo op jou wag.

Gebed:

Here, gee my asseblief die moed en deursettingsvermoë om vas te byt en die pad voluit te klim tot eer van U grote Naam.

# 7 Tan' Sannie se Pas is Oorwin!

1 Johannes 3:18-24

Die brandstofpryse wat deur die dak gevlieg het, het my laat besluit dat dit tyd geword het om my groot Kombi te verruil vir 'n ietsie kleiner - 'n ou motortjie wat nie so dorstig is nie. Die kinners is hoeka uit die huis uit, en dis net ekke en my Mosbolletjie - en wat maak ons ou tweetjies nou in elkgeval in so 'n kolossale bus? My oudste het my seker sien tob oor die probleem in my lewe, en op 'n mooi dag gooi hy die vraag: "Wat van 'n vier-by-vier Pa?" En skielik hou ek van die gedagte,

maar soos ek die ding verstaan is daardie monsters nou éérs dorstig as dit by die petrol kom. Maar sekerlik moet daar êrens daar buite ’n ou klein vierbyviertjie wees wat sy neus optrek vir die ou voggies.

Ek ek begin soek - die internetlyne gons behóórlik rooiwarm soos elke moontlike voertuig ondersoek word, van die Hummer tot die Jeep. In die eerste plek is die hele lot vêr bokant my vuurmaakplek wat prys aanbetref, en tweedens suip hulle almal soos visse.

“Wat van ‘n Panda Pa?”, lê my oudste weer sy eiertjie, net toe ek

nou héél tou opgooi met my vrugtelose soekery. "'n Watse ding? Nog nóóit van hom gehoor nie!" En hy begin verduidelik vir my van Fiat wat so 'n piepklein 4x4tjie maak - die Panda. Hy krap op die internet 'n video uit van hierdie karretjie, waar hy saam met een van die grootmenere 'n mynhoop se steiltes en klipperse en goeters aandurf, en ek kan my oë nie glo nie - pure bedrieëry, dink ek so by myselwers. Ek gaan doen my eie bietjie navorsing oor die moutertjie, en sommer ál sy spesifikasies lyk reg. Volgens die boek proe-proe hy net aan petrol met slegs 'n ou vaalverskrik van 'n 1200 enjintjie, maar hy kuier

glo saam met al die héél grotes in die wildste plekke. En die beste van alles is dat hy sakke vol geld goedkoper is as enige van die ander boskarre.

Maar ek is nog nie tevrede nie - sê nou maar net iemand probeer my ‘n rat voor die oë draai. Ek meen, die internet is mos berug vir liegstories - sê nou maar net .... En ek tel die telefoon op en bel ‘n paar respektabele handelaars en ek vra subtiele vrae. “Kyk, as jy plekke wil kom, dan moet ‘n 4x4 darem ‘n behóórlike enjin hê, en boonop ‘n hierrieding en ‘n daarrieding”, verduidelik hulle, en die ou

Pandatjie het nie sulke goeterse nie, werk ek uit. Maar ek is nog steeds nie tevrede nie, en ek reël dat hulle vir my ‘n toetskarretjie bring. Ek is sommer dadelik dolverlief op die ou dingetjie, en hy doen presies wat hy behoort te doen. Boonop het hy al die klokkies en fluitjies, soos elektriese vensters, lugverorging, en die beste van alles ‘n veertjielig kragstuur wat die ou dingetjie op ‘n tiekie kan laat draai.

Die einde van die saak is dat my getroue ou Kombi na jare van uitstekende diens vaarwel toegeroep is en nou kerjakker ek

en Mosbolletjie met die klein Pandatjie rond. Sommer die eerste dag al gaan toets ons hom uit op een van die slegste paaie in die omgewing op die Glendale Hoogte se bergpas. Mosbolletjie knyp oë toe, maar ek kraai van pure lekkerkry. Maar die ongeluk is dat ons net eenvoudig nie die geleentheid kry om verder sy ware staal te toets nie, en ons ry maar meestal net in die dorp rond met hom.

En toe, laasweek, kom my oudste weer met ‘n breë ek-soek-’n-gunsie-glimlag hier by my aan: “Pa, ek en Liefie gaan die naweek weg, en ek het net gewonder -

daardie Pandatjie staan mos nou net daar en aaidel.....”. Nou-ja, wat kon ek sê as iemand so mooi vra? En so gebeur dit toe lat ek ‘n paar dae later  die SMS kry met ‘n foto van hulle tweetjies waar hulle bo-op Sani Pas staan! My eerste gedagte laat ’n koue rilling langs my ruggraat afhardloop: Hulle kon net op één manier daar kom, en dit is met mý Panda!

Later vertel hy my die hele storie oor hoe lekker hulle gekuier het in die berge by Bushman’s Nek, en hoe pragtig die uitsig was, en van die wonderlike swembad en al die ongelooflike dinge wat hulle daar doen om jou te laat tuisvoel.

Intussen brand ek om te vra oor Tan' Sannie se Pas, maar ek vrek voor ek vra. En hy brei uit oor die bittere koue snags, en hoe heerlik hulle by die kaggelvuurtjie gesit en warm bak het, en van die wonderlike gasvryheid van die mense daar.

En dan kan ek dit nie meer hou nie, en ek vra: "Maar wat van Tan' Sannie se pas dan?"

My oudste kry sy sit eers gemaklik, en dan vertel hy: Hy en Liefie kon nie gou genoeg opstaan daardie oggend nie, so opgewonde was hy om daardie gedugte pas te gaan uit-traai. Die eerste stukkie grondpad tot by die

hotel is mooi, maar as daardie stukkie beskawing verby is, dan begin die slegte pad - klippe en rotse besaai ’n vrek-lelike nagmerrie-verskoning vir ’n pad. En toe skielik is hy bitter jammer dat hy nie eers ’n draai gaan loop het by die hotel nie, want sy blaas is besig om te skommel soos ’n halfvol wynsak. En toe kom die doeanepos. Die beampte piepie hulle battery skoon nat: “Net fô-baai-fô’s word op die pas toegelaat!”, En my oudste probeer verduidelik dat híérdie die ware Jakob is, maar hy wil hom nie glo nie. Hy loer by die venster in, en kom tot die slotsom dat die karretjie dalk net miskien

kan pass as ʼn “difflock”, maar ʼn fô-baai-fô - aaikôna! Eers nadat hy die 4x4 tekentjie agter op die bak sien, laat hy hom kopskuddend deur terwyl hy sy hande in onskuld was. ‘n Padwerker keer my Oudste voor met ‘n “Waarheen gaan jy?”. “Op”, beduie hy, en toe bars my Oudste amper uit van die lag as die man wil weet: “Wag jy vir ‘n lift?” Hy het net sy kop meëwarig geskud en die blou karretjie agternagekyk. “Daardie ou dingetjie sal dit nooit as te nimmer maak nie”, kon jy op sy gesig lees.

My Oudste vertel dat die pad nou nie juis vergelyk kan word met die N2 nie - om dit as sleg te beskryf, sal ‘n baie mooi kompliment wees! Vrolik huppel die ou karretjie oor al die obstiekels wat nugter-weet-wie in die pad gegooi het. Al is hy skaars ‘n baksteen hoog, is nie een van die baie slote en dongas te diep vir die blou gevaartetjie nie. En as die opdraendes begin, hop hy hulle fluit-fluit uit. ‘n Entjie verder begin die éíntlike pas, en my oudste se oë rek groot. Sy wederhelf, aan die ander kant, knyp weer haar ogies styf toe om nie die gapende afgronde te sien nie. En die draaie! Skaars is jy om die een

haarnaald, dan tref die volgende jou weer. My Oudste sê dat hy toe só bly is oor die Pandatjie, want sy kragstuur is so sterk dat jy die stuurwiel met jou pinkie kan beheer, en boonop draai hy bitter kort. Om die haarnaalde sing hulle “Waltzing Mathilda”, want dis kompleet of hy wals om al die skerp draaitjies. Om te sê dat die Pandatjie die bergpas se steiltes brullend aangedurf het, sou baie vêr van die waarheid wees, want die ou 1200 enjintjie het skaars ge-aaidel terwyl hy die onmoontlike opdraendes uitklouter oor los klippe - dáár waar net hardekwas-donkies, die gróót menere en die parmantige

vierwielmotorfietse veronderstel is om te loop.

Hulle kry ‘n gaatjie om stil te hou, en dan klim hulle uit. Die uitsig wat hulle begroet is, om die minste te sê, asemrowend op die oortreffende trap. Was dit nie vir die deinserigheid nie, kan jy die see hiervandaan sien. My ouste se knieë voel lam en bewerig - dis nou nie dat hy bang is of iets nie, maar kyk - Tan’ Sannie se Pas is baie beslis nie vir sissies nie! En daardie verskriklike afgronde wat dreig om jou in te sluk - en daar is nie eers reelings om te keer nie! Hulle strompel terug in die Panda in, en met baie meer respek vir

die karretjies as voor hulle begin het, pak hulle die laaste entjie na bo aan.

Op die dak van Afrika kry hulle ‘n groot verrassing: in die middel van nêrens staan ‘n geboutjie bo-op die berg wat jou soebat om in te kom. Dis ysig koud, maar as hulle die geboutjie instap, tref ‘n heerlike, huislike warmte hulle. “The Highest Pub In Africa”, basuin ‘n bordjie dit uit. “Kôffie!”, hyg my oudste, steeds bewend van sy adrenalien-pomp-rit, en voor hy nog sy oë kan knip word ‘n stomende beker Boeretroos in sy hand gestop. Sowat van diens het hulle nog nêrens teëgekom

nie! En die kersie op die koek is die ongelooflike uitsig, en jy wil net kyk en kyk en kyk, want die skoonheid van die Groot Draak en die golwende heuwels van KwaZulu-Natal bring trane in jou oë.

Te gou moet hulle weer oppak en die aftog aanpak - hierdie slag met sakkevol meer selfvertroue, want die Pandatjie kán mos - hy het dit bewys. Hulle tref ’n string hardebaarde in hulle groot 4x4’s aan op die pad. Die voorste kêrel ry amper teen ‘n groot rots vas toe hy die blou gevaartetjie sien, totaal uit sy plek uit. Die ander manne gaap hierdie ou

stadskarretjie wat so dartelend die mees berugte pad in Afrika afhuppel, onbeskaamd oopmond aan: dis tog totaal onmoontlik - dit moet 'n hersinskim wees! Dit wil lyk of een toerleier vir sy passasiers beduie dat dit inderdaad slegs die héél grootste vierbyvierre is wat Sani Pas kan oorwin, maar dat die blou karretjie waarskynlik deur 'n helikopter op die berg neergesit is, en dat hy twyfel of die dingetjie dit ooit tot onder sal maak. Hy skud sy kop droewig, terwyl sy passasiers geskok terugkyk hoe die Pandatjie sy "laaste spronge" gee.

En my oudste - sy glimlag klap handjies agter sy ore! Hierdie Fiat Pandatjie is nie net vir die mooilyk nie, maar hy doen wat hy behóórt te doen, en Tan' Sannie se Verskriklike Pas het dit prakties help bewys!

Ja, ou Johannes skryf dieselfde oor ons geloof. Dis alles goed en wel om mooipraatjies te maak oor liefde, en die uitnemendheid daarvan te besing, en vir mekaar te vertel hoe wonderlik die liefde is. Maar liefde is nes 'n vier-by-vier wat net in die stad sit en mooilyk as dit nie prakties aangewend word nie. 'n Veldvoertuig is gemaak om die

ongetemde aan te durf, en so is die liefde daar om prakties tot uiting te kom in die plekke waar dit saakmaak. Om liefde konkreet uit te leef  doen drie dinge: eerstens vereer ons God daarmee, want dit is een manier om vir Hom dankie te sê vir alles wat Hy vir ons gedoen het. Tweedens maak dit dat jy tot nut is vir jou medemens, en derdens doen dit ook iets vir jou innerlike sélf. Sien, as jy in opregtheid jou liefde uitleef, dan versterk dit jou geloof, want dan sê jou gewete vir jou dat jy waarlik aan God behoort, en dat dit nie maar net 'n teoretiese "miskien" is nie.

Hoe leef ons liefde prakties uit? Wel, elke mens het ander talente en sterk punte, en gewoonlik is dit juis daardie talente wat God wil hê dat jy moet gebruik om jou liefde prakties te maak. Vir die een persoon kom dit natúúrlik om iemand te troos wat bedroef is, en om daardie persoon moed in te praat, of dalk maar net ‘n skouer te wees waarop sy kan huil, en ‘n oor om te luister terwyl sy haar hart kan uitpraat. Vir iemand anders weer sal dit wees om haar (of sy) kragte te gebruik om ‘n sopkombuis te bedryf waar wêreldse nood verlig kan word. Dit is juis op hierdie plekke waar die nood op sy hoogste is, waar

mense se harte uiters vrugbaar is vir die evangelie. Een van ons gemeentelede besit ‘n fabriek. Hy het begin om op ‘n gereelde basis al sy werksmense bymekaar te bring en die evangelie op die een of ander wyse aan hulle oor te dra. Alhoewel hy nie die Zoeloetaal juis kan praat nie, maak hy gebruik van CD’s, en die resultate is uiters positief. ‘n Ander manier om liefde prakties uit te leef, is om ‘n borrelende blydskap in jou werkplek uit te straal. Nie alleen doen dit wondere aan jou eie gemoed nie, maak dit is wonderlik aansteeklik, sodat almal rondom jou naderhand opgeruimd sal wees

en goed voel oor die lewe, al druk die laste dalk swaar. Vra die Here om jou te wys hoe jy liefde kan uitleef.

Om liefde prakties uit te leef, beteken ook dat ons God se gebooie sal gehoorsaam. Dit help nie dat jy ‘n wonderlike humanis is, en God word op die agtergrond geskuif nie. Onthou net dat ‘n mens nie God se gebooie nakom om vryspraak te verkry nie - dit gebeur slegs deur God se genade. Ons onderhou egter God se gebooie uit liefde teenoor Hom, en uit dankbaarheid vir Sy verlossing. Deur dit te doen, is daar ook ‘n

bonus: dit herinner jou gedurig daaraan dat jy God se kind is, en twyfel vlieg by die venster uit.

Gebed:

Here, wys my asseblief vandag op watter maniere ek U liefde kan uitleef, en versterk my deur U Heilige Gees om dit te kan deurvoer.

# 8 Vrees

1 Johannes 4:13-18 Lees ook Psalm 116

Was jy al ooit rêrag bang in jou lewe? Daagliks lees ‘n mens in die koerante van rooftogte waar rowers ‘n skrikbewind voer en daar hoor jy van die verskriklike angs waarin die slagoffers dikwels verkeer.

In Rapport verskyn daar ‘n storie van ‘n ander soort angs waar ‘n man deur ‘n leeu aangeval is. Die boere het ‘n leeu gejag wat ‘n klomp van hulle beeste gevang het oor ‘n tydperk. Dit het al begin skemer raak toe die leeu skielik op een van die manne afstorm.

Hy kon ‘n skoot skiet, maar dit het nie die leeu gestuit nie, en die dierasie het op hom gespring en hom begin verskeur. Desperaat het hy die leeu se kake van sy kop en nek af probeer wegkeer met sy arms. Sy spoorsnyer het uiteindelik, na ‘n stuk of vyf geweerskote daarin geslaag om die leeu dood te skiet bo-op die erg-gewonde man. Ek dink die pyn en vrees wat die arme kêrel moes deurmaak moes skrikwekkend gewees het.

Die verhaal laat my dink aan my Tant Ann. Sy was maar ‘n wilde entjie mens, en toe die manne eendag besluit om te gaan jag in

die Laeveld, wou sy opsluit saam. Sy was maar ‘n jong meisie, en die wêreld was woes en wild, nie lank na die Boere Oorlog nie. Uiteindelik het sy haar sin gekry, en sy is saam op die ossewa waarmee hulle die jagveld in is. Vanaf Machadodorp was dit dae en dae se ry om in die Laeveld te kom. Opwinding het gebruis in die are van die jong Ann, en uiteindelik het hulle kamp opgeslaan in die wildernis.

Een aand sit hulle langs die kampvuur na ‘n harde dag se jag. Een van die manne tel sy geweer op om dit skoon te maak, gereed vir die volgende dag se jag. Maar

toe doen hy die ding waarteen alle jagters gewaarsku word: hy maak nie seker dat die geweer veilig is nie. Die volgende oomblik gaan daar ‘n skoot af. Die loodkoeël tref ‘n stuk yster, ontplof en skram weg, en Ann word getref in die bobeen deur hierdie stuk warrelende lood.

Skielik is alles in rep en roer. Ann se been bloei verskriklik - die koeël het feitlik al die vleis van haar bobeen weggeblaas, en hier sit hulle dae weg van enige beskawing. Hoe lank dit hulle met die ossewa geneem het om haar tot by die spoorlyn te bring, weet ek nie, maar ek kan my indink

deur watter verskriklike pyn sy moes gaan op die stampende ossewa deur die onherbergsame bosse. Ek kan maar net dink watter vrees haar moes beetgepak het terwyl sy met die verskriklike wond worstel om te bly leef.

Uiteindelik is sy per trein na ‘n hospitaal - ‘n uitmergelende treinrit wat weereens dae geneem het. Die verhaal het egter ‘n ander sy: Ann se versoek aan haar reisgenote was dat hulle vir haar geestelike liedere sou sing. Natuurlik het almal geglo dat sy enige oomblik die emmer sou skop, en deur die trane was dit

bitter om te kan noothou. Maar Ann het saamgesing, en haar liedere was vrolik en opgeruimd, ten spyte van al haar pyn en lyding. Uiteindelik het dit duidelik geword dat dit nie Ann was wat angs beleef het nie, maar haar familie saam met haar. Selfs in haar jeugdige ouderdom was sy nie bang vir die dood nie.

Ja, sy het oorleef om die verhaal persoonlik vir my te kon vertel, en sy het stokoud geword!

Wat maak dat 'n mens in sulke nagmerrie-omstandighede nie bang is nie? Alleen as jy geloofsekerheid het, kan jy deur die skrikwekkendste

omstandighede steeds vreesloos bly. Nee, natúúrlik kan ‘n mens dit nie vermag uit jou eie krag en uit jou eie “vaste geloof” nie. Dit is die Heilige Gees wat in jou is wat jou daardie krag gee om staande te kan bly.

Elke mens is vir iets in die lewe bang. Sommige mense wil doodgaan van vrees vir ‘n spinnekop, al is hy ook hóé onskuldig. Vir ander mense is dit die donker of pyn of hoogtes. Die grootste vrees wat mense egter beleef is vir die dood. Wat wag daar anderkant? Wat gaan gebeur met jou die dag as jy doodgaan? Baie mense wil

gladnie eers daaroor dink nie, want die blote gedagte is te skrikwekkend. En met reg ook so, want in die Bybel word die oordeel van God baie grafies beskryf, as ‘n geween en ‘n gekners van tande. Daar is die verskriklike verterende vuur van die hel, en die pyn wat daarmee saamgaan, en dít terwyl jy nie kan doodgaan nie, maar net aanmekaar die pyn moet verduur - dag na dag - vir ewig.

Nogtans leer Johannes vir ons dat God liefde is, en dat Hy niemand wil straf nie. Daar is egter ‘n voorwaarde, dat jy moet glo in Jesus Christus, die Seun

van God. God se liefde kom tot volle openbaring wanneer jy hierdie vryspraak van Hom beleef in Jesus. Dan, sê Johannes, hoef jy absoluut niks te vrees nie, want die grootste vrees - die oordeelsdag - is uit die weg geruim.

Ek en jy hoef dus nie meer bang te wees vir die oordeel van God nie, omdat die volmaakte liefde die vrees uitdryf. Nee, liefde is nie volmaak op grond van die een of ander prestasie wat ons behaal het nie, maar bloot omdat God dit self deur Sy Gees in ons wakker maak en in stand hou. En dit maak dat ‘n mens soos Tant Ann

vrolik kan sing in die skadu van die dood.

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag nie bang hoef te wees vir die oordeelsdag nie. Dankie dat U my vrygespreek het.

# 9 Ou Suurgevreet

3 Johannes:9-13

Sit ons toe mos ewe salig een oggend en ontspan op ons Boshuisie se stoep. Dit is ‘n heerlike rustige oggend, en alles is mooi en vreedsaam. Dalk moet ek dit vreetsaam noem, want ons het appels aan die bome opgehang, en die houtkappertjies en spreeus en neushoringvoëls val behóórlik weg aan hierdie meëlopertjie. Tussen die bome deur kan ons die rooi skynsel uitmaak van ‘n paar rooibokkies wat rustig staan en wei. ‘n Hemelse, rustige prentjie, en ek sak sommer ‘n bietjie dieper in my

stoel weg om myself gemakliker te maak.

Dan kom daar ‘n ding aangewaggel deur die gras - ek maak die vaal vorm van ‘n vlakvarkbeer uit - maar sommer ‘n ou gróte. Hy is net so wyd as wat



hy hoog is, en behalwe vir al die knoetse en karbonkels op sy suur gevreet, hang die keelvelle so drie lae opmekaar. ‘n Uitgevrete, vet vark, sou ‘n mens hom kan beskryf. Voor die stoep lê ‘n klompie mieliepitte wat ek vir die tarentale uitgegooi het, en meneer waggel reguit daarheen en begin die pitte een vir een uit die stof uit oplek. Een ding wat my opval van hierdie vark, is die onvriendelikheid wat sommer so van sy gevreet afdrup. ‘n Wrede stel slagtande, waarvan een stomp afgebreek is, plaas ‘n skewe raam om sy nors bakkies.

Skielik kyk die ou op en gee ‘n vulgêre snork terwyl sy bloedbelope ogies die veld in staar. Ek volg sy blik, en dan vang ‘n beweging my oog. ‘n Pragtige vlakvarksoggie kom aangedraf, en kort op haar hakke, twee klein varkies. Ek sit regop - hier kom sports! Skielik steek die soggie vas - onseker of sy welkom sal wees by die feesmaal. Ou suurgevreet brom stywesnoet, en hy draai homself so half in haar rigting. Hy prewel iets vir haar, en ek kan duidelik hoor dat dit beslis nie romantiese woordjies is nie. Sy wil nog vriendelik nader kom, maar dan stoomroller die ou op haar af, en

jy sien net kleintjies spaander, stertjies soos lugdrade, kiertsregop in die lug. Hulle hardloop ‘n wye draai, en jy sien net klippies spat. Maar dan kom hulle weer terug. Ou suurgevreet storm weer, en dan laat hy hulle in geen onduidelike terme verstaan dat hierdie sy pitte is, en dat hulle baie beslis nie welkom is nie.

Die arme ou soggie en haar kleintjies kies moedeloos en verworpe die hasepad, en ou suurgevreet plof met ‘n swaar sug in ’n stofwolk behaaglik onder ‘n rosyntjiebos neer.

As Johannes oor Diotrofes skryf, dan sien ek hierdie ou nors vlakvark in my geestesoog. Diotrofes beklee ‘n gesagsposisie in die gemeente - dalk leier ouderling of iets. Maar sy leierskap bring beroerings in die gemeente. Hy laat verstaan almal dat hy die leier is, en dat hy baie gesteld is daarop. Boonop het hy ‘n hekel aan enige besoekende leraar - hierdie klomp moet hulle neuse uit sy gemeente uithou. Die wonderlike soort gasvryheid waarvan Johannes skryf as hy van Gaius praat, díé is totaal afwesig by Diotrofes. Maar hy gaan ‘n stap verder, en enigeen wat dit durf waag om een van

hierdie besoekers te ontvang, word die kop gewas, en hulle word botweg belet om hulle gasvryheid uit te leef. Nog erger - as iemand teen Diotrofes se bevele in gasvry is, word hy uit die gemeente geban. Maar dis nie al nie: Diotrofes belaster en beswadder ook selfs vir Johannes.

“Sies!”, sou ons kon sê. Maar dit dwing ons om dalk ‘n bietjie hand in eie boesem te steek, en te gaan kyk hoe dit in jou eie gemeente gaan, en dalk selfs hoedanig jou eie lewe is. Dalk gaan dit nie heeltemal so erg as met Diotrofes nie, maar ‘n mens

kan so behep raak met jou eie sieninge van ‘n saak, dat jy skade kan aanrig aan die saak van die koninkryk. Ek staan dikwels self skuldig hieraan. Ek kan so meegevoer raak deur ‘n gedagte waaraan ek werk, dat ek op ander trap om my plan deurgevoer te kry. En as dit die slag gebeur dat iemand anders se plan eerder gevolg word as myne, dan raak ek dikbek en suur oor ek nie my sin gekry het nie.

Dit is nou maar eenmaal so dat leierskap nie beteken dat jy die reëls neerlê en dat almal na jou pype moet dans nie. Goeie leierskap beteken eerder dat jy

mense motiveer en koördineer sodat die dinge wat gedoen moet word op die beste moontlike manier klaarkom.

In ‘n laaste woordjie wil Johannes dit vir Gaius op die hart druk (en ook vir jou en my) dat hy moet wys dat hy aan God behoort. Hoe doen ‘n mens dit? Deur nie die slegte voorbeeld van Diotrofes na te volg nie, want dit weerspieël ‘n totale verkeerde gesindheid. Dit wys dat jy nie ‘n intieme persoonlike verhouding met God het nie. Daardie soort verhouding met die Here borrel uit in goeie dade - dinge soos vriendelikheid, gasvryheid, diensvaardigheid en

‘n blydskap wat almal in jou lewe kan sien. Laat die leuse van jou lewe word: “Leef wat jy Glo”. Dit beteken dat jy jou geloof aktief uitleef op elke terrein van die lewe.

Gebed:

Here, leer my asseblief om U wonderbare liefde aktief uit te leef tot eer van u Naam.

# 10 Die Koekkoek en die Kwikkie

Judas:3,4

Piet-my-vrou, Piet-my-vrou!, weerklink die lied van die skugter somerbesoeker - die lied wat ons herinner dat somer in alle erns aangebreek het. “Piet-my-vrou, Piet-my-vrou!”, roep hy heeldag lank, totdat jy naderhand vir hom wil skree: “Sjarrap nou ‘n bietjie!”, maar hy hou net aan met “Piet-my-vrou, Piet-my-vrou!”.

In ‘n veilige, welige struik in die tuin is ‘n kwikstertjie hard aan die werk. Die pragtige ou delikate voëltjie met sy kenmerkende wipstertjie dra takkies en grassies

aan, en verdwyn kort-kort in die digte lower. Uiteindelik is die konstruksie klaar, en die nessie word snoesig uitgelê met sagte donsies. Vriendelike ou dingetjie, die kwikstertjie - kom loop soms tot amper reg onder jou voete. Lyk of hy alles en almal vertrou.

Maar kwikstertjie se doen en late by die nesbouery word fyn dopgehou uit die digte takke van ‘n olienhoutboom. As Mevrou Kwikkie en haar man in die nessie in verdwyn, raak parmantige Piet My Vrou baie opgewonde. “’n Nes in sig!”, lok hy so ‘n ou mooi jong dingetjie

wat hy daar naby gewaar in die buur-boom.

Intussen gebeur dinge in Kwikkie se nessie, en weldra is hulle die trotse ouers van drie roomwit eiertjies met sulke pragtige sproetjies. Die tweetjies is gedaan van die weke se harde werk, en nou is dit tyd om weer ‘n slaggie behoorlik te gaan uiteet. Piet My Vrou is baie opgewonde. Haastig roep hy die jong doedie wat hy nou al so lank uitgekyk het. “Kom gou!”, por hy haar aan, en hulle verdwyn skelm in die Kwikkies se nes.

As die kwikkies terugkeer, is hulle verbaas om ‘n ekstra eier te sien.

“’n Wonderwerk!”, dink hulle, al is hy half bruinerig en ‘n bietjie groter as die ander, maak dit nie soveel saak nie. Twee weke later maak die eerste ou bondeltjie dons sy luidrugtige verskyning, en Pa en Ma moet net spring om sy honger bekkie vol kos te hou. Maar dan, drie dae later tref die groot ramp hulle, as die eerste drie eiertjies net spoorloos verdwyn. Onder die nessie op die grond lê drie stukkende eiertjies - roomwit met sproetjies. In die nessie sit ’n utgevrete, vet, gulsige kleintjie en grinnik - sy duiwelse werk afgehandel.

Net soos wat die pragtige Piet My Vrou ongemerk die kwikkie se nessie kan binnesluip, so gebeur dit dikwels dat dwaalleraars die kerk ongemerk binnesluip - so waarsku Judas. Die Kwikkies kan duidelik sien dat die nuwe eier anders is, maar hulle doen niks daaraan nie. En as hierdie koekkoekie uigebroei het en die ander eiers uitskop, bly hulle hom steeds voer en grootmaak - so is die geval ook in die kerk.

Ons wil dwaalleraars sien as ‘n paar ou koekoes geleerdes wat daar bo êrens skewe dinge bedink. Dit gebeur egter dikwels reg onder ons neuse, binne in die

gemeente, en ons kom dit nie agter nie. Ons raak so gewoond aan iemand se andersheid, dat ons dit maar gelate aanvaar. In Judas se tyd het sekere van die gemeentelede voorgegee dat hulle gelowig is, maar hulle lewe buite die kerk het totaal die teendeel bewys. Hulle het hulle losbandige lewe en die sonde waarin hulle hulleself verlekker het probeer goedpraat in die kerk met "God is tog genadig en vol liefde - Hy sal my vergewe."

Dit was tweeduisend jaar gelede. Intussen het dinge darem verander - of het dit werklik? Inderdaad is dit vandag steeds 'n

algemene ding: iemand sit ‘n baie vroom gesiggie op in die kerk, en gee voor dat hy ‘n verhouding het met God. Maar as hy daar uitstap, dan kom jy agter dat hy aan niemand anders as net homself dink nie. Die vroom man met die soet glimlaggie in die kerk word die buffel van ‘n baas by sy werk, wat op almal trap, of die luidrugtige kêrel in die kroeg wat homself te buite gaan met drank.

Die eintlike saak wat Judas op die tafel wil lê, is dat ons as gemeente hierdie dinge so gedwee aanvaar! “Aag, hy is ook maar net ‘n sondaar soos ek!”. Die feit is dat hierdie soort

dwaallewe ‘n valse boodskap van die kerk uitdra. Die wêreld sien die kerk as ‘n klomp losbandige mense. Judas maak dit duidelik dat ‘n gemeente bestaan uit mense wat God vir Hom afgesonder het (vers 3). Daar moet ‘n onderskeid wees tussen kerk en wêreld. Gelowiges moet hard veg vir die geloof - nie noodwendig om te bly glo nie, maar eerder sodat die suiwer betekenis van die geloof helder en duidelik kan uitstaan vir die wêreld om te sien. Later in die brief verduidelik hy hoe hierdie stryd aangepak moet word.

Sal dit nou beteken dat ons ‘n heksejag in die kerk moet begin, en elkeen wat lyk of hulle lou is uitsmyt? Nee, ek glo nie dit is Judas se bedoeling nie. Die tyd het egter gekom dat ons moet gaan sit en besin oor die lewe van sommige gemeentelede, en dan daadwerklik iets doen (in liefde!) om die probleme uit te sorteer voordat dit dalk heeltemal te laat is.

# 11 Nagapies

## 1 Tessalonisense

Ek en my Mosbolletjie sit behaaglik en ontspan op ons Boshuisie se stoep. Die nag is pik-pik-donker, en so sit ons en gesels, met net ‘n ou kersie vir troos, en ons luister na die boskonsert - die leeu wat baskitaar speel met sy Oemf-oemf, die olifante wat vrolik die trompette kielie waar hulle in die Krokodilrivier baljaar, die naguiltjies met hulle kristalhelder klein klokkies en fluitjies en die seekoeie met hulle doef-doef basdromme - en dan lag die ou dik klomp so vulgêr uit hulle mae

uit van puur lekkerkry. My flitslig staan hier langs my stoel, en kort-kort klief sy liggie die donkerte, net om baie seker te maak.....

Skielik is daar ‘n helder blink oog hoog bo in ‘n doringboom sowat dertig treë van ons af. My hart klop - dit kan maar net ‘n kameelperd wees wat verbystap. Dan “spring” die oog tot amper onder in die boom. “Ja, hy het sy kop laat sak”, dink ek, nou meer rustig. My flitslig is nie baie sterk nie, en ek kan gladnie die vorm van die dier uitmaak nie. Ek volg met groot belangstelling die oog soos hy op en af en heen en weer

deur die takke van die doringboom vlieg.

“Dis onmoontlik - dit kan nie ’n kameelperd wees nie!”, waag Mosbolletjie dit. Ek stem saam - hierdie springende liggie het my hééltemal dom.

Mosbolletjie staan einde ten laas op en loop haal die miljoen kerskrag kollig in die slaapkamer. In die daglig-helder kol van die lig sit ’n piepklein nagapie. Dit was ons eerste ontmoeting met hierdie skatlike, koddige ou diertjies in die bos. Mettertyd het hy ons egter begin gewoond raak, en al nader en nader gekom. Hy het later sy maatjie saamgebring

om ons te kom vermaak waar ons saans om die braaivleisvuurtjie sit.

Vandag, jare later, kom die nagapies saans tot reg op ons stoep. Die goggas wat deur die stoeplig aangelok word is ‘n groot trekpleister, en as daar dan nou heel toevallig ‘n piesang sou rondlê wat aan niemand spesifiek behoort nie, dan spring hulle op en af van opgewondenheid. Om die waarheid te sê, dring die nagapies nou aan daarop dat jy al vroegaand vir hulle ‘n piesang uitsit, en as hy nie betyds daar is nie, dan sit hulle ‘n keel op. Elke besoeker aan ons boshuisie

babbel opgewonde oor die skatlike ou nagapies wat hulle saans soveel plesier gee. As jy stil genoeg sit, sal hulle kos uit jou hande kom eet.

As ‘n mens eers ‘n gewoonte aangeleer het, raak jy nie maklik daarvan ontslae nie. Ek skud my kop as ek die manne sien wat so dag-na-dag hier by die huis verbydraf. Raak hulle nooit moeg nie? Vir my is dit die grootste straf om te gaan draf, maar vir hulle is dit tweede natuur. Vra egter maar vir enige drawwer, en hy sal jou sê dat dit nie sommer so vanself gekom het nie - dit het maande (dalk jare) van toegewyde

selfdissipline gekos om hierdie gewoonte aan te leer.

Presies so werk dit met jou geloofslewe, veral wanneer dit kom by die praktiese uitleef daarvan. Dit gebeur nie oornag dat jy ‘n toegewyde gelowige word wat getrou is in elke opsig nie. Dit kos gewoonlik baie jare van harde werk en selfdissiplinering.

Die Tessalonisense-briewe is geskryf deur die groot sendeling, Paulus aan ‘n baie jong gemeente. Tessalonika het maar ‘n kort rukkie voordat hierdie brief geskryf is vir die eerste keer die evangelie gehoor, en die

gemeente staan nog letterlik in hulle babaskoene. Vir hulle was dit natuurlik ‘n geweldige groot aanpassing, want nou moet hulle ‘n totale nuwe denkstyl en leefstyl aanleer. Onthou: hierdie mense was heidene wat allerhande afgode aanbid het, en nou skielik is hulle Christene.

Dis nie maklik nie! Daar was nog nie werklik ‘n sisteem in hulle Godsdiens nie, en ek is seker dat hulle dikwels moedeloos geraak het, en dalk gedink het dat hulle dit nooit as te nimmer gaan regkry nie. Paulus trek dus ‘n hasie uit sy hoed, en hy bemoedig hulle deur ‘n groot deel

van sy brief te wy om hulle te laat verstaan hoe goed dit eintlik met hulle as splinternuwe Christene gaan.

Maar Paulus weet maar al te goed dat hulle geloof nie maar net op daardie vlak gelos kan word nie: hulle geloof het aanvulling nodig. Hulle moet leer van die dinge wat saakmaak in die geloof, en natuurlik is daar ook kwelvrae wat hy moet antwoord, soos wat die lot is van mense wat sterf voor Jesus se terugkeer. Boonop het hierdie mense gesukkel om hulle geloof te bely en prakties toe te pas in hulle alledaagse lewe.

Hulle moes herinner word aan die dinge wat Paulus hulle geleer het in die kort tydjie wat hy daar was, en hulle moes weet dat hierdie nuwe leefstyl baie inspanning verg. Jy sal natuurlik onthou dat Paulus net ‘n kort tydjie in Tessalonika kon deurbring, en dat hy sy bediening daar inderhaas moes kortknip en vlug vir sy lewe - dus kon hy nie hierdie dinge vir hulle behoorlik inskerp nie.

Hierdie brief is vandag vir ons uiters relevant - so baie gelowiges sit met presies dieselfde probleme as die Tessalonisense. Ek het talle briewe gekry van mense wat raad

vra - waar hulle net eenvoudig nie die basiese dinge van die geloof kan regkry nie. Dikwels is die eenvoudige dinge soos gebed en geloofsekerheid vir mense ‘n reuse berg om te oor. Die “ou” gelowiges kan maar net glimlag daaroor, want die meeste van ons is ook daar deur. Deur vas te byt en aan te hou het ons, met die krag van die Heilige Gees, hierdie dinge oorwin. Dit het oefening en deursettingsvermoë gekos - en baie harde werk, want ‘n gesonde, gevestigde geloofslewe kom nie maklik nie. Hou moed, en sit skouer aan die wiel.

# 12 Beloftes van Reën

2 Tessalonisense 2:1-12

Die dorre aarde hyg, smagtend na ‘n druppeltjie reën. Genadeloos bak die felle son elke greinjie lewe uit alles waarin daar lewenssap vloei. Rooibokramme - eens trotse sultanne met bekoorlike harems - nou lustelose geraamtes wat doelloos rondstrompel op soek na iets groen wat nie is nie. Waar daar slegs enkele maande gelede nog veldblommetjies vrolik gelag het, is nou net die barre rooi grond - leweloos en uitgebak. As die rooibok sleepvoet voortwaggel,

slaan die stoffies op waar sy moeë pote sleepvoet slof.

‘n Paar vlakvarke ploeg die harde rooi grond om met hulle taai snoete - iewers daar onder moet ‘n wortel of iets wees wat eetbaar is. Klippe word uitgehaak met groot, krom slagtande. Af-en-toe hap hy iets denkbeeldig. Maar die humeure is bitter kort: dit kos net ‘n skewe kyk om ‘n vark woedend na sy maatjie toe te laat gaffel met daardie dodelike wapens. As die maat hom durf wip, breek daar ‘n verwoede geveg los, en in ‘n wolk stof word die swakker een gejaag totdat hy uit die gesigveld verdwyn.

‘n Koedoe kom bedel vir kos. “Daar is niks in die veld om te eet nie”, sê haar droewige oë, “Hoe moet ek oorleef?”. Op die stoep staan ‘n groot pot pap - hieruit het die duikertjie, die bosbokooitjie, die varke en die tarentale al kos gekry. Ek tel die deksel op en sy staan nader. Sy hap-hap al na die pap terwyl dit nog op die lepel is, en skaars land dit op die grond, of dit verdwyn in haar honger keelgat af. Twee jong vlakvarkies skarrel nader vir hulle deel. Een sê ‘n paar lekike woorde vir die koedoe wat so gulsig alles opslurp, en die koedoe vererg haar. Die volgende oomblik weerklink daar ‘n oorverdowende

blaf-brul, en die varkies spring verskrik weg. Mevrou Koedoe gluur die vark woedend aan, maar die klein japsnoet snork-snork soos ‘n klein Foxterrier in haar gesig. Weer brul die koedoe, en draai dan om. Sy sien die houtlepel op die pappot lê en gryp dit behendig met haar tong en begin kou.

Almal is honger!

Die afgelope paar dae was kraaiegaap-warm. Kort-kort bou daar ‘n paar belowende wolkies in die lug op, om maar net weer deur die gloeiende son verdamp te word. Toe dit teen Woensdag dig toetrek, wou ek jubel, maar

helaas: teen die tyd dat die maan opkom, was die hemel alweer sterbelaai - nie ‘n wolkie in sig nie.

Vanoggend het weer begin soos enige ander bosveldoggend: propvol belofte van nog ’n snikhete, kurkdroë dag. Tóg was daar iets anders - iets vol verwagting. Die hitte raak drukkend en ondraaglik. En dan merk ek dit - so ‘n vae donkerheid wat ons bekruip. Ek stap om die huis - ‘n pikswart wolkbank borrel en kook in die suide. ‘n Vae rammeling is musiek vir my ore. Binne-in my jubel dit - moontlik,

net dalk miskien gaan dit vandag reën!

Swart-grys dreun die wolke oor ons heen - rammelend en blitsend. ‘n Belofte van die geopende sluise van die hemel drup-drup in die poeierstof. Terwyl die aarde skud en bewe as magtige elektriese ontladings die lug om die strale laat ontplof, begin die reën saggies neersif. Die heerlike geur van reëndruppels wat die stof benat, vul die lug, en ek trek my longe diep vol om elke greintjie te proe. Salig!

Maar helaas: die storm rammel voort, verby, tot dáár diep in die

Kruger Wildtuin, sonder dat die hemelpoorte vir ons oopgaan. Vir ‘n lang ruk hou die reëndruppeltjies so aan om saggies te val, en dit benat die verstikkende stoflaag sodat die veld heerlik vars ruik.

Daar is ‘n blydskap in die lug, al het dit nie werklik gereën nie. Die voëltjies kwetter vrolik, en dit lyk sommer of daar nuwe lewe - nuwe hoop in die veld is. ‘n Familie kakelaars speel luidrugtig wegkruipertjie in die gate van ‘n hol knoppiesdoring se stam. Dit lag en skerts en koggel en lawaai dat hoor en sien vergaan. Wie

weet, môre, dalk oormôre kom die groot reën.....

Paulus kom nou by die eintlike saak waaroor hy wou skryf: Jesus se wederkoms. By baie gelowiges is daar ‘n groot verwagting oor die terugkeer van Jesus. Soos die dorre aarde smagtend is na reën, so smag die skepping daarna dat Jesus sal kom, want alles begin net te veel raak vir baie gelowiges. Die verskriklike geweld, oorloë, onreg, moord, globale verwarming - alles maak dat ons wil pleit: “Kom Here Jesus, kom gou!” En dan sien ons die tekens van die tye, soos wat dit in Openbaring beskryf is -

soos donderwolke, propvol belofte van reën. Maar hierdie is nog nie die einde nie - dit is net die troos om te sê dat ons moet moedhou, en dat dit baie, baie naby is.

Ons moenie toelaat dat hierdie tekens ons bangmaak of onderkry nie - soos die bokkies huppel en uitgelate rondhardloop wanneer die wolke opkom, so moet die tekens ook ons as gelowiges opgewonde maak en vul met blydskap, want dit is deel van die groot belofte.

# 13 ‘n Kersie in die Donker

## 2 Tessalonisense 1:3-12

Donker is ‘n skrikwekkende ding! Ons boshuisie het ‘n sonkragstelsel - bedags word ‘n stel batterye gelaai deur sonpanele op die dak, om saans vir ons lig en krag te besorg. Ongelukkig het daar skielik iets skeef geloop met sy binnewerke, en nou sit ons sonder krag. Toe die skemering gisteraand oor ons begin daal, begin ek en Mosbolletjie dus die kerse uitpak om die donker te trotseer.

Die son trek sy laaste strale tussen die sekelbosse in, en die nag kom gooi ‘n pikswart kombers

oor die Laeveld. Skielik is dit nag. Pikdonker, steenkoolswart, hartomklemmend nag. Die maan kom eers laatnag op, en daar is nêrens die vaagste sweempie van ‘n ou liggie nie - net die duistere, onheilspellende bos. ‘n Leeu brul. Nog ‘n leeu val in saam met sy maat. En dan val die hele trop in uit volle bors sodat die vensters amper ratel. Die kerslig beur teen die nag se swart, maar dit kom nie verder as die stoep nie.

Iewers in die duistere bosse gil 'n hiëna: "Hoeeep, hoeeeep!" - sy onaardse roepe weerklink tussen die doringtakke deur. "Maak dood

die wewenaar!", koer naguiltjie sy onheilspellende lied.

Ek maak die vuurtjie vanaand ekstra groot, en sy warm flikkerlig bring 'n bietjie gerusstelling in my hart. Die leeus begin weer brul - hierdie slag baie nader, en my hart mis 'n paar slae.

Skaars 'n halwe kilometer van die huis af het die leeus een nag 'n man wreedaardig verskeur en opgevreet. 'n Koue rilling gaan deur my lyf - hoe verskriklik! Ja, hy was 'n onwettige Mosambieker en 'n slinkse man van die nag wat homself met ander se eiendom verryk het - die goed wat hy

daardie nag gesteel het, het naby sy oorblyfsels gelê.

'n Takkie kraak - ek skrik my boeglam, en ek gryp na die flitslig: drie koedoes staan hier vlakby ons. Weereens weergalm die leeus se brulle. En dan is dit stil - onheilspellend stil. En donker!

“Kyk!”, hoor ek Mosbolletjie sug. Deur die vaal boomgeraamtes steek die maan haar rooi kop deur. Met groot afwagting kyk ons hoe sy haar rustig oplig uit die grypende vingers van die doringbome, totdat sy skitterwit in die lug hang, verhewe bo die duistere dinge van die bos. Met

verligting sien ons hoedat die wêreld om ons oopvou in die helder strale van die maan. Die duisternis is oorwin!

Weet jy, in ‘n sekere sin is vervolging en lyding dieselfde as so ‘n skrikwekkende duisternis. Soms voel dit vir ‘n mens soos ‘n pikdonker mag waarteen jy baklei, maar jy kom net nêrens nie, want die oormag is net eenvoudig te groot. Jy probeer jou ou kersie skyn in die donker, maar sy liggie kom nie veel verder as net hier naby jou nie.

As ‘n mens om jou kyk, en die sonde van korrupsie en moord en diefstal en kapings en verkragting

sien, dan voel dit vir jou asof jy teen ‘n verskriklike oormag veg. Wat help dit tog om nog te probeer? Help dit ooit om nog jou kersie te laat skyn? Maak dit ooit ‘n verskil? Wat kan een enkele ou liggie in die oormag duisternis maak?

Ek het al vergeet hoeveel lig ‘n eenvoudige ou kersie kan maak. Op die stoep is daar net twee doodgewone kersies, en al verlig hulle nou nie juis die bos daar buite nie, is hier ‘n helder ligglans op die stoep - oorgenoeg vir ons behoeftes.

Iemand stuur ‘n rukkie gelede vir my ‘n reeks fotos wat uit die ruimte geneem is van die wêreld in die nag. Dit is absoluut ongelooflik om te sien hoedat die groot stede as helder ligkolle uitstaan in die donker. Baie liggies saam maak ‘n reuse verskil! As elke gelowige maar net sy geloofskersie wil laat skyn, sal ‘n helder glans van geloof die wêreld verlig.

Paulus skryf juis aan die gemeente in Tessalonika dat hy baie trots is op hulle omdat hulle só te midde van al die vervolging wat hulle moet verduur, steeds aanhou om hulle geloofslig uit te

straal. Hy dank God omdat hulle volhard en omdat hulle liefde vir mekaar net groter en groter word. As ons soms moedeloos raak oor al die onreg rondom ons, moet ons Paulus se woorde aan die Tessalonisense onthou: “God sal die dinge wat julle deurmaak, gebruik om te bewys dat Hy regverdig oordeel.” (Vers 5). Ja, die wiel draai - dalk stadig, maar draai, draai hy!

Soos wat maanlig die duisternis sagmaak, so sien ons ook hoedat onreg dikwels op die lappe kom, en die misdadigers swaar gestraf word. Natuurlik is dit nie eers naastenby genoeg om alle onreg

uit te wis nie. Maar die helder son van God se oordeelsdag gaan eendag opkom. Dan sal elke skaduweetjie van duisternis uitgewis word. Hoe verskriklik gaan die oordeel nie wees oor diegene wat volhard het in hulle sonde nie - diegene wat botweg geweier het om God se genade-aanbod te aanvaar. Maar hoe heerlik sal dit wees vir elke gelowige - die wonderlike wete dat alle ongeregtigheid finaal en totaal uitgewis is!

Vanoggend sit ek op die stoep en skryf, en ek verwonder my aan al die skoonheid van die bos: ‘n witpens-spreeu met sy spierwit

hemp en glimmende pers tuxedo; die rooikop houtkappertjies met hulle vlammende kleure; troppe tarentale geklee in pynlik-netjiese kolletjies-manelpakke; ’n koddige Charlie Chaplin-geelbek lyster; ‘n skaam duikertjie - ag almal is hier! En die nag is verby! En vir al julle ouens in Australië en Engeland en waar-ookal - my hart bloei vir julle omdat julle nie hierdie mooi saam met ons in die bevoorregte Suid Afrika kan ervaar nie!

Gebed:

Here, dankie dat U die lig in my lewe is. Gee my asseblief krag om my kersie te laat brand!

# 14 Versteurde Vrede

## 2 Tessalonisense 1:1,2

Vrede is ‘n wonderlike ding - net jammer dis so skrikwekkend skaars! Selfs in die natuur is ware vrede ‘n immer-ontwykende versugting. Ek en my Mosbolletjie sit langs die Groot Krokodil en kyk hoe die son groet vir die aand. Die prentjie voor ons is die toonbeeld van rustigheid: die koel watertjie van die magtige rivier wat lui-lui afsuiker na Mosambiek; ‘n reier of twee wat rustig ‘n happie soek voor die nag kom; ‘n troppie rooibokkies wat staan en niksdoen. ‘n Entjie laer af in die rivier is ‘n visarend besig om sy

aandete te nuttig - ‘n blink, supervars tiervis - sushi uit die boonste rakke. Die aandskemer sak oor ons toe, en ons voel tevrede, want alles is volmaak. Of is dit?

Ek wip soos ek skrik as hier ‘n snaakse on-aardse roggel-brul uit die riete opstyg. Ek probeer sien wat dit is, maar helaas: die rietbos is te dig. Weer brul en grom en skreeu die ding, en ons wonder wat dit kan wees. Olifant is dit beslis nie, en ook nie leeu nie. Die brulle raak al hoe meer aggressief, totdat dit klink asof iemand in ‘n hewige geveg betrokke is. Tussen die

ysingwekkende skreeue en brulle deur herken ons die stem van die seekoei. Dit moet twee seekoeibulle wees wat baklei.

Die vrede is versteur!

Wanneer ons pikdonker by die huis aankom, weergalm die brulle steeds deur die bosse. Eers nadat ons vuurtjie gesellig knetter, begin die aggressie bedaar, en ons tweetjies sit rustig (vredevol) op die stoep, doodmoeg van ons dag se bedrywighede. Weldra styg daar ‘n heerlike aroma op van ‘n vleisie wat sis op die kole, en ek en Mosbolletjie raak vreetsaam.

Maar weereens word ons vrede versteur. Mosbolletjie sien uit die hoek van haar oog ‘n beweging reg langs haar stoel. As sy yskoud geskrik omkyk, is sy net betyds om ‘n lang stert by die voordeur in te sien verdwyn. “Kyk gou!”, sis sy vir my. En ek kyk: Uit die donker huis loer twee swart ogies en ‘n klein blink neusie vir my. Dan verdwyn hy die huis in. “Dis ‘n muskeljaatkat!”, hyg Mosbolletjie uitasem van die skrik en verwondering gelyktydig. Eers heelwat later kry ons hom uit die huis uitgelok met ‘n stukkie vleis. Dan verdwyn hy soos hy gekom het - stil en slu (Mosbolletjie sê hy was net skaam - beslis nie slu

nie. Dáároor sal ons maar later vanaand gesels.....)

Vroegoggend is dit weer die varke! Die een ou vlakvark was waarskynlik nog saam met oorl'e Oupa Noag in die ark, en hierdie ou Metusalag dink dat die hele bos aan hom behoort. Die ander varke en die tarentale en muishondjies moet net bontstaan om sy een gaffel-tand wat die eerste wêreldoorlog oorleef het vry te spring. Nors, afskuwelik-lelik en skoorsoekerig, is hy, en van vrede is daar nie 'n sweempie te bespeur nie.

Te midde van hierdie geweld lees ek Paulus se verkwikkende

seënbede aan die begin van die tweede brief wat hy vir die gemeente in Tessalonika skryf: "Mag die onverdiende goedheid en vrede van God ons Vader en van die Here Jesus Christus met julle wees". Is dit nie die mooiste woorde wat jy enigeen kan toewens nie? Dalk moet ons onsself afvra waarom hy vir die Tessalonisense vrede kan toewens? In die vorige versie is die antwoord: Hulle behoort aan God ons Vader en die Here Jesus Christus. Dit is die sleutel tot alle vrede! Daar is slegs een ding in die ganse lewe wat ware vrede kan bring, en dit is kindskap van God. Daarsonder is vrede totaal

onmoontlik! Ja, die duiwel kan wel die valse illusie skep van vrede, maar dit is net ‘n kors - daaronder broei duiwelse on-vrede.

Wat maak Goddelike vrede so uniek? Wêreldse vrede word gehandhaaf deur geweld. Daar moet ‘n streng polisiemag en weermag wees wat vrede afdwing, anders gaan alles handuit ruk. Daar moet streng wette wees wat nagekom moet word, en strafmaatreels as iemand daarvan afwyk. Daarsonder is daar chaos! Wat behels Goddelike vrede? Een woordjie: Liefde! In die eerste

plek is daar God se onpeilbare liefde vir Sy kinders - liefde wat propvol van genade is en wat onvoorwaardelik vergewe. God dwing nie Sy wil af op Sy kinders deur wette en strafmaatreels nie. Sy liefde is egter so groot, dat ons nie anders kan as om ook daardie liefde uit te leef nie.

Die vraag is: wat behels daardie liefde? In 1 Kor. 13 verduidelik Paulus hoe dit lyk: Dit is geduldig, vriendelik, verdraagsaam, onbaatsugtig, vergewensgesind en nog baie ander mooi dinge. As almal daardie eienskappe sou uitleef, dan sou die wêreld ‘n wonderlike, vredevolle plek

gewees het. Die ongelooflike is egter ook waar, dat wanneer ek en jy as gelowiges hierdie liefde uitleef, dan bewerkstellig ons nie alleen vrede tussen ons en diegene met wie ons te doen kry nie, maar dan ontdek ons ook die wonderlike, allesomhelsende vrede wat God ons gee. Soek vrede - God se vrede - met alles wat jy in jou het, en God sal dit tienvoudig vir jou gee - vêr, vêr bo al jou verwagtinge in.

# 15 Saam met die Suur kom Soet

## 2 Tessalonisense

Die droogte hier in die Laeveld is hartverskeurend. Waar ek op my stoep sit en skryf, is die toneel voor my ‘n digte doringveld, deurspek met rooibos, knoppiesdoring, blinkblaar wag-’n-bietjie, rosyntjiebos, sekelbos, maroela en nog baie ander bome. Gewoonlik kan jy nie veel verder as dertig of vertig meter sien nie, want tussen hierdie byna ondeurdringbare bos staan die gras en bossies en veldblommetjies geil. Nou kyk ek egter deur ‘n begraafplaas van

kaal stamme en bome sonder blare, en jy kan elke beweginkie in die veld sien tot daar vêr is die verskiet. Kaal, sonverskroeide grond vervang die eens-wuiwende grasveld.

Nogtans is die veld steeds jubelend. En die voordeel is, dat jy elke siel op twee of vier pote kan sien. As ek my oë so oor die veld laat gaan, dan sien ek amper in elke oop kolletjie ‘n tarentaal. Die veld lewe letterlik van tarentaalkolletjies. Het jy al mooi gekyk na hierdie veervolkies? Hulle lyk vir my nes waardige ou tantes met kuis, lang rokke wat toegeknoop is tot onder die ken.

En hulle dra sulke koddige blou hoedjies en swart sykouse. Hier wei (?) netnou ‘n troppie van die opstêrs anties naby die huis, en ek besluit om vir hulle ‘n handvol mieliepitte te gooi. Hulle loop eers baie skugter ‘n wye draai, maar een van die kolletjieshoenders besluit dat honger swaarder weeg as versigtigheid, en sy hardloop reguit mielies toe. Toe haar maters sien dat hulle dalk gaan uitmis op hierdie feesgeleentheid, storm hulle soos een man (vrou?) op die maaltyd af, natuurlik baie luidrugtig, want hierdie nasie hóú van gesels. Die kakofonie wat losbars rondom die etenstafel, is 'n bostelegraaf, en oral uit die bos

slaan stofstrepies op van nog ongenooide feesgangers. Voordat jy kan sê: "Mieliepit!", wriemel dit van veertig tarentale voor my stoep. Ek kraai van pure lekkerkry.

Ja, ek wil gerieflikheidshalwe nie weet van die swaarkry van die diere nie, en die karkasse wat reeds oral lê nie. Ek wil net die mooi en die lekker raaksien. Ongelukkig moet ‘n mens soms ook die swaarkry sien en waardeer waardeur hulle gaan.

Die slim mense sê dat ‘n predikant een van die mees stresvolle beroepe be-oefen. Maar dit lyk dan so ‘n rustige ou

werkie! Hy werk net Sondae, en die res van die week sit hy basies en niksdoen....... Die feit is egter dat ons dalk nie wil weet wat sy beroep werklik behels nie. As ons byvoorbeeld gaan kyk na ou Paulus se lewe, dan sien ons iemand wie se toewyding aan sy roeping en taak as getuie van Jesus Christus aangrypend en besielend is, al is hy ook dikwels deur mense, veral mede-Christene, diep teleurgestel. Jy sien egter ook dat om die blye boodskap van Christus se verlossing te verkondig en te leef, hoë eise stel aan elkeen wat dit doen. Ek dink elke predikant of pastoor sal hiervan kan getuig,

want Sondag se preek is die “lekker” deel van sy bediening.

Min mense sien raak wat agter die skerms gebeur. Die talle probleme wat hy moet probeer oplos kan aan hom vreet. Donker geheime wat mense dikwels met hom deel, mag hy met niemand anders bespreek nie, en dikwels dra hy swaarder aan daardie mens se laste as wat die gemeentelid self dra. Dit is dikwels ‘n bitter eensame lewe wat hy lei, want hy moet die front opsit van iemand wat stralend gelukkig en sonder sorge is, terwyl hy daardie geheime wat so verskriklik swaar op sy hart lê -

ander mense se geheime - met niemand mag deel nie. Dan is daar dikwels ook die talle beskuldigings wat na sy kant toe geslinger word - dikwels uit onkunde, want mense sien nie wat sy dagtaak behels nie. Maar dan - daardie wonderlike “hoog” wat hy beleef wanneer ‘n verlore siel vir Jesus as Verlosser vind. Dan is al daardie swaarkry vergete!

Inderdaad is dit nie alleen predikante wat met sulke probleme te kampe het nie. Elke Christen wat sy Christenskap uitleef sal met hierdie dinge te doene kry. As ons die boek 2

Korintiërs lees, dan word ons as moderne, voortsnellende mense herinner om meelewend met en sensitief te wees vir mekaar se omstandighede. Iemand anders se nood en behoefte moet nie net teoreties bejeën word nie maar prakties so vêr moontlik opgelos word. Christene se omgee vir mekaar het definitief ook finansiële implikasies. Christene moet elke dag se take en pligte nakom volgens die eise van die evangelie van verlossing.

Gelowiges moet leef wat hulle in Christus geword het en doen wat hulle bely. Dit vra dissipline, toewyding en lojaliteit; nie

onderkruipery, magsmisbruik of om mekaar te beskinder vir eie gewin nie. ’n Evangeliese lewenspraktyk vind sy drakrag in ’n toegewyde geloofsverhouding met die lewende Here. Maar gelukkig is 'n Christen se lewe nie net swaarkry nie, want die mooi wat daarmee saam gaan, en die inspirerende dinge en die wonderlike beloftes wat die Woord ons bied, en die troos van die Heilige Gees en gemeenskap met ons Verlosser, Jesus maak op vir al die swaarkry wat jy ooit mag beleef in die uitleef van jou Christenskap. Saam met die suur kom daar beslis ook die soet, en hoe heerlik is die soet nie!

Ek nooi jou uit om saam met my die moeilike dinge wat Paulus ons kom meedeel in hierdie inspirerende boek, te kom meemaak. Maar daarmee saam kom ook die heerlike geloofswaarhede wat hy vir ons gee. Die mooi dinge is soveel groter as die swaarkry, dat ons totaal van die swaarkry wat die evangelie behels vergeet.

Gebed:

Here, leer my asseblief om met groot deernis en empatie na my mede-gelowige te kyk.

# 16 ‘n Jubeling in die Lug

1 Tessalonisense 5:16-28

Vroegoggend, en ek sit op ons boshuisie (Duiker Doedoe) se stoep, met die vuurrooi son wat met een oog loer tussen die deurmekaar takke van die doringbome deur. Hy mik-mik maar nog so oor die horison, en hy kleur die lug met sagte skakerings van oranje, rooi en geel. ‘n Groenvlekduifie kla steen en been dat die dag alweer so verskriklik warm gaan wees - hy voel dit aan in sy twee vuurhoutjiebeentjies: “Die dag, O, die dag gaan warm wees - ek voel dit aan, my liewe mens....”

Die oggendluggie het ‘n byt in hom, en jy kan amper nie dink dat dit die vorige dag so warm was nie - die Laeveldson het ons gekook, met ‘n hoofletter OO - seker hier in die veertigs gewees. En dis ontsettend droog. Die arme rooibokkies lyk soos geraamtes, smagtend na ‘n bekkie vol groenigheid. Maar daar is niks - net die kaal, dorre, songebakte grond.

Nogtans is daar ‘n jubeling in die lug. ‘n Paar Tiptolle kwetter opgewonde as hulle ‘n appel ontdek wat ek in ‘n boomtak vasgesit het, en ‘n grootoog duikertjie kom skugter nader, op

soek na ‘n paar mieliepitte. Iewers sing ‘n Swartkop Wielewaal sy hart uit, terwyl ‘n Patrysie luidkeels die aanbreek van die nuwe dag verkondig - so asof almal nie al klaar weet dat die nuwe dag daar is nie. Op die oog af is die bos dood en dor, maar die jubelsang weerklink oorweldigend, en weergalm tussen die dorre takke deur - ‘n hoep-hoep, ‘n paar luidrugtige kakelaars, ‘n visvangertjie en ‘n paar uitbundige kolganse wat baljaar langs die Groot Krokodil. ‘n Twintigtal tarentale huppel verby. Hoe kan almal so vrolik wees terwyl dit so swaar gaan? Die son het intussen sy rooi

nagkombersie afgegooi, en hy hang witwarm bo die boomtoppe. “Vandag gaan ek julle skroei!”, sis die son. “Dis lekkeeerrrrrr in die bos!”, kwetter die tarentale opgewonde. ‘n Geelbek neushoring sukkel om aan die gang te kom, soos ‘n dieselenjin op ‘n koue oggend, maar as hy eers gevat het, dan is daar nie keer aan hom nie. Ek hoor selfs ‘n bloukuifloerie wat uitbasuin dat die bos nie so ‘n slegte plek is om te bly nie, ten spyte van al die swaarkry.

Wat maak dat almal so gelukkig en opgewonde en uitbundig is? Kan hulle nie sien dat dit bitter

swaar gaan nie? Kan hulle nie die knellende droogte sien nie? Dalk is die antwoord opgesluit in die liedjie wat ek laasnag gehoor het: “Liewe Heer, bewaar ons tog!”, die smeekroep van ‘n naguil. Toe ek vanoggend opstaan, weerklink sy smeekroep steeds: “Liewe Heer, bewaar ons tog!” Is dit dalk die rede waarom die rooikop houtkappertjies hulle borrelende duet vanoggend kan sing, al is daar nie ‘n enkele vrug vir hulle om te eet in die dorre veld nie?

“Wees altyd vol blydskap”, het Paulus dit vir ons op die hart gedruk.(1 Tess 5:16). As ek en jy maar net so sorgvry en opreg

jubelend-bly soos hierdie veervolkies en ander diere van die veld kan wees. In die vorige dagstukkie het ons dit reeds vir mekaar gesê, maar dit is nodig dat ons dit weer sê, want dit is so ontsettend belangrik. Blydskap sien ons in die natuur, en dit moet ons aanspoor om dit deel van ons lewe te maak.

Die ander baie belangrike ding wat Paulus sê, en wat ons gerus maar kan herhaal, is "Moenie ophou bid nie!" (vers 17). Soos die naguiltjie heelnag deur gebid het, moet ons dit deel van ons lewe maak, om te bid - heeldag deur. Maar dan vra Paulus ook in

vers 25 dat die gemeente vir hom en sy medewerkers moet bid. Ja, selfs die grote Paulus het voorbidding nodig. Hoeveel te meer elke werker in die wingerd van God - elke sendeling en leraar en evangelis. Dit is veral die mense wat bereid is om die Woord uit te dra wat nodig het om gedra te word deur ons gebed, sodat hulle krag sal hê om die wonderlike boodskap te versprei.

Wanneer ons hierdie dinge in ons lewe begin regkry, dan sal ons die wonderlike vrede van God begin ervaar - die vrede waarvan Paulus in sy groeteboodskap in vers 23 praat. Vrede is nie iets

wat deur mense bewerkstellig word nie - kyk nou maar hoe lank almal al probeer vrede maak in Zimbabwe, en steeds is die oplossing nie daar nie. Dit is God alleen wat ware vrede kan bewerk.

Paulus sluit sy brief af met die vertroostende seën: “Mag die liefdevolle goedheid van ons Here Jesus Christus met julle wees.” En dit is dan ook my gebed vir jou, liewe leser, dat jy vandag daardie liefdevolle goedheid van Jesus sal ervaar. Dit gaan egter slegs gebeur as jy self skouer aan die wiel sit en die dag vir jouself positief en jubelend en

dankbaar maak. Die Sleutel hiervoor is Jesus!

Gebed:

Here, ek borrel vanoggend van opgewondenheid oor hierdie wonderlike dag wat vir my voorlê. Dalk gaan dit ondraaglik warm wees, maar die blote wete dat U saam met my is, is vir my genoeg om dankbaar en jubelend te wees.

# 17 Deel van die Trop

## 2 Tessalonisense 2:13-3:5

Gelowiges het mekaar nodig om mekaar te versterk en moed te gee - dit besef ek al te deeglik toe die muishondjies annerdag hulle verskyning maak. Hulle is vir my so ‘n verpersoonliking van gelowiges. Hulle het luidrugtig daar by die huis opgedaag - eers net die paar voorlopers wat kom kyk het wat aangaan. En toe hierdie outjies sien dat daar kos is, word die boodskap wyd en syd verkondig. Soos blits storm die res van die trop uit die bos uit, en dit kekkel en babbel en tjirp - almal deurmekaar. ‘n Ou stuk

brood is baie gewild, en almal is dol daaroor. Elkeen gryp ‘n stukkie en hardloop dan ‘n ent weg om dit in vrede te gaan eet. Maar vrede is daar nie vrek baie van nie, want dit stry oor wie die grootste en sappigste stukkie brood gaan kry.

Die brood is op, en die klomp is steeds honger. Een outjie klouter in die boom voor die stoep, en haal behendig die halwe appel wat vir die voëls bedoel was af. Hierdie kleinood is goud werd, en hy hardloop dat die stofstreep so staan, tot waar niemand hom sal pla nie. Baie gou kom jy agter dat elkeen van hierdie fassinerende

diertjies sy eie persoonlikheid het. Die een soek skoor met almal, terwyl ‘n ander vredeliewend is. Een of twee van hulle is baie braaf, en hulle sal tot op die stoep kom. Ander is weer baie skugter, en by die vaagste ou beweginkie hardloop hulle weg.

Wanneer die kos op is, begin hulle naarstigtelik soek vir goggatjies onder die bome. Haas g’n enkele klippie en stoffie word ongeroer gelaat nie. En dan is hulle moeg. Een outjie gaan lê plat op sy pens, pote uitgestrek na alle kante. Nie lank nie, toe kry hy ‘n maatjie, en uiteindelik lê die hele lot in ‘n bondel en slaap.

Hulle koer-koer bemoedigend in mekaar se ore, en van daardie stryende, skarrelende spul van flussies is daar g'n sprake nie. Dis hoog-vrede!

In 'n sekere sin is ons as gelowiges baie soos hierdie muishondjies. Net soos wat 'n enkele muishondjie nie op sy eie kan bestaan nie, so kan 'n gelowige ook nie op sy eie bestaan nie. Natuurlik word 'n mens se geloof gebou deur jou persoonlike verhouding met God. Maar dit is juis jou interaksie met ander gelowiges wat hierdie geloof lewe gee en wat dit laat groei. Iemand skryf die afgelope

week vir my dat sy jare laas in die kerk was. Sy voel asof sy in ‘n donker gat beland het, en sy is geestelik moeg en tam. Die ergste van alles is dat sy hoop verloor het, en absoluut geen geloofsekerheid het nie. Dit is wat gebeur met ‘n mens as jy nie ander gelowiges om jou het om jou te bemoedig en te versterk nie.

Ek kan maar net getuig van wat dit vir my persoonlik beteken om my gedagtes elke oggend te kan deel met duisende ander gelowiges. Dit voel vir my asof daar ‘n skare van gelowiges rondom my staan en my versterk

en bemoedig. Die briefies - dikwels net ‘n enkele ou lyntjie - wat ek daagliks kry, net om te sê dat die dagstukkie iets vir hulle beteken het, bevestig dit dat ek so wonderlik bevoorreg is om ‘n groot klomp gelowiges te hê wat vir my omgee. En al ken ek slegs enkeles, is die omgee steeds daar.

Paulus skryf dat hy dankbaar is teenoor die Here vir die gelowiges in Tessalonika. Vandag moet ek onomwonde dit ook uitbasuin dat ek dankbaar is teenoor die Here vir jou, liewe leser. Die Here het jou lief! Maar dit is baie belangrik om te weet

dat jy nodig is, en deel van God se koninkryk. In ‘n koninkryk het elkeen ‘n taak om te verrig - party groot take en ander kleintjies. Elkeen se taak is egter belangrik, hoe gering ookal. Nie alleen tree jy op in belang van die koninkryk nie, maar jy word self versterk daardeur. As ek weereens myself kan gebruik as voorbeeld: vandat ek begin het (met baie wankelende treetjies!) om dagstukkies te skryf, het daar ‘n geestelike ontploffing in my lewe gekom. Deur met ander mense te deel wat ek geestelik beleef, groei ek sélf ook geestelik.

Dit beteken nie dat elkeen moet skryf of preek nie - deur te doen wat die Here jou vra om te doen, word jy deel van daardie Koninklike weermag. Deur liefde en vriendelikheid uit te straal - selfs sonder woorde - volvoer jy alreeds 'n reuse taak, want daardeur weerkaats jy God se liefde. En terselfdertyd doen dit wondere vir jouself, want skielik is jou lewe positief. Deur vir iemand te bid, dra jy nie alleen daardie persoon in gebed nie, maar versterk jy ook jou eie geloof.

'n Envoudige geloofsdaad kan dikwels wondere verrig. Verskeie mense het vir my adresse gestuur

van mense wat ook dalk die dagstukkies sal wil ontvang. Ek het etlike briewe gekry van sulke nuwe ontvangers wat skryf: “Ek weet nie wie my adres vir jou gegee het nie, maar ek is daardie persoon ewig dankbaar......” Sommmige van hierdie nuwe intekenaars het gekryf om te vra: “Hoe kan ek ook ‘n Christen word?”, en ek kon die evangelieboodskap met hulle deel. Sonder jou, liewe leser, is my arbeid vrugteloos. Ek is God ewig dankbaar vir jou, want jy is ‘n onmisbare skakel in die geloofsketting.

Gebed:

Here, dankie vir die onbeskryflike voorreg om in diens van U koninkryk te mag staan.

# 18 Vrede en Vryheid

## Romeine 5:1-11

Voor my doem die rotsskild op, rond en sterk en veilig. My hand klou krampagtig om die slap lat - 'n taai blou kleiballetjie aan die punt geplak, gereed vir daai sweepslag wat die missiel soos 'n koeël sal lanseer na 'n sagte teiken wat agter 'n soortgelyke skild skuil.

Ek loer oor die rand van die ronde granietklip - ’n sprokiesmooi skildery ontvou voor my oë. Hier regs voor my borrel 'n fontein yskoue, soet water onder 'n groot rots uit, en vorm die bopunt van 'n helder, waterplantbelynde

stroompie wat kronkel-kronkel afloop deur die plaasdam, tot onder in Schoonspruit wat met sy talle watervalletjies afstort tot onder in die Laeveld. As agtergrond vir hierdie pragtige skildery is die spits berg, Suid Heuwel, en verder na regs die duiselingwekkende kranse wat weerskante van die Elandsvallei optoring. Agter my staan 'n klipkoppie op, besaai met sandsteen rotse gekerf in die vreemdste vorms deur eeue se reën en wind en son. Tussendeur veg stamvrugte en mispels vir ’n vashouplekkie om hulle sappige veldvrugte aan enige verbyganger te bied.

Maar nou sien ek vir eers niks van hierdie mooi natuurskoon raak nie. My volle aandag is by die geveg wat enige oomblik kan uitbreek.

Die spanning laai op. Wie gaan die eerste skoot waag? 'n Bloedstollende gil styg op tussen die rotse. Die kranse en klowe weergalm soos eggo op eggo heen en weer geslinger word deur reuse rotse. Die oorlog het so pas begin. Kleiballe swiep deur die lug om met 'n harde klapgeluid êrens teen 'n klip vas te suig. Tóg, so af en toe, dan tref dit die regte teiken - 'n gil van pyn - ‘n brul van woede. En dan is die

hêrrie behoorlik los van die ontvanger van daardie bloue. Hy is briesend. Sy eer is gekrenk, baie erger as die blou kol waarmee hy Maandag by die skool gaan spog. Alle verdediging word oorboord gegooi, en hy bestook nou links en regs enige ding wat lyk of hy beweeg.

Na ’n ewigheid is al die ammunisie op. 'n Outomatiese vredesverdrag tree in. Die swaar gewondes vergelyk hulle oorlogsletsels met mekaar. “Heng ou Gert, jy het darem ’n mooi bloue!” Gert is trots op sy trofee - die grootste bloukol vir die dag.

Hy tree uit as die held van die veldslag.

Op 'n streep hol die spul seuns nou die halfkilometer af plaasdam toe. Klere word al sommer so in die hardloop afgestroop, want laaste in is natuurlik 'n ou vrou. En wie dink dan nou ook aan 'n swembroek. Dis tog net 'n ding wat jy aantrek as jy gaan vakansie hou by die see.

Eers wanneer dit al amper skemer word, verdwyn die streep trapfietse oor die bult, dorp-toe, na Waterval Boven, daar agter die stoere ou Suid-Heuwel.

Op die damwal staan ek die klompie en agternakyk, alleen,

stokalleen, maar eensaam? Nooit! En ek kry die arme outjies wat nou terugry dorp toe, so jammer dat hulle die vry lewe van die plaas nie kan smaak nie - vry, vry soos die wind.

Vandag, as ek hier voor my rekenaar sit en skryf, dan droom ek weer van al die lekker van kind-wees, sonder al die moderne fieterjasies van ons tyd - TV, rekenaars, videomasjiene, selfone. Met groot lekkerte droom ek van die ou “draadloos” (dis nou ’n radio - vir die oningeligtes) wat met 'n motorbattery gewerk het. Hy is natuurlik net saans sewe-uur aangeskakel vir die

nuus, en dan die groot gebeurtenis van die dag - die Du Plooys van Soetmelksvlei. Hoe het ek nie gehang aan ou dowe oom Bartel se lippe, en gekraai van die lekkerte as hy sy ou skril-stemmetjie-vrou, stilmaak met 'n "Sie jy tog sjarrap Hybie!". Dan word die draadloos natuurlik "doodgemaak", en is dit kooi toe. Stilte en rus sak oor die plaaswerf toe. En vrede - hemelse vrede.

Ware vrede is ‘n baie kosbare ding. Alleen iemand wat deur ‘n oorlog gegaan het, kan werklik wêreldse vrede waardeer. En juis daarom dat ons, wat eens op ‘n tyd in “oorlog” teen GOD was,

waarlik ons hemelse vrede kan waardeer. Hier is dit egter anders as die wêreldse oorlog, want dit is ‘n eensydige vrede wat deur GOD bewerkstellig is uit Sy groot, groot genade. Die wonderlike van hierdie vredesverdrag is dat Hy ons nou volle vrye toegang gee tot al Sy genadegawes. So anders as die wêreld, gooi die Vader die deure vir ons wawyd oop sodat ons volle deel het aan die wonderlike heerlikheid van GOD.

Waar wêreldse vrede gewoonlik gebondenheid beteken, is die heerlike nuus dat GOD se vrede juis vryheid bring. In die eerste

plek word ons vrygespreek van al ons oortredinge, maar boonop word ons ook vrygemaak van ons sondebande wat ons soos slawe met kettings gebind het. Al hierdie dinge is vir ons bewerkstellig deur die versoening van Jesus - Hy het die volle prys betaal vir ons vryheid en vrede.

Gebed:

Here Jesus, ons harte gaan vanoggend op na U, ons Verlosser, en ons loof en dank U vir ons vryheid en vrede waarvoor U so duur betaal het.

# 19 As die Leeu Brul

1 Petrus 5:8-11

Dis winter, en my oë vee oor die geraamtes van doringbome wat waghou oor die maangebaaide bos. Dis oorverdowend stil. Nie ‘n kriek nie, nie ‘n motor wat ry nie, nie ‘n TV wat blêr nie - niks - nie ‘n geluidjie nie. Dan fluister ‘n naguiltjie iewers - te bang om die stilte te verbreek, en dan maar weer die heilige stilte. Ons het donkeraand in die Bos aangeland, vinnig afgepak en op die stoep gaan sit om die stilte in te drink. En so sit ons tweetjies, te bang om iets te sê, ons en verlustig aan die stilte wat so dik

is dat jy dit met ‘n mes kan sny. In die maanverligte landskap voor ons, is daar nie eers die vaagste teken van ‘n roering nie.

En dan skielik, uit die bloute brul hy.

Sy brulle weergalm oor die veld, so hard dat ek die bewerasies in my binneste kan voel. Ons hou asem op en luister in verwondering as die leeu se brul al sagter en sagter word om met ‘n hugge-hugge-hug weg te sterf in die nag. En dan weer die doodse stilte.

Ons wonder hoe naby daardie kêrel is - dit kan nie te vrek vêr wees nie, want dit was darem

bitter hard! En so sit ons in stilte, elkeen met sy eie gedagtes. In my verbeelding sien ek hierdie manjifieke dier - vors en fier, sy amper-swart maanhare wat trots oor sy skouers hang en ‘n digte serp maak wat sy bors toevou tot tussen sy voorbene. Trots-parmantig staan hy in die helder maanskyn en bulder dit uit vir enige ander leeumannetjie wat dit sou waag om sy gebied binne te kom: “Bly hier uit! Vir jou vreet ek lewendig op!”

Minute later weergalm sy brulle weer - dié slag nog harder as die eerste keer, en wanneer hy sy brul afrond teen die einde, dan

hoor ek duidelik hoe sy lippe op mekaar klap. ‘n Rilling gaan deur my liggaam, en ek voel half kriewelrig om nog hier op die oop stoep te sit. Hierdie leeu is ongemaklik naby.

As hy die derde keer dit uitbulder, is daar nóg ‘n leeu ‘n ent rivier op wat sy brulle eggo. Met die volgende sarsie is daar nie minder nie as ‘n halfdosyn stemme wat bykom, en dit klink kompleet asof hulle sê: “Groot Meneer! Jy is ons baas en meester, en ons sal jou eerbiedig!” In stereo hoor ons die brulle kom van alle kante af, en dit laat jou piepklein voel in die

geselskap van die ou grotes. Dit laat jou net opnuut weer besef dat hier in die groot bos, jy maar net ‘n toeskouer is - leeu is hier grootbaas!

Later die aand, as die brulle bedaar, moet ons maar net vir onsself sê dat ons eintlik verniet so skrikkerig is, want daar is mos ‘n wildheining tussen ons en die Kruger Wildtuin, en dat hierdie vuilbaarde tog maar anderkant die draad raas. Maar sê nou maar net hulle het dalk deurgebreek uit die Wildtuin uit en dat hulle iewers in die bosse tussen die huise rondsluip. ‘n Koue rilling gaan langs my ruggraat af - hoe

naby was daardie leeus werklik? Het hulle dalk iewers uit die bos vir ons lê en loer?

Dis twee aande later. Dis volmaan, en skemeraand as ek en Mosbolletjie langs die Krokodilrivier uitspan, hoor ons al die brulle rivieraf na Komatipoort se kant. Half kriewelrig pak ons op en verkas huistoe. Ek slaan ‘n vuurtjie aanmekaar, en dan, terwyl ek nog die stompies opgooi, begin die brulle van daardie Grootmeneer alweer oor die bos weergalm.

Haastig maak ek dat ek op die stoep kom, want ‘n man weet mos nooit..... Die klomp wat ons by die

rivier gehoor het, antwoord met ‘n salvo omgekrapte brulle. Grootmeneer en sy meelopers brul ongedurig, want nou is daar kompetisie - érnstige kompetisie. Baie bekommerd “hugge-hugge-hoeeee” ‘n seekoei iewers tussen die twee troppe leeus. Dinge raak vir hom half ongemaklik.

Dan breek daar ‘n almintige kabaal los by die rivier-af trop. Dit klink of iemand op die tropleier se liddoring getrap het, en nou is die duiwel behóórlik los. Verwoede brulle weergalm deur die droë sekelbosse deur terwyl ‘n klein oorloggie daar iewers woed. Senuweeagtig giggel ‘n hiëna

daar iewers in die bos. Is dit bang-geit, of lag hy hom ‘n papie vir daardie klomp bakleiers? Ek sal nie weet nie. Grootmeneer hier naby ons gee ‘n oorverdowende, baie outoritêre sarsie brulle, en skielik raak dit stil daar op die bakleiers se werf.

Stilte sak toe oor die geraamtes van doringbome, gebaai in die sagte lig van die vol maan. Iewers koer ‘n naguiltjie: “Maak dood die wewenaar.....”

“Wees nugter, wees wakker!”, skryf Petrus in sy eerste brief (1 Pet 5:8). “Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu, op soek na iemand om te

verslind.” ‘n leeu se verwoede gebrul hier naby jou, sal jy mos nie ligtelik opneem nie. Net so durf ons ook nie die duiwel onderskat nie. ‘n Week gelede moet ek met afsku luister hoe die duiwel amok maak met ‘n Hindoe vrou se lewe - met demone wat haar teister. Ja, die duiwel is ‘n werklikheid, en as ons heul met die okkulte (die sterre voorspel ens.), dan trap ons in die brullende duiwel se slagyster.

“Bly standvastig in die geloof en staan hom teeë”, sê Petrus. Ja, Jesus het die duiwel oorwin, en elkeen wat sy vertroue in Jesus stel (in Hom glo), kan aanspraak

maak op die beskerming van Jesus teen die duiwel. Dit is egter wanneer ‘n mens afvallig raak, dat jy binne bereik van die duiwel begin beweeg. En glo my: hy kan gevaarlik wees! Wees dus paraat in die geloof, en werk gedurig daaraan deur te oefen en geloofsfiks te bly.

Gebed:

Dankie Here Jesus, dat U alreeds die oorwinning oor die duiwel behaal het, en dat hy nou slegs soos ‘n brullende leeu aan ‘n ketting is.  Versterk asseblief my geloof sodanig dat ek vêr uit sy kloue wegbly.

# 20 Die Groot Honger

1 Petrus 2:1-3

Hoeveel kolletjies het ‘n tarentaal? Al ooit gewonder? Hierdie vraag het ‘n obsessie by my geword, en elke keer as ek een van hierdie fassinerende kolletjieshoenders gade slaan, dan begin die vraag al by my spook.

Saterdagoggend in die Bos, en so sit ek doodverveeld op die stoep en wonder wat ek met myself kan aanvang. Uit die kurkdroë veld kom ’n verdwaalde tarentaal aangedrentel, so half in my rigting. “Sal ek nou nie maar die arme voël se dag vir hom maak

nie?", wonder ek by myselwers, en ek gooi 'n paar mieliepitte voor die stoep. Dis asof 'n weerligstraal die tarentaal tref - skielik kry sy lamlendige beendere splinternuwe lewe, en hy versnel soos 'n Boeing op 'n vliegveld met die opstygslag. Dis asof sy pote net hier en daar grond raak soos hy aangehol kom.

Ek wil my nog verwonder oor die skielike lewe in die dooilike voël, toe merk ek beweging uit die bos van alkante af - dis net tarentale waar jy kyk, en almal kom na my stoep toe aangehardloop. Kompleet soos 'n skool Piranhas

wat op ‘n karkas toesak, so val die kolletjieshoenders tussen die mieliepitte in. Die groot pitte raak nie eers kant nie - hulle is sommer reguit pens toe, waar hulle “ghoemp” inval. Binne sekondes is daar ‘n honderd of meer tarentale. Ek gooi ‘n handvol pitte, en dan swerm die hele lot daarheen, en dan gooi ek weer ‘n handvol na die ander kant toe, en soos blits maak die hele swerm ‘n omkeer dat grond en klippe deur die lug vlieg, en in ‘n enkele stofwolk-beweging verdwyn al die pitte gelyk.

Skielik kom hier so ‘n vaal streep stof uit die veld aan - ‘n lugdraad

met ‘n klein klossie aan die stertkant wat sing in die wind. Uit ‘n ander rigting kom nog een, ook met net so ‘n klossieoppiepunt-lugdraad op. Hoe die vlakvarke uitgevind het dat daar gratis kos uitgedeel word weet nugter alleen. Hulle vlieg onder die tarentale in dat jy net sien vere spat. Die voëls sit ’n keel op dat jy hulle wie weet waar kan hoor. Nou peul die varke van alkante af uit die bosse, totdat daar ‘n dosyn van die knoetsgevreet gediertes met die tarentale meeding om mieliepitte. Dit baklei en druk in en wurm tussen mekaar se bene deur. Dit kekkel en kloek en snork en brom en skree - ‘n malle,

kakofoniese, vrekvanniehonger deurmekaarspul.

En dit is toe ek hierdie wriemelende massa so oopmond staan en gadeslaan, toe ek skielik ‘n blink gedagte kry. Sien, om te probeer kolletjies tel op ‘n tarentaal, is ‘n totaal onmoontlike saak, want in die eerste plek staan hy nie vir ‘n enkele oomblik stil nie, en tweedens raak jy skoon duiselig as jy hom stip bekyk - sien jy naderhand net kolle! My gedagte is toe mos om ‘n foto van een te neem, en dan kan jy hom mos op jou tyd analiseer. Nou ja, om tussen hierdie dolle spul een uit te

sonder om ‘n foto te neem, is ‘n gans ander taak, wat ek nie graag vir iemand toewens nie. Ek knyp my oë toe en druk die knoppie, en wonder bo wonder is dit nie ‘n vark se agterstewe nie, maar ‘n tarentaal wat in my foto pryk.

En so bestudeer ek toe nou mos die tarentaal se kiekie. Ek deel die voël se een helfte in agt blokkies, en toe tel ek in so ‘n agste van sy een kant vyftien kolletjies dwars en twintig af - dit gee jou 300 kolletjies. Maal dit nou met agt, en jy kry 2400 kolletjies. As jy die anderkant bytel het jy 4800. Maar toe besef ek dat sy vlerke die helfte van die

lyf toemaak, dus moet jy nog 2400 bytel vir wat jy nie sien nie, en ‘n verdere 2400 vir die agterkant van die vlerke. Nou trek ons by 9600 kolletjies. Maar toe reken ek mos: sy vere lê mos dubbel lae, dus moet jy alles met twee vermenigvuldig. Nou trek ons by 19200. Tel nou daardie een kolletjie wat jy nie in goeie geselskap kan noem nie by, en ek kan dit nou maar vandag katagories stel dat ‘n tarentaal 19201 kolletjies op sy lyf het.

Nou begin ek wonder of ek ooit reg getel het.........

Soos ek hierdie honger massas sit en aankyk, begin ek wonder.

Sou dit nie wonderlik wees as ons mense ook so honger raak vir die Woord van GOD nie? Ek merk die afgelope paar jaar so ‘n ietsie van daardie honger as ek die groot massas mense sien optrek na Angus Buchan en die Daniël en Esther konferensies. Maar dit is maar opflikkerinkies, want ons gemeentes is besig om leeg te loop. Petrus skryf van babatjies wat smag na melk, en dat ek en jy ook so moet smag na geestelike melk. Kyk, as ‘n babatjie nie sy melk kry nie, skree hy blou moord. Waarom is ons dan so dikwels bereid om maar dood te gaan van die (geestelike) honger? En dan skryf mense nog

briewe en vra waarom hulle nie geestelik kan groei nie! Die antwoord is baie duidelik: Omdat jy nie geestelik genoeg eet nie!

Maar pasop dat jy nie net geestelik eet en vet word nie - die geestelike kos wat jy inkry moet deur oefening jou geestelike spiere opbou. ‘n Gesonde geestelike lewe beteken dat daar balans moet wees. Kry genoeg van die Woord in, nie alleen deur Bybel te lees nie, maar deur met ander gelowiges om te gaan (kerk). Maar oefening, deur jou volle gewig in te gooi en saam te werk, is noodsaaklik vir ‘n gesonde geestelike lewe.

Gebed:

Here, ek is honger na U Woord. Dankie dat U my so wonderlik voed.

# 21 Die Boskonsert

Lukas 8:4-8

Die boskonsert begin vroegoggend al. Met eerste lig begin die voëltjies opwarm met hemelse musiek, terwyl die laaste klanke van die vorige aand se groot konsert nog wegsterf as leeu brom dat hy nou genoeg gehad het vir een nag, en dat hy nou gaan slaap. Hiëna sê: "Amen!", en duik sélf in sy kooi in.. Die spreeus en tiptolle is eerste op die toneel om te kom kyk of die nagapies en vrugtevlêrmuise so 'n ou ietsie oorgelos het van die vorige aand se piesang, maar al wat hulle kry

is 'n leeë skil. "Iemand het die piesang gesteel!", skree Spreeu, "Hy's weg, hy's weg, hy's weg!", beaam Tiptol. Half deur die slaap strompel ek kaalvoet uit om 'n paar appels in die bome te sit, net om die spul se bekke stil te kry, en in die proses trap ek op 'n baie-eina-doring. Hinkepink op een been, gooi ek sommer 'n paar mieliepitte uit, net vir die wis en die onwis. Skaars tref hulle grond, of 'n paar tarentale raap hulle gulsig op.

'n Rooibeklyster kom aangetrippel. Hy hardloop vinnig vyf treetjies, stop skielik, gaan staan kiertsregop. Dan hardloop

hy weer vyf treetjies, stop en staan weer kop in die lug. Laat my altevol baie dink aan Charlie Chaplin. Sy koddige, rukkerige lopies word oor en oor en oor herhaal, tot vervelens toe.

'n Vlakvark kom opgewonde aangehardloop om te kom kyk wat die kospotte van Egipte opgelewer het. Maar hy is bitter teleurgestel - hierdie slag was die tarentale voor hom daar. Vyf koedoes tree te voorskyn: "Ons is hier vir ons rantsoene", sê die ou koei se bedel-ogies. Ek reageer nie, en sy stap 'n wye draai en pluk al die appels wat ek vir die voëls uitgesit het van hulle

spykers af. Sy kom staan nou reg voor my en staar my stip in die oë: "Ek soek kos", sê haar oë kwaai, "Nou!". Ek ignoreer haar. "Ek voel soos 'n wurm!", bieg Mosbolletjie. Sy (dis nou die koedoe) draai om en stap weg, gevolg deur haar meelopers.

Die tarentale is terug vir nog pitte. Ek kyk rond - daar is nêrens 'n vark in sig nie. Ek gooi 'n paar handevol mielies, en dit skarrel om elkeen 'n paar pitte te kry. Skielik uit die bloute is die vlakvark ook daar. Die tarentale is so honger dat hulle tussen die vark se bene deur pik. Hy vererg hom en swaai sy slagtande wild

rond, en jy sien net vere spat. Maar hulle kom vir nog. Ek gooi nog pitte op 'n ander plek, en die hele lot, vark inkluis, hardloop in daardie rigting. Die tarentale kom naderhand agter dat daar mos nog pitte oor is op die eerste kolletjie, en hulle skarrel daarheen. Vark hardloop agterna en verjaag hulle. Hulle hol terug na die tweede hopie toe, en vark is weer agterna. Heen en weer maal die malle spul totdat daar nie meer 'n enkele mieliepit oor is nie.

Die tarentale beweeg veld-in, maar hulle sorg dat hulle binne maklike reikafstand bly, net vir

ingeval hier dalk weer ‘n ou meevallertjie kom. Twee vlakvarke kom parkeer hulleself ook binne trefafstand, en grawe hulleself deeglik in onder ‘n blaarlose ou boompie. Styf teen mekaar lê hulle lepel, en die hele tyd koer-koer hulle mooi woordjies vir mekaar. Ek begin half bekommerd raak dat dit hier pornografies kan raak. Soos wat die dag aanstap, begin die tarentale al hoe meer ontspanne raak. Teen twaalfuur lê hulle rond op hopies, vlerke oopgesprei, plat op die grond. Een van die twee vroetelvarke staan elke halfuur of so op en kom maak ‘n draai voor die stoep, net om seker te maak

dat hier nie dalk intussen kos gebeur het nie. Dan draai hy maar weer teleurgesteld om en gaan wurm hom langs sy maatjie in met ‘n groot gesteun en gekoer. En dan vat dit weer amper ‘n halfuur voordat hy uiteindelik sy lê kry, maar dan is dit al klaar weer tyd om te kom kosinspeksie doen. Intussen kom bedel ‘n halfdosyn varke, paar sebras, nog varke, ‘n kwêvoël en weer ‘n slag varke. Drie kameelperde kom verby gestap op stelte en kyk ons uit die hoogte aan, en die kwêvoël kom kerm dat die appel te skeef sit na sy smaak.

En dan wil jy nog sê dat daar nie boskonsert in die dag is nie!

Uiteindelik, teen half-vier is die konsert verby. Die tarentale het een-vir-een koers gekies en die voëls is almal weg (die appels het opgeraak). Dis nog net die twee vroetelvarkies wat in mekaar se ore lê en koer. Skielik is die bos stil, doodstil.

Ten spyte van hoe dit dikwels vir ons lyk of voel, is die wêreld vandag honger vir die Woord. Die probleem is egter dat daar so min gelowiges is wat bereid is om die Woord te saai - dalk is ons bang! Dit is veral in moeilike tye soos nou, dat mense soek na

standvastigheid. En nóú is die tyd ryp vir ons as gelowiges om daardie wonderlike hoop en standvastigheid wat die Woord gee uit te deel aan diegene met wie ons in aanraking kom. As ek mielies strooi in die bos, is die diere daar. As ek die Woord uitdeel, is die mense wat honger is daarvoor ook daar.

Vra vandag vir die Here op watter manier jy die Woord kan saai - Hy gebruik elkeen op sy eie unieke manier. En strooi dan jou geloofspitte mildelik uit. Iemand sal dit wél met groot dankbaarheid oppik.

Gebed:

Here, maak my asseblief vandag bereid en onverskrokke om my geloofspitte uit te strooi.

# 22 Pikdonker Duisternis

## Lukas 22:47-53

Dis donker - pikdonker in die Laeveld se doringbosse - die maan is nog nie op nie, en dit voel asof die bos jou wil omklem. Ek gooi nog ‘n stukkie hout op die vuurtjie, wat maar net ‘n ou vae trosie is. Kort-kort kyk ek om, net om seker te maak dat ons nie dalk van agter bekruip word deur die een of ander vleisvreter nie. ‘n Takkie kraak. “Wat was dit?”, sê-vra Mosbolletjie. Die flitslig sny tyssen die dorings en ruigtes deur op soek na ’n antwoord, maar daar is niks. Dis doodstil - nie

eers ‘n naguiltjie of kriek of padda nie - niks!. Onheilspellend.

Skielik word ek net bewus van ‘n beweging - ‘n skim in die buitekring van die flou lig van die vuurtjie. Ek val amper van my stoel af. ‘n Duikertjie - groot onskuldige bruin oë kyk my vraend aan. Kom maar net soek vir ietsie te ete.

Die donker kan skrikwekkend wees. Dalk is dit omdat die bose dikwels daarin skuil - dat hy die duisternis gebruik as dekmantel vir sy sluwe, verraderlike dinge.

Ja, dit was juis in die pikswart duisternis van Getsemane, daar teen die hellings van die Olyfberg,

waar die bose sy verraderlike daad kom pleeg het. Terwyl Jesus besig was om te worstel in gebed, het Judas na die Joodse leiers gesluip. “Kom”, het hy vir hulle gesê, “dis nou veilig om Hom te vang!”. In die pikdonker van die nag het hy hulle gelei tussen die olyfbome deur na waar hy geweet het Jesus sou wees. Hy het immers sélf baie nagte daar saam met Jesus deurgebring - aan Jesus se voete gesit terwyl Hy vir hom wat Judas is en sy mede-dissipels geleer het van die dinge van die koninkryk. Daardie tydjies in die tuin, sonder die alewige skares mense was kosbaar. Maar alles het versuur, en nou is daar

net verraad in Judas se donker hart.

Jesus het pas klaar gebid, en Hy was nog besig om Sy dissipels te vermaan omdat hulle nie kon wakker bly nie, toe die klomp mense skielik uit die pikdonker opdoem, met niemand anders nie as Judas aan die voorpunt. Hulle is tot die tande toe gewapen met enigiets wat kon slaan of sny. Gevul met afgryse moet ons sien hoedat Judas vorentoe tree en vir Jesus soen - die soen van verraad - ‘n duiwelse soen.

Skielik kry die half-aan die slaap dissipels lewe en pluk hulle swaarde uit om vir Jesus te

verdedig. Die voorbok, Petrus, begin wild rondkap met sy vlymskerp wapen, en ‘n arme slaaf, wat waarskynlik net daar was om ‘n lamp te dra, byt in die stof. Petrus se swaard tref hom teen die kop, en met afgryse moet die arme man sien dat sy oor morsaf is. Hy wil nog kerm, maar dan raak Jesus die man se oor in deernis aan, en word hierdie slaaf die laaste mens wat Jesus ooit genees tydens Sy drie jaar lange bediening.

“Hou op daarmee!”, bestraf Jesus Sy dissipels. Geweld is beslis nie die antwoord op hulle probleme nie.

“Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel”, sê Jesus vir die priesterhoofde wat Hom kom gevange neem, “en julle het nie ‘n hand uitgesteek om My te vang nie. Maar nou dat die tyd vir die duistere magte daar is, het julle julle kans.”

Die duisternis waarin hierdie manne teen Jesus opgetrek het, was simbool van die verstikkende geestelike duisternis waarin hierdie geestelike leiers verkeer het. In die lig van die dag kon hulle Hom nie vang nie, want Jesus was altyd omring deur mense vir wie die lig opgegaan het - mense wat vir Jesus gesien

het vir Wie Hy werklik was. Hulle sou teenstand kry as hulle Jesus sou arresteer. Daarom moes hulle die donker gebruik as dekmantel sodat niemand hulle sou sien nie.

Johannes se evangelie maak iets groot van hierdie teenstelling tussen lig en duister. In Joh. 8:12 skryf hy byvoorbeeld van een van Jesus se uitsprake waarin Hy sê: “Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisernis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.” Hoe ironies is dit nie, dat Jesus - die Groot Lig, juis in die duisternis verraai is, en onder dekking van die duisternis deur dienaars van die duistere magte

gevange geneem word. Hoe verskriklik donker moes die harte nie gewees het nie, van daardie manne wat voorgegee het dat hulle mense is van die lig - priesters van GOD - leiers uit die priesterkring. Hoe verskriklik donker moes dit nie gewees het nie, in die hart van Judas - hy wat ‘n leerling was - ‘n vriend van Jesus - iemand wat drie jaar saam met Jesus geleef het en elkeen van Jesus se duisende wonderwerke aanskou het. Ons kan maar net gis oor wat presies daar verkeerd geloop het.

In hierdie neerdrukkende verhaal is daar ‘n baie ernstige

waarskuwing aan elke gelowige: Pasop dat jy nie ook in die duister beland nie! Al die betrokkenes in die verhaal was mense wat aktief gestaan het in die Godsdiens. Judas was selfs ‘n getroue volgeling van Jesus. Deur sonde het hulle in die duister beland. Moenie dieselfde pad loop nie!

Gebed:

Here, bewaar my asseblief van die duister - dat ek nie sélf ook daarin beland nie.

# 23 Olifante

Handelinge 8:1-4

Olifante het my nog al die jare geweldig gefassineer - nou nie dat ek enigsins ‘n kenner is nie, maar ek kan my verkyk aan die reuse ou diere. Net nou die dag het een van die ou grotes my getrakteer op ‘n paaldans in die middel van die pad in Mkhuze wildtuin. Hy het ‘n stomp van ‘n boom afgebreek en met hom gespeel asof dit ‘n trompoppiestokkie is, en intussen het hy geweier dat ek my reis voortsit.

Daardie logge liggaam van hom wat tot vier meter hoog kan staan

by die skouers, kan hy letterlik agter ‘n klein bossie wegsteek, en dan verwag ‘n mens dat die aarde sal dreun as hy aangeloop kom. Die teendeel is waar, want hy kan katvoeter loop as ‘n kat! Die sponsagtige weefsel in sy voete kan hom uiters suutjies laat beweeg. Die ding aan die olifant wat my egter die meeste fassineer is daardie vyfde ledemaat van hom - sy slurp. Daarmee kan hy ‘n enkele blaartjie netjies afpluk, soos met ’n fyn haartangetjie en hy kan met dieselfde slurp dik boomtakke afbreek. Behendig kan hy hom krul om voorwerpe. Hy gebruik hom om goed te ondersoek en te

ruik, en hy gebruik hom om water op te suig as hy wil drink. Met dieselfde slurp suig hy stof op soos ‘n reuse stofsuier, en spuit dit oor sy rug. En dan is hy nog boonop ‘n super kleilat waarmee hy bolle en bolle modder kan gooi.

Toe oorl’e Oom Jan (dis nou van Riebeeck) sy geskiedkundige voet aan wal sit in die kaap, was daar olifante in feitlik elke plek in Suid-Afrika. Plekke soos Olifantsfontein en die Olifantsrivier in die Kaap het nie hulle name per toeval gekry nie. Natal het gewemel van olifante, en skaars ‘n honderd jaar gelede

was daar nog goed-uitgetrapte olifantpaadjies in die bosse in Berea in Durban.

Gierigheid het egter veroorsaak dat die jagters in groot getalle die bloed van hierdie logge diere gesoek het. Die rede natuurlik hulle sierraad - die ivoor wat hulle saamgedra het. Die jagters het ook die plaaslike bevolking opgekommandeer om te help skiet sodat die geld vinniger kon inrol. Baie gou was feitlik al die olifante uitgeskiet, en slegs ‘n ou paartjies het oorgebly in die digte Knysnawoude en in Addo se renosterveld. Al verder noord het die manne meedoënloos

voortgejag, totdat selfs die olifante van die laeveld waar die Kruger Wildtuin vandag is, kaalgestroop was.

En toe gebeur die Kruger Wildtuin - sonder ‘n enkele olifant! Vir die eerste byna dertig jaar van die bestaan van hierdie wêreldberoemde natuurwonder was daar nie ‘n teken van ‘n olifant nie. Tot op ‘n dag iewers in 1925, toe ‘n wildbewaarder die wonder aanskou van ‘n kolos wat vermoedelik uit Mosambiek ingekom het. Later was daar nog ‘n paar en met groot opgewondenheid het James Stevenson Hamilton gesien hoe

die bevolking stadig groei. Olifante teel bitter stadig aan - hulle draagtydperk is byna twee jaar. Maar stadig het hulle begin vermeerder, totdat hulle vandag eintlik ‘n reuse probleem is, want daar is duisende olifante te veel. Hulle is al gepos na al die groot wildtuine in die land en selfs ander Afrika lande, maar steeds vermeerder hulle getalle teen ‘n geweldige tempo.

As ons gelowiges maar net kan gaan leer by die olifante! Ons kla steen en been dat die kerke besig is om leeg te loop. Dit wil lyk asof die getalle van gelowiges al skraler en skraler word. In

Handelinge 8 kry ons egter die antwoord. Daar was die gelowiges hewig vervolg. Toe hulle egter begin vlug uit Jerusalem, het hulle so vêr as wat hulle gevlug het die evangelie verkondig. Wat was die gevolg? ‘n Ongekende ontploffing in getalle. Let wel: dit was nie die leraars wat die evangelie verkondig het nie, maar doodgewone mense!

Ons probleem is dat ons die evangelisasiewerk vir die predikant of pastoor wil los. Dit is nie wat die Here in gedagte gehad het nie - dit is die werk van doodgewone mense.

Kom ons kyk ‘n bietjie hoe dit kan werk. As jy vir die volgende maand met een persoon werk, en hom oplei om iemand na Jesus te lei, maar terselfdertyd aan hom verduidelik dat hy daardie persoon ook weer opleiding moet gee, dan is julle aan die einde van die maand twee mense wat die Woord kan uit dra. Vir die volgende maand lei julle elkeen weer net een persoon op, en so hou julle aan vir een enkele jaar. Gaan maak nou maar sommetjies, en jy sal sien dat in teorie, na slegs twaalf maande het julle getalle aangegroei tot meer as 4000 mense! Jy hoef nie ‘n Billy Graham of ‘n Angus

Buchan te wees om groot vrug op jou werk te hê nie. Slegs een enkele siel per maand, wat die regte boodskap kry, kan ‘n ongekende ontploffing van gelowiges in ons land veroorsaak. Die Here vra nie van ons baie nie - alleen dat jy jou plig doen soos wat die gelowiges van ouds gedoen het.

Gebed:

Here, maak my asseblief gewillig om die evangelie te versprei so vêr as wat ek gaan. Heilige Gees, gee my die wysheid om met net een persoon te begin.

# 24 As die Bome Bot

## Lukas 21:25-33

In die dorre Laeveld is dit winter. Al die diere is honger - die gras is al lankal op en die grasvreters kry swaar. Die veld is leeg en morbied. Maar tóg is daar iets in die lug - splinternuwe, kraakvars blaartjies is besig om te vorm in die uitgemergelde bome. Dit is asof alles in afwagting is - alles kom tot breekpunt, want die lente en die somer met sy oorvloed van kos en lewe is op die punt om uit te bars. Klossies spierwit blommetjies pop alreeds in die knoppiesdorings. Al die inwoners van die Laeveld smag na daardie

wonderlike tyd van die jaar waar niemand honger hoef te gaan slaap nie.

Maar nie almal sien uit na die somer in die Laeveld nie, want saam met die somer kom ‘n ondraaglike hitte wat dikwels diep in die veertigs draai, en af en toe selfs die moordende vyftigs haal. Vir baie mense is hierdie ondraaglike hitte nét te veel. En natuurlik kom daar saam met die hitte die alewige muskiete - dié soort wat dodelike malaria in hulle byt saamdra. Wat vir sommige ‘n verskrikking is, is vir ander weer ‘n uitkoms en ‘n wonderlike tyd om na uit te sien.

Rondom Jesus sit ‘n skare van mense wat hang aan Sy lippe. Met kloppende harte luister hulle na die dinge wat Hy vertel - dinge wat in baie van Sy hoorders se harte ‘n verskriklike angs laat opbou. Hy vertel van natuurfratse wat gaan kom - sons- en maansverduisterings en skrikwekkende dinge wat met die sterre gaan gebeur. Maar dit gaan die mensdom nog nader aan die lyf raak wanneer die allerverskriklikste vloedgolwe die aarde gaan tref en die gebulder van die see mense tot raserny gaan dryf. Alles gaan ontwrig wees - die aarde sowel as die hemelruim. Mense gaan beswyk

by die blote gedagte van dit wat besig is om te gebeur.

Dink maar net ‘n bietjie aan die gebeure van die afgelope paar jaar - hoe verskriklik alles ontwrig is. Daar is sprake van reuse meteoriete wat op pad is na die aarde toe. Aardverwarming laat ons harte inmekaar krimp - wat gaan gebeur as die pole smelt? Tsunamis saai verwoesting oor die aardbol. Aardbewings en verskriklike reëns en modderstortings eis duisende lewens. Varkgriep swaai sy doodsekel dwarsoor die wêreld en eis duisende lewens. Knellende droogtes en hongersnood is die

voorland van baie Afrika lande. Lugbesoedeling en die allerverskriklikste waterbesoedeling is besig om ons mooi Suid-Afrika te verswelg. En dan is daar boonop die wêreldekonomie wat besig is om amok te maak.

Ja, dit is ‘n baie donker prentjie wat ek skilder, maar Jesus sê vir Sy bekommerde hoorders: “As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby.” (Luk. 21:28). Dieselfde dinge wat die ongelowige in sak en as laat sit, is vir ons as gelowiges die wonderlikste nuus ooit, want dit

beteken dat die wederkoms van Jesus baie naby is, en dat ons al die gloed kan opmerk van die nuwe Jerusalem wat besig is om neer te daal - daardie asemrowende stad van goud waarvan Johannes skryf in Openbaring.

Jesus vertel ‘n gelykenis oor die natuur - iets wat ons almal verstaan. As die vyeboom begin bot, dan wéét ons mos dat die somer aan die kom is. Oor ‘n week is dit amptelik lente, en alreeds sien ons hoe al die bome begin bot. Hier in Natal sien ons nie werklik die lente uitbreek nie, en ek beny die ouens wat in die

binneland bly - die asemrowende ervaring van bome wat oornag ontplof in ‘n massa wit en pienk. In die Laeveld is dit die Mopaniegranate - liederlik-lelike ou deurmekaar boompies - wat skielik oornag die vlaktes omtooi in ‘n lushof van reuse liggeel ruikers wat die lof van GOD se skeppingswonder uitbasuin. So vêr as wat die oog kan sien, is dit net een groot geel massa blomme.

As hierdie dinge gebeur, dan wéét ons dat die somer hier is. Aan die begin het ons gesien dat die somer slegte nuus is vir sommige. Ja, die eindtye beteken

dat genadetyd besig is om uit te loop vir die ongelowige. Hoeveel keer het die Here nie al boodskappers gestuur op die pad van die ongelowige om hulle te probeer oortuig nie! Nog nooit in die geskiedenis van die wêreld het die boodskap so helder weerklink soos juis vandag nie. Die TV is propvol kanale wat die Lewende GOD verkondig. Internet is tot beskikking van feitlik elke mens, en waar hulle nie deur hierdie twee bereik kan word nie, is daar radio uitsendings wat die boodskap van verlossing regoor die wêreld uitbasuin. Boonop waag groot getalle gelowiges hulle lewens

om die boodskap te bring aan onbereikbare mense.

Tóg leef mense voort in hierdie vrees vir die eindverskrikking, want GOD se verlossingsplan is nie vir hulle logies nie.

Liewe medegelowige, hierdie boodskap vandag is nie een van vrees en verskrikking nie, maar vir jou en my is dit die boodskap van verlossing. Ons is amper daar! Nog net ‘n kort tydjie, dan is ons verlos van ons aardse gebondenheid, en kan ons heerlik ontspan saam met Jesus in die onbeskryflike lig van GOD!

Gebed:

Here, ek sien só uit na U wederkoms - kom tog gou, Here Jesus!

# 25 Kiewiet se Vrees

Lukas 20:1-8

Dit was weer een van daardie hyg-na-jou-asem-warm dae in die Laeveld. Uiteindelik sak die son, en ek en Mosbolletjie gaan vir ‘n ou lafenissie op die wal van die Krokodilrivier. Ons is gelukkig om ‘n doringboompie te kry wat darem ‘n skaduweetjie gooi - ôk maar net ‘n ou trosie, want die son het sy tjips gehad. Hy klou verbete aan die randjie van die hemelruim vas om nog vir oulaas ‘n paar giftige strale te spoeg voordat die bosse hom insluk.

Ons vou vir ons gemaklike opvoustoele oop onder die half-

skadutjie, en sak behaaglik terug om die laaste lig te geniet langs die rustige, koel water met ‘n glasie lafenis in die hand om die dag se versengende hitte finaal af te spoel. Ons oë word onmiddellik getrek na ‘n groot sandbank in die middel van die rivier. ‘n Paar knorrige ou buffelbulle het hulle intrek geneem op die koel sand, en hulle lê luilekker uitgestrek - kompleet soos sonaanbidders op Durban se strand. Een ou het dit selfs ‘n stappie verder gevat, en hy lê halflyf in die rivier. Ek wonder so in die stilligheid wat die ou sou doen as ‘n krokodil aan sy tone begin knibbel?

Maar dan trek iets anders my aandag: in die middel van die sandbank staan twee bontkiewiete. Nee, eintlik staan hulle nie - hulle dans opgewonde rond - dán diékant toe, dan dááikant toe. En hulle kwetter en vloek en skel die hele tyd dat hoor en sien vergaan. Kort-kort hol die een tot reg teen die een ou buffel se neus, en ek eis vir die slag wat hy sy bek oopmaak en die lastige klein blikskottel insluk.

Met ‘n swaar sug val die son as’t ware tussen die knoppiesdorings in, en skielik is dit skemer. Dit is asof die ganse Laeveld ‘n sug van verligting slaak, om vir nou

van die skroeiende son ontslae te wees. Maar vir die buffels is dit ook die teken dat dit nou tyd is om aan te skuif. Een-vir-een begin hulle koers kies, totdat dit nog net die een is wat so deur die kiewiet getreiter word wat bly lê. En dan besluit hy: genoeg is genoeg, en hy hys sy logge liggaam uit die sand uit op. Die kiewiet raak nou hééltemal beserk, en hy loop die buffel storm. Vir ‘n oomblik verbeel ek my hy gee die buffel ‘n skop teen die maermerrie, maar ek het my seker maar verbeel. Stadig kom die buffel in rat en begin loop. Nou haak kiewiet totaal uit. Dit skree en vlieg en hardloop en

storm, maar buffel lyk asof hy hom nie steur aan die laspos nie, en loop sy loop - die oog onwrikbaar gevestig op sy bestemming.

Ons sak dankbaar terug in ons stoele as die bohaai uiteindelik bedaar, en kiewiet op haar nes gaan sit, skaars ‘n meter van waar buffel verby gestap het, sonder om daarop te trap.

Hierdie histeriese kiewiet laat my tog so baie dink aan Jesus se teenstanders, die Fariseërs en Skrifgeleerdes en priesterhoofde. Gedurende die drie jaar van Jesus se bediening, was hulle knaend aan die raas. Kort-kort

sien ons hoedat hulle Hom konfronteer, en dan wonder ‘n mens of hulle dan nou werklik dink dat hulle die wonderlike wysheid van die Seun van GOD kan aanvat? Wie dink hulle nou eintlik is hulle? Deurentyd sien ons net sulke “stormlopies”, dikwels half-hartig.

Maar skielik skrik hulle baie groot as Jesus hulle hoofkwartier, Jerusalem binnestap. Nou raak hulle bitter opgewonde, en hulle begin loots aanval op aanval. Nou raak dinge vir hulle baie ernstig, want dit kom bitter naby aan hulle “nes”. Een van hierdie aanvalle word deur Lukas beskryf: hulle

kom konfronteer Jesus met die vraag oor watter gesag Hy dan hierdie dinge mee doen? Jesus het dadelik die gevaartekens gesien. Sê Hy dat Hy die met GOD se gesag doen (wat die waarheid sou wees), dan sal hulle Hom net daar en dan arresteer vir Godslastering. Dus antwoord Hy met ‘n teenvraag wat hulle nie durf antwoord nie, want hoé hulle ookal antwoord, gaan hulle steeds in die moeilikheid kom. “Kom die doop van Johannes van GOD of van mense af?”, wil Jesus weet. Die spul geleerde manne trap klei, want hulle het vir hulleself ‘n gat gegrawe. “Nee, ons weet nie”, stamel hulle dit

uiteindelik uit. Jesus se antwoord aan hulle, dat Hy hulle dan ook nie gaan sê met watter gesag Hy die dinge doen nie, het die ringkoppe woedend. Hulle het geweet presies wat die antwoord was, maar hulle het geweier om dit te aanvaar.

Die "kiewiete" het nog nooit ophou broei nie, en selfs vandag loop en raas hulle nageslag steeds. In die hogere teologiese kringe raas en blaas 'n paar slim manne wat weier om Jesus se gesag te aanvaar. Maar ek dink 'n mens moet dalk ook hand in eie boesem steek, want soms is ons sélf ook maar skuldig. Soms raak

ons kwaad vir Jesus, of raak ons bitter ongelukkig wanneer dinge nie hééltemal wil loop soos ons dit wou laat loop nie. Die kiewiet het lawaai oor hy gedink het sy nes is in gevaar, maar die buffel het presies geweet waar om te trap. Nét so sien ons dikwels die ergste kom, maar ons wil nie besef dat Jesus van alles weet, en dat Hy presies weet wat om te doen nie. Kom ons vertrou Hom vir 'n slag!

Gebed:

Here, ek is dikwels só skuldig daaraan dat ek U nie ten volle vertrou nie. Gee my asseblief vertroue.

# 26 Begeertes

## Lukas 18:18-30

Begeertes was al baie mense se einde. Die hele ding met begeertes het al in die paradys begin, toe Eva so ‘n verskriklike begeerte gekry het vir daardie verbode vrug. Ek meen, die ganse tuin was tot oorlopens toe vol van allerhande van die sappigste vrugte, maar Eva wou opsluit dáárdie een waarop GOD ‘n verbod geplaas het hê. Ja, en die geskiedenis het bewys dat sy haar vrug gekry het en dat sy vir Adam ook verlei het daarmee en dat hulle die tuin uitgeskop is.

Voor my boshuisie se stoep is daar nie die normale groen grasperk nie, maar ‘n kaal stuk grond, waarop daar nie eers ‘n ou enkele grassprietjie staan nie. Dit is nie my eie keuse dat dit so moet wees nie. ‘n Paar jaar gelede het ons ‘n baie goeie somer gehad, en toe het ek daar ‘n grasperk aangeplant. Ons ou grassie het weelderig gegroei, en die vlakvarke het dit nét op die regte lengte gehou. Maar toe kom die groot droogte, en die varke begin my grassie uitskoffel, totdat daar naderhand net hier en daar ‘n sliert oorbly.

Die volgende somer plant ek wéér ‘n grasperk. Toe die eerste ou groen sprietjies hulle koppies bo die rooi grond uitstoot, sien ek al hoe die begeertes in die vlakvarke se kraalogies glinster - begeertes vir my ou grasperkie. Ek verjaag hulle, maar puur verniet. Toe gooi ek doringtakke oor die brose ou grassies, maar die varke se begeertes is so sterk dat hulle eina-eina hulle snoete tussen die dorings inwurm om my grassies te kom uitpluk. En dit terwyl daar ‘n oorvloed van groen gras in die veld is!

Die tiende gebod sê dat jy nie mag begeer nie - dit is die héél

moeilikste van al die gebooie om te onderhou. En dit is juis die probleem van die ryk jong man met wie Jesus gesels het. Hy was ‘n goeie kêrel - het sy bes probeer om streng volgens die wet te leef. Hy het ook groot respek gehad vir Jesus, en hy het geweet waar om te kom soek vir die één antwoord wat hom bly ontwyk - om die ewige lewe te kry. Dan noem Jesus ‘n rits gebooie, en die man sê eerlik dat hy hulle almal van kleintyd af onderhou. Eén gebod wat Jesus egter aspris uitlaat is die tiende gebod. Hy het geweet dat hierdie gebod ook die jong man se groot struikelblok is. “Verkoop alles wat

jy het, en deel die geld aan die armes uit.” - Jesus druk sy vinger reg op die seer kol. Lukas vertel vir ons dat die arme man nét daar omgedraai en weggestap het, sonder dat hy die ding waarvoor hy gekom het - die ewige lewe - kon kry. Die man was so verknog aan sy aardse besittings dat dit tussen hom en GOD kom staan het.

Maar nou het hierdie my aan die dink gesit oor die varke op my grasperk - is ék nie dalk die vark in die verhaal nie? Dalk is ék juis die skuldige omdat ek nie my grasperk met die vlakvarke wil deel nie. Dalk het ek so verknog

geraak aan my ou heilige groen grassie, dat dit tussen my en ware geluk staan. Dalk moet ek vrede maak daarmee dat ek net gras plant vir die varke!

Terwyl die man so met geboë skouers wegstap, draai Jesus na sy dissipels toe, en Hy sê vir hulle dat dit feitlik onmoontlik is vir ‘n ryk mens om in die koninkryk te kom. Hy gebruik die voorbeeld, dat dit makliker is om ‘n reuse kameel deur die piepklein gaatjie van ‘n naald se oog te druk as vir ‘n ryke om in die hemel te kom.

Sy disspels is verslae - maar dan is dit mos totaal onmoontlik om óóit in die hemel te kom.

Niemand sal dit ooit daarheen maak nie. Maar Jesus stel hulle gerus - by GOD is niks onmoontlik nie. Wat vir ons totaal onmoontlik lyk, is by GOD tweede natuur. Die feit is dat as jy bereid is om die Here toe te laat om jou lewe te verander, dan kan jy ‘n totale nuwe mens word, selfs in die mees onmoontlike omstandighede.

Let wel dat Jesus nie hier sê dat dit sonde is om ryk te wees nie. Dit is egter wat jy met jou rykdom doen wat sonde kan wees. Alles kom neer op gesindheid: met watter soort gesindheid in jou hart hanteer jy jou geld? Ongelukkig is

dit so dat rykdom baie maklik ‘n mens se afgod kan word. As die miljoene begin instroom, dan klou jy krampagtig vas aan elke sent wat jy verdien het. En hoe verder dit gaan, hoe moeiliker raak dit om jou rykdom te deel met die armes. Jy begin bou as’t ware ‘n muur tussen jou en GOD met geld en besittings.

Maar ek ken ook baie ryk mense wat diep gelowig is en gedurig met ‘n oop hand staan. Vir hulle is hulle besittings slegs deur GOD aan hulle geleen. Hulle is die rentmeesters om hierdie besittings en geld te gebruik tot eer van GOD en tot diens aan

hulle medemens. Daar is ‘n paar van hulle in ons eie gemeente, en jy kan duidelik sien hoe die geluk en liefde uit hulle lewens straal. Maar daar is ook arm mense in ons gemeente met dieselfde gesindheid - mense wat bereid is om die ou bietjie wat hulle het óók met minderbevoorregtes te deel. Die regte begeerte om te koester, is die begeerte om naby aan die Here te leef, en om Sy wonderbare liefde ten volle uit te leef!

Gebed:

Here, leer my asseblief om nie so verknog te wees aan my besittings nie.

# 27 Op Pad na die Watergat

Lukas 16:14-18

Die ou grondpaadjie is liederlik sleg en vol slaggate - sommige so groot dat ‘n Volkswagentjie maklik daarin sal verdwyn. Ons gooi wilde esse om die klippe en bome mis te ry, en dit gaan maar kruip-kruip. Ek en Mosbolletjie het gekuier in Mkhuze, een van die pragtige wildtuine van KwaZulu-Natal. Al die ou grotes (buiten leeus) is daar in hulle volle glorie. Soos al die groot wildtuine is daar ook wette, en die een is dat jy nie uit jou voertuig mag klim nie. Ons is op pad na ‘n wildskuiling, en ons het nie ‘n idéé wat op ons

wag nie. Ons is nuuskierig en opgewonde as ons die laaste stukkie slegte pad aandurf.

Uiteindelik is die parkeerterrein voor ons. Maar van ‘n wildskuiling is daar g’n teken nie. ‘n Klein voetpaadjie wat tussen die bome in verdwyn, dui vir ons die rigting aan om te loop. Ons gryp al ons kamera-toerusting en vêrkykers en val met dapper en stapper in die pad. Die voetpaadjie verdwyn daar voor iewers om die draai. Die stappie deur die veld is heerlik opwindend - ‘n mens verwag enige oomblik ‘n renoster of ‘n grootvoet-olifant of ‘n ding wat vir jou tussen die doringbome

staan en wag. ‘n Reuse goue wawiel spinnekop hang rustig, afwagtend in haar web van staalsterk draadwerk en wag vir ‘n dom gogga om daarin vas te vlieg. Ons drink die natuur in - insekte, bome, bossies, struike, grasse - ‘n rooibok wat aan die hardloop gaan as hy vir ons skrik.

En dan skielik is die wildskuiling se lang, kronkelende houtgangetjie voor ons. As ons die hekkie agter ons toetrek, dan voel jy die benoudheid wat jou omklem, en as die skuiling uiteindelik na ‘n ewigheid voor jou staan, dan klop jou hart in jou

keel. Wat gaan ons daar kry? Gaan daar ooit iets wees?

Ons snak na ons asems as ons die grasdakgeboutjie se trappies opklim. Voor ons ontvou die panorama van ‘n watergat wat letterlik lewe van al die diere en voëls wat daar saamdrom. Dit is lewe in alle oorvloed! Sebras, willebeeste, varke, rooibokke, njalas - en dan het jy nog nie eers begin met die swerms en swerms voëltjies wat wip tussen die boomtakke en die water nie. Wat ‘n fees!

In ‘n sekere sin is daar baie ooreenkomste tussen ons reis na

die watergat en die geskiedenis. Die rowwe grondpaadjie is die Ou Testament, waar dit dikwels ook maar bitter rof gegaan het. Baie streng wette het gegeld, en daarvan durf jy vir g'n oomblik afwyk nie. Om die saligheid te kon kry, moes jy op die paadjie wat GOD daar uitgestippel het bly, en nie daarvan afwyk nie. Dit was nog erger gemaak deur die Fariseërs met hulle menslike wette wat soos meulstene om die nek gehang het. Toe kom Johannes (die parkeerterrein), en groot opgewondenheid heers. Iewers daar voor is die nuwe bedeling, maar niemand kan dit nog werklik sien nie, en almal

wonder daaroor. Die ongelooflike tyd breek aan as Jesus vir drie jaar lank die gordyn so ‘n effe lig. Saam met Hom ontdek jy die vryheid wat daar voor wag, wanneer jy in die voetpaadjie afstap. Ja, die wet is steeds daar, en jy durf nie van die paadjie afwyk nie, maar nou is jy nie meer gekluister in die rigiede wetsdop van die motor nie.

Ons beleef saam met Jesus die donker gangetjie van Sy verhoor, kruisiging en dood. Maar aan die einde daarvan ontplof die nuwe testament in al sy glorie voor jou wanneer jy die koel wildskuiling betree.

Die Fariseërs het Jesus uitgelag oor Sy gelykenis van die slim bestuurder. Maar Jesus het dwarsdeur hulle gekyk. Hulle gesindheid teenoor die wet was totaal skeefgedraai. Hulle probeer hulleself verskriklik vroom voordoen voor die mense. Elke tittel en jota van die wet word tot in die fynste detail nagekom, maar van binne is hulle vrot. Uiterlik moet hulle baie goed vertoon om mense te beïndruk, maar vir hulle gaan dit bloot om wette te onderhou vir die saak van die wet.

Jesus beklemtoon die feit dat die wet wél belangrik is, maar dit is

die gesindheid waarmee jy die wet onderhou wat van deurslaggewende waarde is. Die koms van Jesus het nie beteken dat die wet nou sommer by die deur uitgegooi word nie. Die feit is dat niemand die saligheid kan kry deur die wet te onderhou nie, want niemand kan dit perfek doen nie, en alleen 100% perfeksie is vir GOD goed genoeg. In Jesus het ons as gelowiges egter volle vryspraak. Nou onderhou jy die wet, nie omdat dit jou in die hemel gaan bring nie, maar om jou dankbaarheid en liefde teenoor GOD uit te leef. Voorbeeld: as ons in die wildskuiling sit, heers daar ‘n

gewyde stilte, nie omdat die wet so sê nie (daar hang wél ‘n bordjie wat sê STILTE!), maar omdat ons dit nie vir die ander mense wil bederf nie. En ek gaan beslis nie deur die opening stap na die watergat toe nie, want dan gaan die diere mos weghol, en ek gaan almal se pret bederf. Die wet dien as ‘n riglyn en uit liefde vir GOD en my medemens gaan ek my bes probeer om by die wet te hou. Ek sien dit egter ook nie as ‘n swarigheid nie, maar vir my as gelowige is dit ‘n vreugde - ‘n uitdaging om my by GOD se riglyne te hou.

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike vryheid wat U ons gegee het. Help my asseblief dat ek nie my vryheid misbruik nie.

# 28 Ons Gaan Wildtuin Toe!

Lukas 2:41-52

Skaars het ek aan die slaap geraak, of Pa maak my wakker met ‘n “Opstaan! Opstaan!”. Flink spring ek uit die kooi uit - bewend van opgewondenheid. “Ons gaan Wildtuin toe!”, borrel dit deur my. Waterval Boven se ysige Hoëveldluggie tintel op my vel as ek in die groen Zephyr ingebondel word. Ure later - dis nog steeds pikdonker - wys Ma vir my die silhoeët van Leeukop teen die lug wat begin verkleur. Ek spring op en af van opgewondenheid - die Wildtuin is nou naby! By Numbi hek staan

die tou motors kilometers vêr en wag om in te gaan. Ek spring uit en hardloop langs die ry karre af. Die heerlike geur van die Bosveld vul my longe. Ouma haal ‘n koekblik uit propvol toebroodjies en hardgekookte eiers en wors. Sommer daar in die tou waar ons staan en wag om in te gaan, brêkvis ons. Die stomende koffie uit die fles gee ‘n heerlike gloed in my maag.

Na ‘n opwindende dag van leeus en olifante en allerhande wonderlike gediertes, kom ons laatmiddag op Onder Sabi aan. Ons word begroet deur ‘n kamp met rye en rye vaalgroen tente. In

die middel begin die reuse kampvuur, gepak met Hardekoolstompe alreeds te knetter. Almal in die kamp kom sit om die gesellige vuur en gesels. Ondervindinge van die dag word uitgeruil, en mettertyd word rooiwarm kooltjies uitgekrap om ‘n worsie te braai. En as die leeu brul, dan bly almal stil om eers te luister......

Dit was meer as vyftig jaar gelede, maar die beelde is diep in my geheue ingegraveer. Onvergeetlike tye!

Tweeduisend jaar vroeër was die opgewondenheid in die dorpie Nasaret ewe groot: Dit was tyd vir

die jaarlikse Paasfees, en vir weke lank al was Maria besig om voorbereidings te tref. Die donkie se saalsakke word gepak met padkos en kooigoed. En dan, een oggend vroeg-vroeg word daar in die pad geval. Ma ry op ‘n donkie en die jong seun Jesus hardloop opgewonde saam met sy maats vooruit op die lang pad na Jerusalem. Hoe verder hulle vorder, hoe groter raak die groep. Nefies en niggies wat mekaar ‘n jaar laas gesien het koek saam, totdat dit ‘n reuse fees word van saamsing en skerts en speletjies speel.

Vir die twaalfjarige Jesus is daar egter ‘n ander soort opgewondenheid: Volgende jaar, op dertien, word hy ‘n “seun van die wet” - ‘n stappie nader aan Sy groot doel hier op aarde. Wanneer die ander kinders in Jerusalem speel en kattekwaad aanvang, hang Hy rond by die groot leermeesters, en drink elke woord in wat hulle sê. Natuurlik steur die grootmense hulle nie aan wat die kinders doen nie, want die hele spul kuier mos saam. En so vertrek Josef en Maria terug na Nasaret wanneer die fees uiteindelik verby is, salig onder die indruk dat Jesus tussen die bondel nefies en niggies is.

Maar Jesus is elders - tussen die ringkoppe met hulle grys baarde. Nou is Hy nie meer die een wat aan die ou manne se lippe hang nie, maar húlle hang aan Sy lippe, want sulke wysheid het hulle nog nooit uit die mond van ‘n jong seuntjie gehoor nie! Skielik word die bordjies verhang, want die leermeesters word nou die leerlinge en Jesus die Groot Leermeester wat almal oortref. Die res van die verhaal het ons al oor en oor gehoor - van hoe Maria later begin agterkom het dat Jesus nie meer by die groep is nie, en dat hulle begin soek het, en Hom uiteindelik drie dae later eers kon opspoor waar Hy

steeds besig was om met die Skrifgeleerdes te gesels oor “die dinge van my Vader”. Wanneer Maria Hom aanspreek oor hierdie “onverantwoordelike” ding, is die heel eerste woorde wat Lukas van Jesus aanteken: “Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?”. Hiermee wil Lukas die sluier lig oor wat ons van Jesus te wagte moet wees in die res van die verhaal. Nie alleen sien ons Jesus se wysheid en toewyding en die vooruitskou van Sy onderrig wat later sou kom nie, maar ons sien ook dat Hy Hom aan die wil van GOD onderwerp. Twintig jaar later

word hierdie onderdanigheid aan GOD tot die uiterste toe beproef wanneer Hy die laaste treë moet stap na die kruis, daardie aand voor die dag van verskrikking - toe Hy in doodsangs gebid het dat die Vader asseblieftog die gruwel wat op Hom wag sou ter syde stel. Maar in dieselfde asem het Hy Hom ten volle aan die wil van die Vader oorgegee, want dit was die enigste weg waardeur Hy versoening kon bewerk vir die mens wat verlore is in sonde.

Lukas vertel nie veel meer oor Jesus se jeugjare nie, buiten dat Hy aan sy ouers onderdanig was, en dat Hy in groot guns was by

almal om Hom. Alhoewel Hy aan sy ouers gehoorsaam was, was die prioriteit nommer een in Sy lewe GOD.

Die vraag wat ons vanoggend vir onsself moet vra, is waar ons prioriteite lê? Is dit ons werk of ons vriendekring? Niemand - nie eers ons eie gesin - mag prioriteit inneem bo die Here nie. Rondom Hom moet ons al die ander dinge beplan.

Gebed:

Here, ek moet vanoggend bely dat daar so baie ander dinge in my lewe is wat voorrang geniet. Leer my asseblief om U voorop alles te stel.

# 29 Gevaar in die Graspolle

## Filippense 4:4,5

Is Mosbolletjie mos toe vir my skoon die herrie in oordat ek dan kwansuis ‘n gevaarlike situasie sou skep (om haar eie woorde te gebruik). En waar haal sy my ôk sommer deeglik oor die kole.

Man, die hele petalje het toe eintlik een môre vroeg begin toe ek op die stoep sit met ‘n ou kôfetjie, en tuur so oor die vlakte, want dit is net die gevoel wat ek toe kry. Die grasperk hier voor my voel toe vir my nes ‘n groot plêstiek oopte met niks op nie. Eers was daar maar ‘n ou klein lappie gras, maar deur die jare

het hy so stukkie vir stukkie al hoe groter geword, totdat hy nou soos ‘n regte dorpstuin lyk, kortgeknip, netjies en gans te groot. En ek hou niks van wat ek daar sien nie! En net daar pak so ‘n wilde gier my, dat ek later amper spyt gekry het dat so ‘n iets ooit oor my gedagtes moes kom. Maar dit was te laat, en ek moes deurdruk!

Dit was net na ‘95 se groot reëns, en die veld was ‘n lushof. Ruig en groen die veldgras, en waar ‘n veldblommetjie bokant die lang stingels kan uitbeur, daar het hy geblom. En dit is toe mos ook net nog ‘n dryfveer vir hierdie wilde

gier wat my beetpak. Ek begin die grasperk omdolwe van ‘n kant af, en plant orals wilde graspolle. Hier en daar word sommer ‘n bossie of twee ook ingesmokkel, en van pure lekkerkry plant ek veldblommetjies net waar ek kan. Man, en is daar naderhand só ‘n wilde boskasie dat ek amper op my eie werf verdwaal! ‘n Oerwoud, púre oerwoud!

Maar dis net dáár waar die huismoles mos toe amper begin! En dit oor ‘n paar simpele ou graspolletjies! Ek probeer nog my óú gesellige self wees hier langs die vuurtjie daardie aand, maar Mosbolletjie bly brom. En so kort-

kort dan bly sy so oor haar skouer loer na een of ander luiperd of leeu wat dan kwansuis uit daardie ruigtes kan uitspring. En sy is ongedurig, want dis nou als my skuld, en dis ékke wat so ‘n gevaarlike oerwoud geskep het hier rég langs die braaiplek. Maar sy het self ook maar lekker raad gegee: “Daai klip sal mooi lyk dáár” en “Daai kol is nog te kaal. Plant nog ‘n graspol of ‘n bossie daar.”

En dit begin skemer raak. Sit ons nog so lekker en gesels, toe is dit net asof iets vir my kyk. Jy weet, partymaal dan kry mens mos so ‘n gevoel, so half ‘n kriewelrigheid

hier by jou nek langs. Tussen die einste splinternuwe graspolle gluur twee swart ogies en ‘n blinkswart neusie ons aan. Een vir een peul sy maatjies uit - muishondjies. Skielik kry hulle lewe, en dan skarrel hulle orals oor die grasperk rond en grawe vir krieke en goggas, al hier om ons.

En toe gooi die nag sy pikswart kombers oor ons, en die boskonsert begin. Oorkant die rivier sing die wolf-met-die-mankbeen sy “Hoeeeep-hoeeeep” klaaglied. Leeu brom-brom so half uit tjoen uit saam en die boompaddatjies tjierie-tjierie-

tjierie die hogere note. Van puur lekkerkry lag seekoei daar naby die groot jakkalsbessieboom jolig uit sy maag uit: “Oeemf snork-snork jugge-jugge snork...”, en hy lag en proes vir ‘n vêr-onner-die-belt grap dat die hele bos dreun! En bokant ons skaterlag die sterretjies klokhelder.

Skielik pomp Mosbolletjie my in die ribbes met die elmboog. ‘n Ou laai van haar daardie! Nes ek lekker slaap, dan pomp sy my gewoonlik so, en dan wil sy beweer ek snork. Snork! Ek? Verbeel jou! Ewenwel, Mosbolletjie pomp my in die ribbes (nie oor ek snork nie), en

ek weet hier is moeilikheid! Sy hoor iets in die lang gras, dieselfde gras wat ek die vorige dag geplant het. My nekhare staan eintlik orent van skrik, en Mosbolletjie se oë soos pierings soos sy probeer kyk.

Twee satellietskottel ore in die sterlig. Drie koedoes tree versigtig na vore uit die ruigtes. Dis omtrent net daardie ore wat bokant die gras uitsteek. En hulle staan ons rustig, grootoog en aankyk. En skielik is die nag in die bos mooi en vriendelik en so sag soos die koedoes se fluweel-oë.

En ek fluister vir Mosbolletjie: “Hier, uit hierdie ’gevaarlike’, wille boskasie, het nog net mooi dinge gekom! Of hoe liefie?”

En toe doen sy dit wéér - sy pomp my in die ribbes!

Om die Evangelie aan iemand oor te dra is nie maklik nie. Dink jou maar in sy situasie in: vir hom lyk dit soos daardie nuwe bos - ruig en gevaarlik en onseker, en veral as hy nadink oor die onsekerheid van ‘n lewe in die verdoemenis, dan wil hy wegvlug. Maar hou moed, en druk deur, al verwerp hy jou, want uiteindelik sal Hy die stem van die Heilige Gees hoor. En as dit die dag

gebeur, dan sien hy dat wat gevaarlik en ontoeganklik gelyk het skielik mooi en vriendelik word.

Dalk het jy al moed verloor met iemand wat jy na Jesus wil lei - moenie tou opgooi nie. Of dalk is jy vandag iemand vir wie die geloofslewe ‘n gevaarlike boskasie is waarvoor jy bang is. Ek nooi jou uit: gee daardie eerste tree - reik net jou hand uit - Jesus wag reeds met ope arms vir jou.

Gebed:

Here, gee asseblief vir my altyd deur ‘n bly gemoed, selfs al lyk dinge soms duister en gevaarlik.

# 30 As die Las te Swaar Word

2 Timoteus 1:6-14

Dit is êrens in die vroeë oggendure - hoe laat presies, weet ek nie, en ek gee ôk nie eers om nie. Die Rooibosvuurtjie maak klein blou vlammetjies, en die koletjies gloei vertroostend. Iewers steun 'n leeu, en dan sug hy half moedeloos: "Oemf, oemf, oemf....." - dalk het sy maat hom verlaat. 'n Hiëna kerm en weeklaag - daar hang 'n swaar wolk oor die nag. Selfs die skopsuiltjie se roep klink weemoedig. Dis net ek en die dominee wat hier knus by die stadig-sterwende vuurtjie stywe-

oog na die dansende vlammetjies sit en staar. “Ek gaan die bediening opgee”, weerklink sy woorde van vroeër die aand deur my verwarde gedagtes. Die vroumense het ure gelede gaan slaap, en toe begin hy afpak - alles het net eenvoudig vir hom te veel geraak. Oor die jare het hy elke greintjie krag in sy liggaam aan die gemeente gewy. Hy was maar ‘n jong proponentjie toe hy in die gemeente geland het, en sy ywer vir die saak van die Here het geen perke geken nie. Maar keer op keer is kritiek en teenstand al wat hy op sy beste pogings kry.

Dit is ‘n erg ontnugterde jong dominee wat die hele nag sy hart teenoor my uitpraat. “Ek gaan liewer ‘n sielkundige word”, besluit hy. Ek is maar net ‘n oor wat luister, want deur die jare het ek hom sien seerkry, en wat kan ek tog sê om sy seer te verlig? Hy vertel my van die tweespalt, die skeuring in die gemeente - dinge wat ek maar al te goed ken. Hy vertel van hoe sy eie gemeentelede, vir wie hy so onvoorwaardelik dien, hom beswadder en van hom kwaadpraat.

Daardie deurnag se gesprek in die Bos was vir hom ‘n keerpunt

in die lewe. Nee, sy probleme het nie minder geword nie, maar hy het geleer om hulle te aanvaar as deel van die pakket. Dit was jare gelede, en vandag is hy ‘n baie suksesvolle leraar in ‘n aan-die-brand gemeente. Ja, daar is sekerlik steeds probleme, maar hy het geleer om daarmee saam te leef.

Uit wat Paulus skryf, skemer dit deur dat Timoteus se ywer vir die bediening begin afkoel het. Timoteus se trane was nie net oor Paulus nie - hy het ontnugter geraak. Daardie vurige entoesiasme waarmee hy sy bediening begin het, was nie

meer daar nie, en sy wonderlike gawes het hy nie meer met oorgawe gebruik nie. Wat het gebeur? Moontlik was dit sy jeugdige ouderdom wat teen hom getel het, of dalk swak gesondheid. Dalk het die onophoudelike aanvalle van die dwaalleraars hom begin onderkry. Dalk was dit die feit dat hy as Christen gebrandmerk was as ‘n vyand van die staat. Sy eie leermeester, Paulus, sit immers al jare in die tronk, en ‘n teregstelling is sy voorland. Min het Timoteus geweet dat die tronk ook later vir homself ‘n tuiste sou word.

Timoteus was nie die eerste geloofsleier wat ontnugter geraak het nie. Ons kan maar net dink aan Moses wat na jare se gekyf van sy volk so byna-byna die handdoek ingegooi het. Elia het onder ‘n boompie gaan lê en gehoop hy gaan liewer dood, want die hele wêreld was teen hom. Job het meer teenslae beleef as wat menslik draagbaar is, en hy was bitter moedeloos, veral toe sy vriende en selfs sy vrou hom versaak. Selfs die groot koning Dawid was verpletter deur sy omstandighede.

Wat maak ‘n mens as jy agterkom dat jou ywer vir die evangelie - vir

jou bediening begin verflou? Die groot geheim is om nie te behep te raak met jouself nie. Jou eie gebreke en jou omstandighede is nie die belangrikste dinge in jou lewe as Christenleier nie, maar jou fokus moet eerder skuif na dit wat GOD jou gegee het. Dalk is dit goed as jy net ‘n bietjie gaan stilsit en terugdink aan jou passievolle ywer van die verlede - die tyd toe jy berge kon versit deur die geloof. Wat was die dryfveer daardie tyd? Waar het jou krag vandaan gekom? Nee, dit was beslis nie jou eie krag en ywer en goedheid nie - alles het van die Here gekom.

Wat het dan skeefgeloop? Miskien is dit die hoë verwagtinge wat mense aan jou stel en bomenslike offers wat dikwels van jou gevra word. Dalk steur jy jou te veel aan mense se kritiek en hulle voorskrifte. Dalk lyk die berg van swaarkry vir jou te hoog. Dalk sien jy jouself as nie meer opgewasse teen al hierdie dinge nie.

Die opdrag wat ek en jy uit hierdie gedeelte kry, is om te fokus op wat GOD ons gegee het. As jou ywer lyk na ‘n hopie uitgebrande as - blaas dit dan aan sodat die kole weer helder kan gloei. Onthou: die Gees woon in jou!

Gesels met iemand wat jy vertrou en vertel hom van jou dilemma - selfs predikante en pastore het geestelike versorging nodig. Fokus biddend op GOD en die voorskrifte wat Hy jou gee, en pak alles in vetroue op Hom aan. Dan sal die krag en liefde en selfbeheersing wat alleen die Gees ‘n mens kan gee, weer uitstraal uit jou lewe.

Gebed:

Here, ek wil my oë alleen op U gevestig hou - gee my asseblief die krag daarvoor.

# 31 Oorlewingstryd

1 Timoteus 6:17-21

In ’n vorige dagstukkie het ons geraak aan die punt van gierigheid en rykdom en Bybelse tevredenheid. Die vraag is, of ‘n Christen dan nie ook ryk kan wees nie? Gaan kyk ons na gelowiges in die Bybel, dan kry ons baie ryk mense wat tere kinders van GOD was, soos byvoorbeeld die klassieke Job, en dan was daar Abraham, wat ‘n baie ryk man was. Salomo het nie die einde van sy skatte (en sy vroue!) geken nie. Om darem ‘n duisend vrouens te onderhou (én

gelukkig te hou), het aan ‘n man se sak gevat!

Nou moet ek darem sê, dat daar meer as net een soort rykdom is. In James Stevenson-Hamilton se boek, “An African Eden”, vertel hy van ‘n rykdom wat nie in geld gemeet kan word nie. Dit was die beginjare van die Kruger Wildtuin, en hierdie nuwe wildreservaat was die Aspoestertjie van Suid-Afrika. Die Anglo-Boere Oorlog was pas verby, en daar was nie geld om hierdie droom te verwesenlik nie. Daar was geen paaie nie - net die wilde, dikwels ondeurdringbare bos. Hamilton het ôk nie ‘n 4x4 besit nie, en met

perde, osse en donkies is die onbegaanbare bosse deurkruis. Die ergste van alles is dat daar nie eers diere was nie, want hulle was almal uitgejag.

Hamilton, Harry Wolhuter en die ander wildbewaarders moes oorleef op ‘n bitter klein toelaag van die regering - daar was nie eers geld vir behuising nie! Eers ‘n paar jaar na die totstandkoming het hulle enkele sinkhuisies gekry om in te bly - party van hulle het vir jare in modderhutte oorleef. Hulle spyskaart het bestaan uit mieliepap, tee, soms ‘n bietjie Boeliebief en groente wat hulle self moes kweek. Nogtans vertel

Hamilton van die ongelooflike rykdom wat hy ervaar het, en die luukse van ‘n ongerepte, onbesoedelde wildernis waar jy vry soos ’n arend is en die suiwer, skoon lug kan inasem. Een van die wildbewaarders het elke maand sy hele salaris weggegee aan die plaaslike bevolking, bloot omdat hy geen nut van geld gehad het nie. Sy rykdom was die veld waarin hy gebly het.

Paulus waarsku teen rykdom, want daar is allerhande gevare aan gekoppel. In die eerste plek is daar die onsekerheid wat saam met rykdom gaan. Kyk maar byvoorbeeld net hoe hard die ryk

mense geval het met die onlangse ekonomiese insinking. Talle groot en gevestigde ondernemings het bankrot gespeel toe die ekonomie skielik hik. Mense wat stinkryk was het skielik met absoluut niks gesit, en mense wat in paleise gewoon het, het op straat beland.

Die gevaar kom in waar iemand sy rykdom sien as ‘n produk van sy eie goedheid, en dat hy daardeur ‘n grootkop kry. ’n Mens moet elke oomblik van die dag besef dat niks wat jy besit deur jou eie toedoen is nie, maar dat absoluut alles uit suiwer genade aan jou geleen is deur die Een

aan Wie alles behoort. Die vraag wat ons onsself moet afvra, is of ons sonder al ons besittings steeds op GOD sal vertrou? Hy het gegee - as Hy nou weer wegneem - sal ons steeds tevrede wees? Onthou jy nog die verhaal van die ryk jongman wat met Jesus kom gesels het? In Matt 19 lees ons dat hy bereid was om alles te doen vir Jesus, maar toe dit by sy besittings kom, toe steier hy terug, want nou vat dit aan die dinge wat hy liefhet.

Rykdom is 'n gawe wat GOD ons gee, maar as ons dit kry dan bring dit vir ons 'n baie groot verantwoordelikheid saam - 'n

verantwoordelikheid wat van jou vra om jou aardse skatte hemelse skatte te maak. Vrygewigheid, mededeelsaamheid en goeie dade is ‘n paar van die maniere waarop jy jou skatte in hemelse skatte kan verander. Die wonderlike is dat jy nie ryk hoef te wees om hierdie soort van beleggings te maak nie. Nog beter nuus is dat jy nie hoef bang te wees dat ‘n skielike ekonomiese insinking jou belegging kan kelder nie. GOD gee aan my en jou die wonderlikste beleggingsgeleenthede - gryp hulle aan, en jy sal nooit, ooit spyt wees nie! Gaan lees maar wat

Jesus gesê het oor sulke beleggings, in Matt 6:19-20.

Ons het gekom aan die einde van hierdie inspirerende brief van Paulus aan Timoteus (en elke Christenleier). Ten slotte vertel Paulus dat GOD ‘n deposito in jou belê het. Hierdie deposito is die geloof, kennis en gawes wat aan jou toevertrou is. Hierdie dinge behoort nie aan jou nie - dit is steeds GOD se eiendom - Hy het dit slegs aan jou toevertrou omdat Hy weet dat jy dit baie suksesvol en winsgewend kan gebruik. Soos in die gelykenis van die muntstukke waarvan Jesus vertel het in Matt 25:14-30, sal GOD

ook eendag rekenskap vra van Sy deposito. Die vraag is of ek en jy daardie deposito sal kan terug gee met groot wins, of gaan ons dit maar veilig begrawe omdat ons bang of lui is om daarmee te gaan woeker? As ons werklik ernstig is oor ons geloof, sal ons wegbly van al die sinlose leierskapspraktyke. GOD se genade is vir Christenleiers beskikbaar in alle oorvloed - gryp dit aan en stel ‘n geloofsvoorbeeld wat elke gelowige sal wil navolg.

Gebed:

Here, dankie vir die groot rykdom wat U uit genade vir my gegee

het - leer my asseblief om dit volgens U wil te gebruik.

# 32 Die Voël met die Groot Ego

Daniël 11:36-39

Ek word wreed uit my slaap wakkergeskud met iemand klop. Ek is sommer dadelik half vies, want wie sou my dan so vroeg in die môre wil kom spreek - weet hy dan nie dat ek op vakansie is nie? En boonop is my boshuisie mos private en ekslusiewe eiendom (of iets in dier voege)! Ek strompel met dikgeslaapte oë voordeur toe om oop te maak - daar is niemand! Dan sien ek hom: die neushoringvoël wat aan die venster klop. Hy is ook sommer ontsteld. Dan vlieg hy ‘n draai en kom sit voor ‘n ander

venster en klop met méning. Verwoed pik hy na die glas. Die proses word herhaal in elke venster rondom die huis.

Toe kom ek die ding agter: Hierdie voël het so ‘n groot dunk van homself, dat hy hom verbeel dat hy die enigste een is wat seggenskap hier rond het. En nou is hierdie ander voël skielik óók hier rond, en hy probeer sy gewig rondgooi. Die ergste is dat elke keer as hy met die ander ou in die venster praat, dan praat daardie ene terug! Sy senuwees is gedaan, want hy wil die grootbaas wees, en skielik word sy baasskap betwis.

Antiochus die IVde het nog ‘n baie groter probleem gehad. In sy koninkryk het sy onderdane ‘n klomp afgode aanbid. En toe dink hy by homself, dat hy wat Antiochus is, afgeskeep word, en die afgode kry al die aandag. Sy slim plan is om vir homself ‘n tweede naam by te voeg: “Epifanes”, die geopenbaarde god. Dit was algemene praktyk in sy tyd dat konings hulleself as gode laat verklaar het, maar Antiochus het ‘n stappie verder gegaan en homself bo al die gode verhef. Niemand het tot dusvêr tot sulke absurde en ongehoorde hoogtes probeer vlieg nie! Argeoloë het geldstukke ontdek

waar hy afgebeeld is met ‘n stralekrans bo sy kop en die woorde “Koning Antiochus, Die Geopenbaarde God” daarop gegraveer.

In Rome het hy die afgod Jupiter Capitolinus, “die god van vestings” leer ken. Die Grieke noem hierdie selfde afgod Zeus Olimpios. Antiochus het groot sin gekry in die krag wat hierdie afgod versinnebeeld, en hy het later homself laat uitbeeld met dieselfde gelaatstrekke as Zeus, en homself “Die Oorwinnaar” laat noem. Hy het homself vereenselwig met hierdie grootste van die afgode. Soos ons gister

gesien het, het hy dan ook ‘n beeld van Zeus in die tempel in Jerusalem laat aanbring. Hiermee wou hy nie alleen die afgod laat heers in die tempel nie, maar het hy homself as heerser in die tempel geplaas. Sodoende wou hy in werklikheid sê dat hy verhewe is bo die Almagtige God.

Antiochus het volgens vers 36 ongehoorde dinge teen die Allerhoogste God gesê. Met sy aksies en dade het hy God gespot en gesmaad. Boonop het hy ook alle dienste aan God verbied. Sou God dit verdra? Inderdaad het God vir Antiochus vrye teuels gegee, en hom laat

begaan, want God se tyd vir hierdie arrogante man was nog nie daar nie.

Antiochus het nie alleen die Jode die harnas ingejaag met sy hoogmoed nie: in Sirië het hy die afgode van sy eie mense verag. As hy dan groter as hulle gode is - waarom moet hy hulle dan aanbid? Wat veral seergemaak het, is die liefling-god van die vrouens, Tammoes, wat hy verwerp het. Die afgod Zeus is die enigste wat hy laat vereer. Vir die Siriërs is dit ‘n totaal nuwe god, en Antiochus gaan uit sy pad om hierdie god met oorvloedige skatte te laat vereer. Natuurlik het

dit te doen met die feit dat hy homself met hierdie afgod identifiseer. Diegene wat sy nuwe god aangehang het, het hy beloon met grondbesit en poste in sy administrasie.

Ons het aan die begin gesê dat Antiochus Epifanes beskou kan word as die Ou Testamentiese “Antichris”. Uit wat ons vandag oor hom geleer het, is dit baie duidelik dat daardie beskrywing hom soos ‘n handskoen pas. Hy laat eer homself as die vleesgeworde Zeus, die god van die Romeinse tempelvesting, en hy eis gehoorsaamheid, selfs van die kerk, wat alleen die God van

die tempelvesting van Sion mag (moet) aanbid, en die Seun van God wat in die vlees sou kom, nie baie lank na hierdie gebeure nie.

Vandag het die mensdom steeds die keuse: Kies tussen die Lam en die Dier! Wie gaan ons eer - God almagtig, Skepper van hemel en aarde, of gaan ons toegee aan die mens met sy afgodsdiens van humanisme, grootheidswaan, geldsug en magsug? Op die oog af is die antwoord baie maklik: Natúúrlik sal ons God aanbid - dit is mos voor-die-hand-liggend! Lees ons egter die Tien Gebooie, dan kom ons agter dat as ons kies om God

te volg, dan mag ons Hóm alleen dien, en geen ander gode nie. Dit noop ons om ‘n bietjie te besin oor die afgode wat die lewe ons in oorvloed bied. Alles wat vir ons so belangrik raak dat dit ons lewe oorheers, kan ‘n afgod wees. Vir een persoon is dit dalk drank; vir ‘n ander kan dit kos wees. Iemand se lewe word dalk oorheers deur sigarette, en ‘n ander s’n deur geldgierigheid. Dobbel, seks, pornografie, magsug - noem maar op - al hierdie dinge kan ‘n afgod wees. Kom ons breek vandag met die klein godjies in ons lewe, en dien God Almagtig alleen.

Gebed:

Here, help my asseblief om ontslae te raak van al die klein afgodjies in my lewe - ek wil U alleen dien!

# 33 Olifante in die Rivier

Filippense 1: 9-12

Die Bos is baie, baie droog. Die diere kry bitter swaar, want daar is niks kos in die veld nie. Heeldag lank kom bedel die diere vir kos by die huis - tarentale, vlakvarke, koedoes, vlakvarke, patrysies, vlakvarke en nog vlakvarke. ‘n Paar van die knoetsgevreet-otjies kom parkeer onder die deurmekaar slierte van ‘n rosyntjiebos, en die oomblik as ‘n mieliepit (bedoel vir tarentale of patrysies) die stowwerige grond tref, dan is die otte daar soos blits om die pitjies uit die stof te grawe. Dankbare wesens, hierdie

vlakvarke - staan op hulle knietjies as daar kos is.

Marius en Margriet van Vuuren kuier die naweek saam met ons in die bos. Laatmiddag gaan ry ons ‘n draai langs die Krokodilrivier. Ons is nie teleurgestel nie - so vêr as wat die oog kan sien staan daar olifante en wei in die rivierbedding - honderde. In die veld is daar vir hulle absoluut niks groenigheid nie, en nou is hierdie oorvloed van riete in die rivier vir die ou grootvoete ‘n heerlike uitkoms. Die hele tyd hoor jy net kraak en kou soos hulle riete verorber, en

deurentyd plons iemand iewers deur die water.

Ek kom gou agter dat hier meer as net een trop ollies staan en wei - hulle maak sulke groepies van tien of twintig wat saam staan en wei. Een groep se ou ma besluit dat dit tyd geword het dat hulle bostoe moet vertrek, en soos een man draai die hele trop skielik om en begin die steil rivierwal opklim. As die laaste een oor die bult verdwyn die doringbosse in, is hier skielik ‘n verskriklike kabaal rivieraf. Jy hoor net riete kraak en ‘n olifant wat bitter benoud trompetter. Die aarde dreun letterlik soos die

dierasie aangehardloop kom. Snaaks genoeg, steur dia ander olifante hulle gladnie aan hierdie lawaai nie - hulle staan rustig en voortwei. En dan verskyn die skreeuende, bulderende gevaarte om die draai. Die eerste wat jy sien is die twee ore wat soos satellietskottels uitgesprei is. Kort-kort gaan staan hy, slurp in die lug en beruik baie benoud die omgewing voordat hy weer al skreeuende voortdonder. Ek sien sommer dadelik dat hierdie nog maar ‘n jong bulletjie is. Het hy dalk iewers ‘n leeu gewaar? Ons staan hardop en wonder oor sy manewales. Dan merk ons dat hy elke keer wanneer hy so die lug

beruik het, ‘n spesifieke koers inslaan. En dan kom ons agter dat hy op die spoor afstorm van die trop wat so flussies oor die horison verdwyn het.

Ek kan maar net raai wat daar gebeur het: hy het natuurlik gestaan en ginnegaap toe Ma die bevel gegee het om te vertrek - dalk hom staan en verlustig in al die mooi jong koeitjies tussen die riete. En toe hy sy ogies uitvee is sy ganse familie skoonveld. Wat die saak toe vererger, is dat hy op daardie oomblik vaskyk in ’n bondel mensegesigte wat hom grootoog deur die draad aanstaar. Die mannetjie raak natuurlik toe

bitter benoud en hy skree “Ma! Mammie!”, maar ma is net weg, en hierdie mense lag vir hom. Hy plons haastig deur die rivier wat wemel van krokodille en allerhande nagmerrie-goeters, en in ‘n reuse stofwolk klouter hy die rivierwal op en verdwyn al kermende oor die bult agter Ma aan.

Intussen sien Marius drie olifante wat agter ‘n bossie staan naby die heining. Ons twee manne loop nader om darem nou behoorlike fotos van die ou grotes te kan neem. As ek my kry, staan ons nie minder nie as twintig treë van die grootvoete af, met net ‘n

bietjie doringdraad wat ons skei. Terwyl ons ons nog so staan en verwonder, raak hulle skielik bewus van ons teenwoordigheid, en verdwyn die twee koeie. Die bul bly alleen agter, so asof hy wil sê: “Kruip julle gou weg - ek sal hierdie twee besig hou!”. Hy draai om en kyk my reguit in die oë. Ek raak baie ongemaklik. Ek sien duidelik hoe die ou ‘n frons kry op sy voorkop, en dan kry ek die gevoel dat hy nie van my hou nie. Skielik maak die ou asof hy wil storm, en ek skrik my in ‘n ander geloof in. Op daardie oomblik besef ek dat ek ingemeng het in die rustigheid van ’n gesinnetjie wat maar net daar gestaan en

hulle eie ding doen het. Ek het hulle rus versteur, en hier moet ek nou wegkom. Redelik katvoet blaas ek en Marius die aftog.

Die aand om die kampvuurtjie word ons ontmoeting met ou Ollie nog lank herkou.

As ek terugdink,dan weet ek dat ek on-sensitief en ongevoelig was. Van die olifante kan ons leer oor die hegte familiebande, en hoe hulle vir mekaar omgee. My ongevoeligheid het dinge vir hulle deurmekaar gekrap. Paulus skryf dan ook aan die Filippense dat dit van uiterste belang is dat ons as gelowiges ‘n fyn aanvoeling moet aanleer, en begrip hê vir mekaar,

en dat liefde in ons lewe sal botoon voer. ‘n Mens betrap jouself dikwels dat jy ongevoelig optree teenoor ander mense - dat jy selfs deur onsensitiewe woorde gesinne uitmekaar kan dryf of iemand baie seer kan maak. Ek is sélf skuldig hieraan, en dan wil ek my tong afbyt oor ‘n onbesonne ding wat ek oor iemand gesê het.

Kom ons wees sensitief, want hierdeur staan ons ook in die regte verhouing met die Here.

Gebed:

Here, maak my asseblief sensitief, en plaas ‘n wag voor my mond.

# 34 Swaarky Kweek Krag

Filippense 1:27-30

Ek kan nie onthou watter jare ek die Kruger Wildtuin laas so droog gesien het nie. In die Krokodilbrug omgewing is daar nie ‘n sprietjie gras nie - slegs kaal rooi grond. Baie van die watergate het totaal opgedroog. Tóg wemel dit van diere hier - wat hulle vreet is ‘n raaisel, want daar is absoluut niks om aan te knibbel nie. Jy kan ook sien dat hulle swaar trek, want hulle is brandmaer, en dit is ‘n uitgemaakte saak dat baie van hulle nie die droogte gaan oorleef nie.

Toe ons onlangs deur hierdie gebied ry, sug Mosbolletjie dat sy die diere so verskriklik jammer kry. Wat ‘n mens egter nie besef nie, is dat ‘n droogte vir die natuur ‘n siftingsproses is. Diere van ‘n swakker gehalte gaan dit nie oorleef nie, en slegs die sterkstes en vindingrykstes kom heelhuids anderkant uit. Dit is die natuur se manier om te sorg dat die diere wat aanteel slegs uit die beste en sterkste gene voortspruit en dat swak gene in die proses weggelaat word. Daar word met ander woorde ‘n trop diere gebou wat in alle opsigte sterk is.

Maar die natuur gebruik ook ander metodes van swaarkry om geharde spesies te kweek. ‘n Voorbeeld is die stryd wat ‘n klein boompie het om te oorleef. Skaars is sy blaartjies oop of ‘n koedoe kom vreet hom stomp af. Dit neem baie jare voordat hy uiteindelik uitstyg bo die vernielsugtige diere. Maar teen daardie tyd het hy ‘n baie sterk wortelstelsel opgebou en kan hy feitlik enige ramp oorleef.

‘n Mens kan baie duidelik sien wat gebeur met diere wat nie aan hierdie soort stres blootgestel word nie. Diere wat in ‘n dieretuin gepamperlang word is ooglopend

swak en lamsakkig, en wilde bome wat in ‘n tuin beskerm word, het nie die gehardheid en weerstand van wilde boom in die veld nie.

Met ons geloof gaan dit in ‘n sekere sin presies dieselfde. Iemand wat nooit swaarkry beleef nie, se geloof mag op die oog af pragtig lyk, maar die eerste terugslag laat hulle geloof ernstig wankel. Swaarkry maak jou geloof sterk. As jy nooit gekonfronteer word met geloofsprobleme nie, dan aanvaar jy maar dat alles reg is. As iemand jou egter kom aanval oor jou geloofsoortuigings, dan

word jy gedwing om hom daarop te antwoord. Die gevolg is dat jy self moet gaan seker maak waarom jy glo soos jy glo, en jy moet gaan antwoorde soek in die Bybel. Nie alleen kry jy so ammunisie nie, maar jou eie geloof word versterk, want nou begin jy verstaan waarom jy glo soos jy glo. Toe ek ‘n ruk gelede in ‘n hoek gedruk is om in gesprek te tree met Jehovah Getuies, moes ek eers deeglik gaan navorsing doen oor presies hoe hulle oor sekere sake glo, en wat die Bybel daarvan sê. Vir my was dit ‘n baie verrykende ondervinding, al kon ek hulle nie oortuig nie.

Dit is egter nie net konfrontasie wat jou geloof bou nie. Vervolging as gevolg van jou geloof bring jou nader aan die Here, en maak dat jy begin stry vir jou geloof. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die aanval wat die Vrydenkers beweging besig is om te loots, om skole wat Godsdiensonderrig gee te probeer dwing om dit te staak. Skielik het daar van oral oor mense begin wakker skrik en hierdie skole begin ondersteun. Die Vrydenkers (‘n Ateïste beweging) kry nou met baie meer te doen as wat hulle verwag het. Nie alleen kry hulle te make met gelowiges wat deur vervolging versterk word nie, maar die ander

faktor is eensgesindheid onder gelowiges. “dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie” - so beskryf Paulus daardie kragtige aksie in Filippense 1:27

Paulus sê dat ‘n mens eintlik bly moet wees as jy swaarkry beleef. “GOD het julle die voorreg gegee on Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly.” (Filip 1:29). Het jy mooi gelees? Dit is ‘n VOORREG om te ly vir Jesus! As alles in jou lewe net goed gaan, dan moet jy begin bekommerd raak, want swaarkry is deel van ‘n

gelowige se lewe. Dit is soos wat die ure se pynigende oefening deel is van ‘n atleet se lewe. Sonder daardie swaarkry gaan hy nooit êrens kom nie, maar dit is juis die swaarkry wat hom héél bo laat uitstyg. Ek kan getuig daarvan in my eie lewe: dit is nie maklik om elke dag voor die hoenders wakker word, myself uit die kooi te moet sleep om hierdie dagstukkies te skryf nie. Dit beteken dissipline, want soms wil ‘n man darem ‘n bietjie laat lê. Dit het egter ‘n verdieping in my geestelike lewe gebring wat ek vir niks op aarde wil verruil nie. Elke dag leer ek iets nuut hieruit, en

kry ek insig wat ek nooit voorheen gehad het nie.

Ek kan dit absoluut aanbeveel dat in plaas daarvan dat jy ‘n dagstukkie lees vir stiltetyd, jy jou eie dagstukkie skryf. Neem ‘n Skrifgedeelte en lees dit biddend deur, en skryf dan neer wat die Heilige Gees vir jou uit daardie deel sê. Dit gee jou ‘n totaal nuwe perspektief op stiltetyd! Probeer dit gerus.

Gebed:

Here, dankie vir die swaarkry in my lewe. Dankie dat U my waardig geag het om vir U te kan ly, en dat U my geloof so ook daarmee opbou.

# 35 KaggaKamma

Psalm 62

*Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding.*

*Net Hy is my Rots en my Redding, my Veilige Vesting,*

*Sodat ek vas en stewig staan.*

O koud is die windjie, en skraal ..... Wie het dit nou weer geskryf? Maak nie saak nie - op hierdie oomblik is dit uiters gepas! Verlangend loer ek by die venster uit oor 'n maanlandskap - die enigste manier om dit te beskryf. 'n Ysige wind suis om die hoeke van die huis, en kruip geniepsig

deur elke gleufie en opening om jou gebeentes te vermurwe.

As die donkergrys wolkmassas oorgevlieg het, skyn die son weer helder en vrolik op die reuse sandsteenrotse langs die huis. Maar dit is bitter bedrieglik, want die son maak nie warm nie - nie eers 'n ou klein bietjie nie.

Tóg maak die yswind en gure weer vir geen oomblik afbreuk aan die skildery wat hier voor my oopsprei, asof 'n meesterskilder op 'n reusagtige stuk doek, kwistig met aardse kleure speels aan sy wildste verbeeldingsvlug vrye teuels gee.

Maar wag, laat my toe om voor te begin. Die naam, Kagga Kamma, het my verbeelding aangegryp. Google se satellietbeelde laat dit lyk na 'n onherbergsame, rots-woestyn waar daar niks anders as klippe is nie. “Daar wil ek na-toe gaan!”, sê-pleit ek by Mosbolletjie, en sy laat haar oortuig deur my entoesiasme. Ons vlieg Kaapstad toe en ry met 'n gehuurde motor die 250km noordwaarts. Vir my is dit 'n onbekende wêreld, en die bergpasse weerskante van Ceres slaan my asem weg - dis mooi! Maar dit is eers nadat ons die grondpad anderkant die gehuggie Op Die Berg vat, wat die woordjie

“mooi” begin betekenis kry. Oral is daar koppies en ruwe berge wat bestaan uit sandsteen rotse, uitgekerf deur die wind in die mees fassinerende beeldhouwerke. Hoe nader ons aan Kagga Kamma kom, hoe meer van hierdie kunswerke lê oor die veld rondgestrooi.

Dit was net voor sononder toe ons die reservaat se hekke binnery. Ek weet nie waarheen om te kyk nie, want links, regs, voor en agter lê hierdie asemrowende kunswerke verstrooi - soms opgestapel, of staan reuse rotse plek-plek en balanseer op 'n enkele ou

mespuntjie, asof 'n ligte briesie dit kan omwaai.

Die kersie op die koek is die sonsondergang oor hierdie rotsbestrooide aarde - bloedrooi en helder geel en diep oranje - kleure wat blote woorde nie kan beskryf nie. Op die oostelike horison dryf die vol maan soos 'n oorgroot weerballon. Later, as die nag oor Kagga Kamma toesak, skyn die maan helder, spookagtig oor 'n maanlandskap van rotsblokke en wit kliprandjies.

'n Nuwe môre bring 'n splinternuwe wêreld - een met 'n ysige windjie uit die weste, maar met 'n wonderwêreld van klip en

fynbos. Ek durf die koue aan en gaan verken die veld rondom die huisie. Wat aanvanklik vir my lyk na 'n dooie, onherbergsame half-woestyn, kry skielik lewe. Oral groei die wonderbaarlikste plante en selfs veldblommetjies. En waar ek ookal trap lê daar mis en spore van allerhande wilde diere - sebras , hase, bontebokke, elande en iets wat dalk 'n muishond kan wees.

Voëltjies vlieg vervaard op as ek hulle verras - mossies, streepkoppies en 'n bokmakierie. Maar dis die reuse rotse wat my mond laat oophang. Die ysige wind dwing my egter terug in die

huis in, waar ons weldra ‘n warm kaggelvuur aan die gang kry en die aand onder komberse na die dansende vlamme staar - knus en tevrede.

Dis nou 'n paar dae later, en ek sit êrens in die veld in die skadu van 'n reuse rots en bepeins die gebeure van die afgelope paar dae. Die prentjie voor my is on-aardse, on-werklike on-glooflike, on-sommer-alles-sandsteenbeelde, kunstig uitgekerf deur die wind oor baie duisende jare, omring en deurweef met bergfynbos - iets halfpad tussen die Kaapse fynbos en karooplantegroei. En die

agtergrond vir hierdie prentjie is die grou Cederberge wat troon tot teenaan die helderblou wolklose hemel. 'n Hemelse gesig inderdaad!

Ons gaan stap 'n paar dae gelede een van die wandelroetes, met die naam “Klipspringer”. En inderdaad doen die roete sy naam gestand, nie omdat ons enige klipspringertjies gesien het nie, maar jy moet beslis 'n klipspringer se kwaliteite hê om hom te kan oorleef. Ons klouter oor rotse en kruip deur nou gangetjies en onderdeur oorhangende klippe. Ons vorder bitter stadig, want elke vyf treë is

daar iets interessant om af te neem. Daar is krokodille, oerangoetangs, dinosourusse, reusemuise, arende en die koddigste gesigte, alles uitgekerf in sandsteen. Af en toe kom ons op boesmantekeninge af. Later word ons ingelig dat sommige van hierdie tekeninge tot sesduisend jaar oud is - moeilik om te glo!

Op en af klouter ons, tot ons later in 'n klofie afstap met kranse van majesteuse sandsteenblokke wat weerskante van ons 'n erewag vorm. 'n Mens kan maar net nie gewoond raak aan die oorweldigende skoonheid van die

rotse nie. Om dit te probeer beskryf, is 'n onbegonne taak, want geen taal bevat die woorde om hierdie tonele te probeer beskryf nie. Selfs die honderde fotos wat ek neem, kan nie die majesteit en omvang van die tonele vasvang nie.

Gisteraand word ons op 'n “sundowner” rit geneem, oor bykans onrybare paaie, tot op die rand van die plato.

Voor ons ontvou 'n panorama met die Cederberge as agtergrond. As die son sak agter die berg, wat soos 'n reuse luislang van horison tot horison uitgestrek kronkel, dan

word die lug in sagte pastelkleure geverf oor die Groot Karoo wat eindeloos aan die een kant strek oor 'n totale verlatenheid, en die Tankwa Karoo wat na die anderkant strek tot dáár waar die Cederberge verdwyn. Die ysige aandluggie herinner ons daaraan dat ons nou in die Koue Bokkeveld is.

Ons groepie sit soos dassies ingeryg in die laaste oranje strale van die verdwynende sonnetjie, terwyl 'n streepmuis en twee hondmak klaasneusies om ons voete rondskarrel op soek na krummeltjies. Koddige kreatuurtjie, die klaasneus, met

sy twee groot olifantoortjies en sy lang slurpie vir 'n neus, wat die hele tyd wikkel, diékant toe, dááikant toe - sommer in alle rigtings.

Waar ek hier sit en skryf, op die laaste dag van ons kuiertjie in Kagga Kamma, in die eensaamheid van die veld, kan ek nie anders nie as om my hart op te hef na Bo. Dit is in hierdie omstandighede wat die onbeskryflike almag van God jou só oorweldig, dat jy nie anders kan as om neer te val in aanbidding nie.

Die windjie suis saggies deur die regop stingels van 'n besembos

wat sy lang, dun arms in lofprysing ophef na Bo, na die Skepper van dit alles, en in die windjie hoor ek die Vader se sagte, liefdevolle stem vir my sê: “Ek het jou oneindig lief, My kind, baie meer as die uitgestrektheid van hierdie ongerepte wêreld. Elke dingetjie is hier so volmaak gevorm tot eer van God - van die piepklein vygies en kleurvolle ligene (klipblommetjies) wat die rotse kwistig verf met hulle helder rooi, oranje en geel kwaste, tot die vaal ou karoobossies en verdroogte harpuisbos wat met die eerste reëns weer sal jubel in die veld. En natuurlik klap die

rotsfigure hande van pure uitgelatenheid.

En moenie die voëltjies vergeet nie - die talle mossies en streepkoppies en slangverklikkertjies, asook die pragtige bokmakierie met sy borrelende liedjie. Almal besing die Almag van die Grote Skepper van al hierdie mooi dinge.

Gebed:

Here, dankie dat ons U hand in al die mooi dinge in die lewe kan sien. Ek wil dit met my hele hart en siel uitjubel: “Majesteit, glansryke heerlikheid!”

# 36 Sobhengu

## 1 Korintiërs 13:12

Heerlik koel is die briesie wat liggies speel met die fyn blaartjies van 'n rankplant wat die eeue-oue woudbome hier voor ons stoep deurvleg. Waar die woud 'n openinkie maak, kan jy die uitgestrektheid van die St Lucia meer sien blink in die oggendson. Die woud weerklink van die sang van voëltjies, groot en klein, vaal en kleurvol. 'n Boomeekhorinkie kom die houtpaadjie opgehuppel, terwyl 'n bondel skoenlappertjies vrolik tussen die takke deur baljaar. Ek sit stoksielalleen op die massiewe houtdek van die

manjifieke grasdakhuis, al hierdie mooi en indrink, terwyl al die ander nog lê en slaap. Die rustigheid is oorweldigend.

Sobhengu is die naam van die plek waar ek en my gesin die naweek kom uitspan het, geleë op 'n skiereiland in die middel van die uitgestrekte St Lucia meer. Kyk jy wes, dan is die oorkantste oewer 'n volle sewe kilometer weg, en as jy oos kyk, is die oorkant byna net so vêr. Aan die suidekant is daar net water vir twintig kilometer of meer. Ons is jy-kan-maar-sê in die middel van nêrens!

Die huis waarin ons bly is omring deur die mooiste kuswoud denkbaar - 'n ruim grasdakhuis met reuse vensters wat jou laat voel asof die woud tot reg binnein jou slaapkamer is. 'n Hout wandelpaadjie kronkel van hier af deur 'n ongelooflike verskeidenheid bome en rankplante vir tweehonderd meter tot onder by die meer.

Begeef ek my toe mos gister in 'n staptoer in. My gids, Lucky (beslis gelukkig om in so 'n plek te kan bly!) het hier in die woud grootgeword, en ken elke voëltjie by die naam. Ek staan verstom as ek luister hoe hy die geluide van

die voëls perfek namaak. Ons durf die "berg" aan (eintlik 'n reuse, oeroue sandduin), en die sweet begin my aftap. Die humiditeit is ondraaglik - jy kan skaars glo dat dit in die middel van die winter is, waar die res van die land sit en bibber onder komberse! Lucky hou 'n stewige pas vol, en ek moet net draf om by te bly. Ek peper hom met vrae: watter boom is dit dié? En kan jy dáárdie bessie eet? Wie se spore lê hier? En Lucky gee al die regte antwoorde. Ons paadjie kronkel deur woude waar daar baie selde sonlig kom. Ek vergaap my aan elke plant en struik en boom, en ek vergeet amper dat ek besig is

om te vergaan van die drukkende hitte in hierdie broeikas.

Lucky raak haastig, want die fossiele wat hy my wil wys is nog vêr. Seekoeimis lê plek-plek in die paadjie, en ek begin uitkyk vir 'n klimbare boom. Lucky verseker my dat hulle net snags hier rondloop. Oral is die bos omgeploeg waar die bosvarke wortels gegrawe het, en die spore van allerhande soorte bokke deurkruis ons paadjie. "Aldrie duikersoorte kom hier voor", vertel Lucky, "rooi-, blou- én grysduikers, en dan kry jy boonop nog die rare soenie óók hier."

Stadig sak ons af na die vlak van die meer. Skielik gooi die woud sy deure wawyd oop, en die uitgestrektheid van die meer lê voor my. Op die strand staar 'n eensame blouwildebees ons wantrouig aan. In die verte herken ek vier gestreepte spikkeltjies as sebras. Ons stap 'n entjie strand-op. 'n Twintigmeter-hoë sandduin wat byna vertikaal die lug in toring, trek my aandag. Die duin is deurtrek met lae van klip. Aan die voet van die duin lê klippe verstrooid. Ons stap nader, en tot my verbasing moet ek sien dat die "klippe" eintlik fossiele is - reuse skulpe en slakke van alle soorte, verewig in klip. Ek hoor

Lucky iets sê van hoeveel honderde-miljoen jare hierdie goed oud is, maar ek kan nie so vêr tel nie. Net waar jy kyk is daar fossiele - duisende-der-duisende. Ek bekyk die duin, en ek wonder hoeveel duisende - moontlik miljoene fossiele daar steeds opgesluit lê. Ons stap vir 'n volle kilometer langs die strand af, en oral waar jy trap lê hierdie oeroue klipdiere.

"En hier eindig dit", kondig Lucky aan. Verder is daar nêrens 'n teken van fossiele nie. Wat sou maak dat daar net in daardie kilometer-strook fossiele is, en verder niks? Een van die raaisels

van die lewe. Lucky beduie na die anderkant van die meer - so vêr dat jy dit skaars kan sien - en hy vertel dat jy tot 'n jaar gelede nog droogvoets hier kon deurstap. Hulle het selfs met motors hier deur gery! Moeilik om te glo as jy hierdie massa water sien.

Ons verlaat die strand terwyl vier sebras luidrugtig giggel vir die een of ander vuil grap, en skielik is ons weer in die digte woud. Hier en daar stop ons om te proe aan veldvrugte - party stroopsoet, ander bitter. Dit raak stil, en soos ons deur die woud kronkel, raak ek verstrengel in my gedagtes, nes die rankplante wat al

kronkelend deur die blaredak verdwyn. Daardie fossiele, wonder ek - hoe oud is hulle werklik? En hoe oud is die skepping? Sommige gelowiges glo dat die skepping slegs sesduisend jaar oud is, terwyl ander weer glo dat dit vyftien-duisend-miljoen jaar gelede gebeur het. En albei glo dit is Bybels-korrek. Die Bybel laat 'n mens met so baie vrae wat niemand bevredigend kan antwoord nie. Was Adam en Eva die enigste mense? Hoe lank was die skeppingsdae? Het Metusalag werklik amper 'n duisend jaar oud geword? Was daar werklik 'n sondvloed soos die Bybel dit

beskryf? Was Jona werklik deur 'n vis ingesluk? Iemand skryf nou die dag vir my dat haar pastoor gesê het dat 'n mens gladnie eers die Ou Testament moet lees nie, omdat dit nie meer relevant is nie - dit maak jou net deurmekaar!

Ons stop by 'n struik: "Sweepstok", noem Lucky hom. Sy klein swart bessies vul my mond met sy heerlike soet geur. Die Bybel is deurweef met heuningsoet skatte - beloftes wat jou sprakeloos laat van verwondering. Ook die Ou Testament is deurtrek van hierdie wonderlike gedagtes wat alleen daar kon kom deur Goddelike

inspirasie, en wat vandag in ons moderne lewe vir ons sprankelend nuut en relevant is.

Die vlammende blomme van 'n Kaapse Heuningdou is verweef deur die massa sprankelende wit blomnetjies van 'n Sandwoud Noemnoem, en die soet geur vul elke gaatjie in die woud. Ek asem die hemelse geur diep in my longe in.

Die soet geur van die Heilige Gees is net so verweef deur die hele Bybel. Die tergende vrae raak nietig, en verdwyn wanneer 'n mens die groter prent van die Bybel sien, en die boodskap van die Bybel verstaan. Jona en

Adam en Metusalag verdwyn in die grootheid van die Skrif, as jy na die onmeetlike groter prent begin kyk. Dit is soos om hierdie woud waardeur ek stap te probeer ontsyfer - die miljoene der miljoene bome en struike wat hier groei, en die ontsaglike meer wat dit omring, met sy ontelbare inwoners. Maar as jy na die geheelbeeld kyk, dan maak dit sin, en jy kan jou maar net daarin verwonder. So moet jy die geheelbeeld van die Bybel sien, en in verwondering en aanbidding neerval voor die Outeur daarvan.

Uitgeput, dors en oorverhit strompel ek die huis binne, maar

tevrede, en met 'n wete dat my siel verkwik is.

Gebed:

Here, dankie vir al U handewerke!

# 37 Die Kat Kom Weer

1 Petrus 5:8-11

Marloth Park se Leeus was oor die afgelope klompie jare kort-kort in die nuus. Nou vir die arme oningeligtes wat nie hierdie paradys ken nie - dit is ‘n vakansiedorp aan die suidgrens van Oom Paul se Wille Krugertuin. Vir baie jare was dit net die Krokodilrivier wat hierdie dorp van al die kriepiekrôlies wat ‘n mens kan opvreet, geskei het. En toe kom span Parkeraad ‘n elektriese heining, om glo die bek & klouseer uit te hou. En daar is al ons pret bederf!

Voor daardie veelbesproke heining het die leeus op ‘n kol sommer lêkker amok gemaak, en hulle het gesorg dat die adrenalienvrate oorgenoeg kry om hulle dolgelukkig te hou, en die bangbroeke het selde hulle neuse by die deur uitgesteek. Om jou ‘n idee te gee van hoe dit gegaan het: Een aand sit ons saam met vriende buite onder die ou knoppiesdoring ‘n vleisie en braai. Die leeus begin brul, en later is hulle sommer bitter naby, en ek voel half kriewelrig. Maar ons byt vas en bly sit in die halfdonker. Die volgende oggend vroeg toe ons gaan stap, kry ons daardie groot kat se spore nie

eers vyftig treë van waar ons gesit en braai het nie!

En dan was daar Ds. Freddie Bloem wat die oggend vir ‘n wandeling gegaan het. Met 'n lied in die hart durf hy die oorgroeide bospaadjie aan. Sy gedagtes is lankal nie meer hier op moeder-aarde nie, en hy sien skaars wat voor hom in die pad aangaan. Skielik is dit asof iemand hom op die skouer tik en sê: “Haai Freddie! Kyk voor jou!” En hy kyk. En wat hy daar sien vul hom met angs en afgryse. Vlakvoor hom, nie drie treë van hom af nie, staan 'n leeuwyfie. Sy instinkte sê vir hom: “Hárdloop

maat, so vinnig as wat jou beentjies jou kan dra!” Maar 'n stemmetjie hier diep binne in hom sê vir hom: “Staan dóódstil, of sy vreet jou op!” Hy het versteen bly staan (nie uit eie, vrye wil nie!), en uiteindelik het die leeu die aftog geblaas en al brommend, druipstert in die bos in verdwyn.

Dit was in dieselfde tyd wat ‘n veiligheidswag met sy trapfiets een jolige aand gaan kuier het, en tussen ‘n trop leeus ingery het. Hy was baie gelukkig om met sy lewe daarvan af te kom, en met ‘n paar baie liederlike bytplekke. ‘n Tweede man is aan die arm gegryp toe hy in die leeus

vasgeloop het, maar ook hy het ontsnap - wonderbaarlik! Die derde kêrel was nie so gelukkig nie - hy was op ‘n diefstal-ekspedisie, en terwyl hy met sy buit deur die veld loop, sê tá: “Hoezit!”. En hy vreet hom net daar op.

Natuurlik was die inwoners van Marloth Park in die wolke oor die nuwe, baie suksesvolle vierpotige sekuriteitstelsel. Maar die owerhede was minder in hulle noppies, en toe besluit hulle dat hierdie katte moet waai. Dis net toé wat die splinternuwe gesofistikeerde elektriese heining sy beslag kry - een waardeur g’n

leeu ooit sou deurwurm nie. Die leeus is gevang en in die Kruger Wildtuin vrygelaat, maar hierdie owerhede het nie rekening gehou met die katte se bondgenote - die vlakvarke nie. Hulle het ‘n soort kontrak gesluit met die leeus - hulle sou die gate onder die heining grawe, en die leeus kon vrye toegang kry - sommer net die volgende dag nog!

Toe bedink die owerhede ‘n baie slim plan. Hulle vang weer die leeus en hulle ry met hulle diep in die wildtuin in, tot by Satara, ‘n volle honderd kilometer van hulle tuisdorp af. Nou is alles veilig, en die diewe kan rustig hulle nagtake

uitvoer. Maar niemand het rekening gehou met die feit dat leeus katte is nie, en boonop gróót katte wat gróót treë kan gee! Die stof het skaars gaan lê, toe sê dieselfde trop leeus een mooi nag met ‘n donderende gebrul: “Ons is terug!”

Die kat kom weer!

Of daar op die oomblik leeus in die dorp is - ek sal nie weet nie. Maar ek het hulle nou die aand bitter naby hoor brul. Ek kan maar net raai......

Ou Petrus het gewaarsku in sy eerste brief (1 Petrus 5:8): “Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel loop rond soos ‘n

brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.”. So dikwels haak ons vas by hierdie gedagte, en dan leef ons in vrees en bewing vir die duiwel. Petrus het egter nie hier opgehou skryf nie - hy gaan voort: “Bly standvastig in die geloof en staan hom teë.”. Met ‘n leeu beteken dit dat jy uit sy pad uit bly. Met die duiwel beteken hierdie “teëstaan” presies dieselfde. Bly bloot weg van die dinge waar die duiwel ‘n vinger in het. As jy ‘n swak vir drank het, bly jy weg van ‘n kroeg af, al beplan jy ook net om ‘n koeldrank daar te drink. Vermy situasies waar jy weet dat jy dalk in die versoeking kan kom. As jy

egter per ongeluk in ‘n leeu vasloop, moet jy vasstaan en hom in die oë kyk - dit werk! Vra maar vir Ds. Freddie! Dieselfde geld vir die duiwel: as jy die dag in die duiwel se kloue inloop, kan jy vasstaan met die wete dat jy op die wonderbare krag van Jesus kan staatmaak. Moenie swig voor sy tierade nie - jou geloof in Jesus sal jou daardeur dra, en net soos ‘n leeu druipstert sal omdraai, so sal die duiwel ook druipstert moet omdraai en die aftog blaas.

Gebed:

Here, ons kan nie genoeg bid vir U wonderlike bewaring teen die

aanslae van die duiwel nie. Gee ons die moed en krag om hom teen te staan.